# DIE DAISYFIELD - INRIGTING: 1910 - 1948.

d e u r

M.D. MAREE.

Verhandeling aangebied ter voldoening
aan die vereistes vir die graad M.Ed.
van die Potchefstroomse Universiteit
vir C.H.O.

Promotor: Prof. dr. J. Chr. Coetzee.

# V O O R W O O R D

Langs hierdie weg is dit 'n eer en groot voorreg om besondere dank te betuig aan prof. dr. J. Chr. Coetzee van die Potchefstroomse Universiteit vir christelike Hoër Onderwys, onder wie se bekwame en simpatieke leiding hierdie ondersoek begin en voltooi is: kosbare tyd, inspirasie en rype wetenskaplike leiding is tot my diens gestel. Sy opofferinge word baie waardeer.

Verder is veel dank verskuldig aan ds. A.F. Louw jnr., direkteur van Bothashof-Inrigting, ds. Minnaar van Sinoia, scriba van die Ring van Bulawayo en die Argivaris van die N.G. Kerk-argief te Pretoria vir die dienste wat gelewer is om die bibliografie te bekom en tot my beskikking te stel.

Ten slotte ook 'n besondere woord van dank aan dr. H. Venter van die Potchefstroomse Universiteit vir christelike Hoër Onderwys vir hulp met die taalversorging van hierdie verhandeling.

Potchefstroom.
5 Januarie 1954. M.D. Maree.

# INHOUD.

## HOOFSTUK 1.

Bladsy

STIGTING EN EERSTE JARE VAN DIE WEESHUIS OP BULAWAYO: 1910 - 1913. 1 - 11

1. Inleiding 1
2. Aanleidende faktore tot die stigting van 'n weeshuis. 1 - 3
   a. Algemene toestand van armoede en ontbering 1.
   b. Versorging van die wese as roeping van die kerk. 1.
   c. Leidende persone in die stigtingsgeskiedenis. 2.
3. Stigting van die weeshuis. 3 - 4.
   a. Eerste konkrete besluit. 3.
   b. Gelde. 3.
   c. Die gebou in gebruik geneem. 4.
4. Groei van die weeshuis. 4 - 6.
   a. Kinders. 4.
   b. Finansies. 5.
5. Organisasie. 6 - 8.
   A. Doel. 6
   b. Grondreëls. 6.
   c. Direksie. 6.
   d. Personeel. 7.
6. Onderwys. 8 - 10
7. Nasorg. 10.

## HOOFSTUK 11.

'N NUWE BEGIN OP DAISYFIELD: 1914 - 1916. 10 - 24

1. Verskuiwing na Daisyfield. 10-14
   a. Inleiding. 10.
   b. Voorlopige besluite. 12.
   c. Redes vir verskuiwing. 12.
   d. Onderhandelinge. 13.
   e. Ds. Smuts oorlede. 14.
   f. Bouwerksaamhede. 14.
2. Groei van die weeshuis. 15 - 20.
   a. Kinders. 15.
   b. Finansies: gelde, boerdery, handelsregte, Bulawayo weeshuisgeboue. 16.
   c. Organisasie en bestuur. 20.
3. Onderwys. 20 - 24.
   a. Probleme. 20,
   b. Onderwysers. 21.
   c. Leerlinge. 22.
   d. Geboue. 23.
   e. Leerplan: tegniese onderwys, middelbare onderwys. 23.

## HOOFSTUK 111.

**'N BREER BESTUUR: DAISYFIELD ONDER SORG EN TOESIG VAN DIE RHODESIESE GEMEENTES 1917 - 1921.** 25 - 43.


1. Inleiding. 25 - 26
   - a. Behoefte aan 'n breër verteenwoordigende Bestuur. 25.
   - b. Die Reglement. 26.
2. Bestuur en organisasie. 26 - 29
   - a. Naam. 26
   - b. Doel. 26
   - c. Bestuur. 26
   - d. Wysiginge in die Reglement. 27.
3. Groei en ontwikkeling. 29 - 33.
   - a. Kinders. 29
   - b. Akkomodasie. 30
   - c. Personeel. 32
4. Finansies. 34 - 37
   - a. Gelde. 34
   - b. Boerdery. 37
5. Onderwys. 37 - 42.
   - a. Baanbrekerswerk. 37
   - b. Voertaal. 38
   - c. Geboue. 38
   - d. Onderwysers 39
   - e. Inhoud van die onderwys. 40
6. Nasorg. 42 - 43


## HOOFSTUK IV.

**DIE DAISYFIELD-INRIGTING ONDER BESTUUR VAN DIE RING VAN BULAWAYO: 1922 - 1928** 44 - 45


1. Inleiding. 44
   - a. Behoefte aan 'n meer verteenwoordigende Bestuur. 44
   - b. Stigting van die Ring van Bulawayo. 44
   - c. Die Daisyfield-inrigting deur die Ring van Bulawayo oorgeneem. 44
2. Bestuur en organisasie. 45 - 50
   - a. Nuwe Statute. 45
   - b. Naam. 45
   - c. Doel. 45
   - d. Bestuur. 46
   - e. Plaaslike organisasie. 49.
3. Groei en ontwikkeling. 50 - 55
   - a. Kinders. 50
   - b. Akkomodasie. 53
   - c. Personeel. 54.
4. Finansies. 55 - 58
   - a. Gelde. 55
   - b. Boerdery. 56
   - c. Ander gereelde bronne van inkomste. 57.

5. Onderwys. 58 - 62

a. Die Probleme. 58
b. Tegniese onderwys. 58
c. Middelbare onderwys. 60
d. Onderwysers. 61
e. Geboue en meublement. 62

6. Nasorg. 62 - 63

## HOOFSTUK V.

DIE DAISYFIELD-INRIGTING ONDER DIE SORG VAN DIE N.G. KERK VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT: 1929-1938 64 -100

1. Inlywing van die Rhodesiese gemeentes by die Kerk van die Oranje-Vrystaat. 64 - 65
2. Bestuur en Organisasie. 65 - 69

a. Hersiene Grondreëls. 65
b. Doel. 66
c. Bestuur. 66

3. Groei en ontwikkeling. 69 -88

a. Kinders. 69
b. Personeel. 76
c. Geboue. 84

4. Finansies. 88-94

a. Gelde. 88
b. Boerdery. 92
c. Ander bronne. 93
d. Samevatting. 93

5. Onderwys. 94-99

a. Probleme. 94
b. Geboue. 95
c. Onderwysers. 96
d. Tegniese onderwys. 97
e. Middelbare onderwys. 98

6. Nasorg. 99-100

## HOOFSTUK VI.

DIE LAASTE JARE OP DAISYFIELD. 101-132

1. Inleiding. 101-114

a. 'n Krisistydperk. 101
b. Die „Kerk-Skool"-ooreenkoms. 111

2. Bestuur en organisasie. 115-117

3. Groei en ontwikkeling. 117-120

a. Kinders. 117
b. Personeel. 118
c. Geboue. 119

4. **Finansies.** 120-121

5. Onderwys. 121-126

a. Probleme. 121
b. Leerlinge. 122
c. Geboue. 123
d. Onderwysers. 124
e. Tegniese onderwys. 125
f. Middelbare onderwys. 125

6. Nasorg. 126

7. Verskuiwing na Bothashof. 126-132

# HOOFSTUK 1.

## STIGTING EN EERSTE JARE VAN DIE WEESHUIS TE BULAWAY: 1910-1914.

### 1. Inleiding.

Die stryd van die ontwrigte en verowerde Afrikaner in die na-oorlogsjare aan die begin van die twintigste eeu was nie net beperk tot suid van die Limpopo nie. Ons vind dieselfde stryd ook net so fel oorkant die Limpopo: 'n ekonomiese stryd om selfstandige bestaan maar ook 'n ideologiese stryd om handhawing van die Afrikaner se eie volksaard: sy tradisies, godsdiens, onderwys en taal. Die enigste kampvegter vir hierdie Afrikanerbeginsels in die Noorde is ewe-eens die kerk, en die middel is die skool. Dit is daarom dat die wel en wee van die Afrikanergemeenskap in Suid-Rhodesië so nou verbonde is aan die alombekende Daisyfield-Inrigting. Daisyfield is 'n sinnebeeld van durf en deursettingsvermoë van gebedsvolharding en geloofsvertroue, 'n blywende monument vir die belangstelling en ywer van die Afrikaner in die opvoeding van sy kind.

### 2. Aanleidende faktore tot die stigting van 'n weeshuis.

a. Algemene toestand van armoede en ontbering.

Net soos suid van die Limpopo is die Afrikanergemeenskap ook in die Noorde in die eerste jare van die twintigste eeu gewikkel in 'n hewige finansiële worsteling ten einde te voorsien in die noodsaaklikste lewensbehoeftes en daarby bevind hulle hulle in 'n woeste streek blootgestel aan die gevare en ontberinge van 'n ongetemde koorswêreld: ,,De gemeenten in Rhodesia zijn maar nog in wording. Men heeft met bijzondere moeilijkheden en omstandigheden te kampen. Onze menschen zijn arm en wonen meestal ver uit elkaar ........ De meesten zijn nog niet gevestigd, maar zwerven rond"1). Onder sulke omstandighede is die probleem van die versorging van wees- en verwaarloosde kindertjies 'n natuurlike gevolg, 'n taak waartoe die N.G. Kerk in Rhodesië hom geroepe geag het.

b. Versorging van die wese as roeping van die kerk.

Sedert die stigting van die eerste weeshuis in Suid-Afrika in 1814 deur die N.G. Kerk is die versorging van die weeskind 'n taak wat getrou en na die beste van sy vermoë deur



dié........./

1). J.N. Geldenhuys in 'n brief in De Kerkbode, 25 Febr. 1909,

dié Kerk behartig is. Toe reeds het die Kerk ook as roeping aanvaar om ,,armblanke, nie-onegte kinders, wat hulle ouers verloor het, of deur hulle ouers nie onderhou kan word nie of verwaarloos word, op te neem, en vir hulle toekoms na vermoë te sorg"1). Vir die weeskind staan die deure van alle kerke en en selfs sektes oop, sodat die kerk maklik sy lidmate op hierdie wyse verloor. Veral in 'n land soos Rhodesië, waar daar alreeds soveel ander gevare van kerkloosheid bestaan het, was dit dringend noodsaaklik dat die kerk ook daar sy beskermingsbeleid ten opsigte van die wees- en verwaarloosde kind sou toepas. Dit is om hierdie rede dat die leraars van die N.G. Kerk in Rhodesië hulle beywer het vir die stigting van 'n weeshuis op Bulawayo. Om dieselfde rede het die weeshuis later ook die steun en belangstelling geniet van die N.G. Kerk in Rhodesië sowel as in die Unie.

c. Leidende persoonlikhede in die stigtingsgeskiedenis.

Veral in ds. J.N. Geldenhuys, die eerste gevestigde predikant te Bulawayo, en later eerwaarde A.J. Botha, hulpleraar in dieselfde gemeente, het die wees- en verwaarloosde kind van Rhodesië twee onvermoeide kampvegters gevind. So vroeg as 1906 het ds. Geldenhuys die beskrywingspunt op die sinode verdedig dat die sinode 'n kos- en industrieskool op Bulawayo moes oprig ten einde die armblankes van Rhodesië óf gratis óf so goedkoop moontlik, na die geval mag wees, te laat oplei[2].

Die volgende jaar is op 'n kerklike konferensie 'n opvoedingsfonds in die lewe geroep en is daar ook besluit om 'n kosinrigting te Bulawayo vir hoër of industriële onderwys op te rig. Die sinodale kommissie was egter nie hiervoor te vinde nie, om die eenvoudige rede dat die nodige middele vir so 'n ondervinding nie beskikbaar was nie. Hulle het slegs kans gesien om eenvoudige kosskole aan te beveel vir kinders van verafwonende ouers[3]. Dit was al 'n belangrike stap in die regte rigting, en dit het ds. Geldenhuys die geleentheid gebied waarna hy gesoek het.

In 1909 is eerwaarde A.J. Botha as hulpleraar in Bulawayo bevestig. Dit het beteken dat die gemeente beter georganiseer kon word en dat ds. Geldenhuys die geleentheid sou kon vind om

sy ........./

-3-

1). Greyling: N.G. Kerk en Armsorg, 159.
2). Acta Synodi: 1906, 10.
3). Olivier: Ons Kerk in Rhodesië, 318.

syideale met betrekking tot die sorgbehoewende kind in Rhodesië daadwerklik aan te durf en te verwesenlik. Hy het trouens in eerwaarde Botha 'n ywerige medewerker ook vir hierdie ideaal gevind. Die stigtings- en ontwikkelingsjare van die Daisyfield-inrigting is dan ook ten nouste saamgeweef met die naam van die opregte kindervriend en onvermoeide arbeider in die toegewyde diens van sy Meester en medemens, eerwaarde A.J. Botha.

Kort na sy aankoms in Rhodesië het eerwaarde Botha twee blanke kindertjies, wie se ouers albei aan koors oorlede is tydens 'n jagekspedisie, onder sorg van naturelle aangetref. Hy het hulle onverwyld met hom saamgeneem en onder sy persoonlike sorg geneem. Die aantal verwaarloosde kindertjies onder sy sorg het mettertyd aangegroei tot agt, en daar het nog baie van hulle verstrooid in die gemeente gewoon. 'n Inrigting waar sulke kinders versorg kon word, was nou 'n allernoodsaaklikste behoefte.

## 3.
## Stigting van die Weeshuis.

a. Eerste konkrete besluit.

Die groot behoefte van wees- en verwaarloosde kinders is weereens onder die aandag van die Kerkraad van Bulawayo gebring, en op 10 Januarie 1910 is die eerste konkrete besluit geneem toe die Kerkraad aan ds. Geldenhuys enige maande verlof toegestaan het met die opdrag om te gaan kollekteer ten einde gelde byeen te kry om 'n inrigting vir wees- en verwaarloosde kinders op te rig[1]. Dit is dus baie duidelik dat reeds vanaf die vroegste begin die inrigting nie alleen vir die weeskind nie maar ook vir die verwaarloosde kind bedoel was.

b. Gelde.

In die Kaaplandse gemeentes het ds. Geldenhuys etlike maande vertoef om gelde in te samel vir die inrigting. Die prentjie wat hy van die verwaarloosde blanke kinders in Rhodesië geskilder het, was alles behalwe rooskleurig. In 'n telegram in Ons Land deur middel van Reuter se agentskap het die Administrateur van Suid-Rhodesië dit as oordrewe bestempel en die bestaan van sulke toestande sonder meer ontken. In antwoord hierop het ds. Geldenhuys in 'n artikel in De Kerkbode verklaar dat dit slegs die volle waarheid is wat hy tydens sy rondreise in Kaapland verklaar het[2].

Die........../



1). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 10 Jan. 1910, 55.
2). De Kerkbode, 22 Sept. 1910, 5.

Die geld het letterlik ingestroom as gevolg van die sending van ds. Geldenhuys. Op 1 September 1910 is die bedrag van byna £900 reeds erken en gedurende die daar opvolgende drie maande is 'n verdere £500 ontvang[1].

c. Gebou in gebruik geneem.

Op 25 Julie 1910 is 'n boukommissie deur die Kerkraad benoem, bestaande uit die here B.J. Bester, J.F. Dreyer, A.C. Burnet en ds. Geldenhuys. Hierdie Kommissie het ywerig aan die werk gespring, en op 30 Januarie 1911 kon die weeshuis op standplaas 372, net langs die kerkgebou, in gebruik geneem word. Hierdie gebou het huisvesting vir veertig kinders gebied.

## 4.
## Groei van die Weeshuis.

a. Kinders.

Met die ingebruikname van die gebou het nege weeskinders dadelik hulle intrek geneem, en in die daaropvolgende maande het hulle getal verbasend vinnig toegeneem: in Februarie is 'n verdere dertiental opgeneem, in Maart een, in April agt, in Julie een en in Augustus sewe. Dit het die totaal op 39 gebring, en die weeshuis was dus binne agt maande vol. Huisvesting was reeds sedert sy vroegste bestaan een van die belangrikste probleme van die inrigting. Dit bewys ook dat die toestand met betrekking tot die verwaarloosde en weeskinders in Rhodesië alles behalwe gerusstellend was.

Die Kerkraad het 'n komitee benoem wat belas was met die keuring van kinders vir opname in die weeshuis. Hulle het besluit om nie alleen weeskinders op te neem nie maar ook sorgbehoewende kinders, dit wil sê kinders van wie die ouers finansieel en sedelik nie in staat was om hulle tuis behoorlik op te voed nie. Omdat die kerkskole nou maar pas doodgeloop het [2], en die staat nog nie sentrale losieshuise aangebou het nie, is dit te verstaan dat talle aansoeke om opname van hulle kinders in die inrigting ook van vermoënde ouers ingestroom het. Sulke aansoeke kon egter nie oorweeg word nie, hoofsaaklik omdat die wees- en sorgbehoewende kind die eerste verantwoordelikheid van die inrigting was en omdat die beperktheid van huisvesting dit

nie......./

-5-

1). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 12 Sept. 1910, 61.
2). Olivier: Ons Kerk in Rhodesië, 318.

nie toegelaat het nie. Dit was steeds die taak van die Komitee om baie sorgvuldig ondersoek in te stel met betrekking tot die aansoeke wat voortdurend ontvang is. Vanselfsprekend het die inrigting al dadelik baie gewild geraak by die publiek van Bulawayo en talle blyke van welwillendheid is getoon, soos vrywillige hulp en bydraes in alle vorme: vry mediese dienste is gelewer deur dokters Strong en Hard, gratis toegang tot die Empire-teater is aangebied, kersboomfeeste is georganiseer deur 'n paar teologiese studente van Stellenbosch tydens vakansies aldaar. Aanbiedinge is ook ontvang om kinders tydens vakansies te neem, en die eerste proefneming om kinders by vertroude huisgesinne met vakansies uit te plaas is in die Junievakansie van 1912 gedoen. Sedertdien het dit 'n vaste instelling geword.

Die getalle het steeds toegeneem, en mettertyd het die probleem van huisvesting baie ernstig geword. In 1912 berig ds. J. van Aarde Smuts in dié verband dat eerwaarde Botha en hy die hande steeds vol het, te meer omdat die getal kinders in die weeshuis steeds toeneem. Die feit dat die weeshuis heeltemal te klein is, veroorsaak groot kommer. Sewe-en-dertig weeskinders moet in vier kamers slaap, waarvan die grootste 16 by 14 voet is. Dan is daar nog baie sorgbehoewende kinders in die gemeente wat erg verwaarloos is en in die grootste armoede verkeer. Hulle moet gehaal word, maar daar is geen plek vir hulle nie [1]. In Maart 1912 het die Kerkraad onderhandel om nog 'n standplaas aan te koop, en vanaf 1 Januarie 1913 is 'n gedeelte van die pastorie van ds. Smuts gehuur teen £6 per maand vir addisionele huisvesting vir die weeskinders, en in Mei van dieselfde jaar het die Direksie van die weeshuis eerwaarde Botha op 'n kollektetoer gestuur ten einde die weeshuis te vergroot.

b. <u>Finansies</u>.

Tot op 10 Februarie 1911 is 'n totale bedrag van £1,572 in die vorm van vrywillige bydraes hoofsaaklik uit die Kaaplandse gemeentes ontvang, terwyl die koste vir geboue, meublement en andere bereken is op £1,630. Die inrigting het dus begin met 'n skuldelas van £60, terwyl die lopende uitgawes beraam is teen £20 per kind per jaar. Die kinders is heeltemal gratis opgeneem en versorg, sodat die inrigting geheel en........./



1).Ds. J.v.A. Smuts in 'n brief in <u>De Kerkbode</u>, 21 Mrt. 1912, 2.

en al afhanklik was van vrywillige bydraes, daar die Suid-Rhodesiese goewerment op hierdie stadium pertinent geweier het om dit geldelik te steun.

## 5.
## Organisasie.

a. Doel.

Reeds tydens sy Kaaplandse kollektetoer in 1910 het ds. Geldenhuys die doel van die voorgenome weeshuis baie duidelik gestel: ,,Mijn doel is een inrichting daar te stellen voor weezen en verwaarloosde blanke kinderen - een toevluchtsoord waar ze verzorgd en christelijk opgevoed zullen worden, en tevens ook opgeleid zullen worden tot een of ander werk of ampt, om later instaat te zijn voor zichzelven te kunnen zorgen" 1). Dus nie alleen liggaamlike en geestelike versorging nie maar ook een of ander tegnologiese opleiding is beoog. Laasgenoemde sou egter eers veel later op Daisyfield verwesenlik kon word.

b. Grondreëls.

Met die ingebruikneming van die geboue op 30 Januarie 1911 is die grondreëls van die Kindertehuis van Langlaagte in sy geheel en sonder enige wysiginge voorlopig aanvaar as die grondreëls vir die weeshuis van Bulawayo 2). Nes in die geval van die weeshuis op Langlaagte 3) was die weeshuis op Bulawayo 'n gemeentelike onderneming. Die ds. Geldenhuys was waarskynlik net soos ds. A.P. Kriel, stigter van die Langlaagte-Kinderhuis 4), van mening dat die weeshuis op Bulawayo voortdurend onder die Kerkraad van die Gemeente van Bulawayo sou ressorteer, en gevolglik is die finale beheer van die Weeshuis aanvanklik in die hande van die Kerkraad van Bulawayo toevertrou.

c. Direksie.

Omdat die organisasie en werksaamhede van die inrigting te veel aandag en optrede vereis het, het die Kerkraad 'n direksie benoem om die sake van die weeshuis te behartig. Die eerste Direksie het bestaan uit die predikant van die gemeente, ds. J.N. Geldenhuys, en die huisvader van die weeshuis, eerwaarde A.J. Botha, wat permanente lede van die Direksie sou wees, en drie addisionele lede (A.C. Burnett, B.J. Bester en Ign. Terblanche) wat jaarliks deur die Kerkraad gekies of herkies

sou......./

-7-

1). Ds. J.N. Geldenhuys in 'n brief in De Kerkbode, 22 Sept,1910,
2). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 30 Januarie 1911, 64.
3). Vgl. Oosthuizen: Kindersorg van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 58.
4). Idem.

sou word. Die volgende jaar is dieselfde persone herkies met uitsondering van Ign. Terblanche, wie se plek gevul is deur Thys Kritzinger.

d. Personeel.

As agerende huisvader kon niemand beter as eerwaarde Botha aangewys word nie. Dit het sy lewenstaak geword, en meer as 25 jaar lank sou die weeshuis onder sy toesig wees. Nougeset en konsensieus het hy hom steeds met onvermoeide ywer en onverdeelde belangstelling aan hierdie grootse roepingstaak gewy. Terwyl hy en ds. Geldenhuys die interne organisasie bespreek het, was laasgenoemde se bemoedigende woorde aan hom: ,,Jy hoef nooit bang te wees om die Here te vertrou vir kos en klere van die weeskind nie" 1). Hierdie geloofsvertroue sou later 'n daaglikse ervaring word. So het dit byvoorbeeld een keer op Daisyfield gebeur dat die meel vir die koshuis opgeraak het. Die bankrekening was oortrokke en, menslik gesproke, was daar geen vooruitsig op uitkoms nie. Soos gewoonlik het eerwaarde Botha hom tot sy enigste onfeilbare middel, die gebed, gewend. Dieselfde dag is op Daisyfieldstasie 'n paar sakke meel vir die weeshuis afgelaai, afkomstig van 'n onbekende weldoener uit Kaapland.

Die organisasie en werksaamhede van die huisvader het baie van sy tyd in beslag geneem, sodat die Direksie as blyk van waardering besluit het om vanaf 1 September 1910 'n bonus van £25 per maand aan hom toe te ken vir sy dienste in verband met die weeshuis 2).

Op 15 Januarie 1912 moes selfs 'n assistent, naamlik mnr. Thys Kritzinger, aangestel word 3) en op 17 Augustus was dit nodig om 'n tweede huisvader aan te stel 4).

Ses maande na die stigting van die weeshuis moes ds. Geldenhuys om gesondheidsredes na die Unie terugkeer. Sy groot taak in Rhodesië was voorlopig volbring, en die wees- en verwaarloosde kinders van sy volk in Rhodesië was versorg. Dit was met leedwese dat die gemeente van hom afskeid geneem het: ,,Aan ds. Geldenhuys, en zijn liefdearbeid onder ons wordt steeds met dankbaarheid gedacht, vooral in het weeshuis" 5).

Agt......./



1). Olivier: Ons Kerk in Rhodesië, 46.
2). Notule van die Direksie, 28 Aug. 1911, 400.
3). Ibid., 15 Jan. 1912, 404.
4). Ibid., 17 Aug. 1912, 408.
5). Eerw. A.J. Botha in 'n brief in De Kerkbode, 25 Jan, 1912, 8.

Agt maande later het ds. J. van Aarde Smuts in Bulawayo gearriveer om die groot werk van ds. Geldenhuys voort te sit. Reeds met sy aankoms het die weeshuis 'n diep indruk op hom gemaak, en hy berig soos volg: ,,van het station ging men naar het weeshuis, waar het zingen van ,O goedheid Gods nooit recht geprezen' nog verder de blijdschap van het hart openbaarde" 1). Sy diensstyd was kort dog uiters vrugbaar. In Maart 1914 is hy aan koors oorlede. Toe hy die plaas by die Daisyfieldhalte, ongeveer 70 myl van Bulawayo wat vir die nuwe weeshuis aangekoop is, per trapfiets besoek het om die geskikste plek vir geboue, lande en dergelike meer te besigtig, het sy swak gesondheid 'n verdere knou gekry, en kort daarna is hy op jeugdige leeftyd oorlede.

6.

Onderwys.

Op die gebied van onderwys het die kerk hom reeds jare lank beywer vir die behoud van die Christelik nasionale beginsels. Die finansiële laste in hierdie verband was egter oorweldigend, en een na die ander C.N.O.-skooltjie moes gesluit word 2) , maar veral aan twee grondbeginsels is hardnekkig vasgehou: onderrig van die moedertaal en die reg om minstens een simpatieke leerkrag te benoem. Onomwonde was die besluit van die Kerkraad van Bulawayo in Julie 1909, toe geen ander weg oop was om die kerkskooltjie aldaar by die staatskool in te lyf nie: ,,Besloten dat zoo een gouvernements school in Bulawayo wordt opgericht de kerkschool by die school in te lijven mits er Hollands ook wordt onderwezen" 3). In hierdie stryd op onderwysgebied het ds. Geldenhuys 'n leidende aandeel gehad. Reeds in 1906 is hy op 'n onderwyskommissie benoem om 'n wakende oog oor alle skoolsake te hou. Hierdie kommissie het veel gedoen om die kerkskooltjies op gesonde voet te plaas, maar dit was veral oor die lot van die behoeftige kind dat ds. Geldenhuys hom bekommer het. Hy het hom beywer vir die oprigting van 'n industriële skool op Bulawayo waar hierdie kinders bekwaam kon word vir een of ander ambag, dog soos reeds gemeld, het die Sinodale Kommissie nie vir die finansiële laste van so 'n onderneming kans gesien nie. Met

jeugdige....../



1). Ds. J.v.A. Smuts in 'n brief in De Kerkbode, 21 Mrt. 1912, 6
2). Olivier: Ons Kerk in Rhodesië, 318.
3). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 5 Julie 1909, 52.

jeugdige ywer het hy steeds die onderwysprobleme aangepak, en hy het klaarblyklik van ondervinding gepraat toe hy ds. C.R. Kotze van Salisbury, tydens laasgenoemde se bevestiging aldaar, soos volg gewaardeer het: ,,Jy sal spoedig in aanraking kom met die Afrikanerdom se skoolvraagstukke en 'n mens mag ook hier nie bang word nie; dog my broeder, wees maar gewapen, want stig jy vir jou 'n skool, dan stig jy vir jou moeilikhede" 1).

Met die stigting van die weeshuis het ds. Geldenhuys inderdaad veel meer beoog en ook bereik as slegs die versorging van die wees- en verwaarloosde kinders van sy volk. Dit sou ook as hoeksteen dien vir die onderwys van die Afrikanerkind in Rhodesië. Trouens in sy doel met die stigting van die weeshuis stel ds. Geldenhuys dit baie duidelik: ,,..... en tevens ook opgeleid zullen worden tot een of ander werk of ambt, om later in staat te zijn voor zichzelven te kunnen zorgen" 2). Die verwesenliking van hierdie doelstelling sou egter eers met die jare en na veel stryd 'n werklikheid word.

Aanvanklik het die weeskinders die publieke skool, bekend as ,,The Primary School", in Bulawayo bygewoon. Die medium van onderrig in hierdie skooltjie was uitsluitlik Engels, en dit was ook duidelik Engels-georiënteerd. Met die opname van die weeskinders in hierdie skooltjie het die onderwysdepartement egter op aandrang van ds. Geldenhuys en sy Kerkraad belowe dat die Direksie die reg sou hê om 'n Hollandse onderwyser(es) te benoem wat in die weeshuis kon loseer en die studie-ure waarneem. Die regering sou hierdie onderwyser salarieer. Verder het die regering onderneem dat voldoende Hollandse onderwys verskaf sou word 3).

Hierdie beloftes is egter skromelik geminag, en dit het vir die Direksie gou duidelik geword dat by gebrek aan enige onderwys in Hollands en 'n eie onderwyser, hulle pogings tot rehabilitasie van die Afrikanerkind gestrem word. Onder voorsitterskap van ds. Smuts het die Direksie besluit om sekere mej. Hauptfleisch aan te stel as Hollandse onderwyseres, ,,hetsij in de Primary school of hetsij privaat en haar uit de weeshuisfondsen te salarieeren"4). Verder is besluit om by die

regering...../



1). Olivier: t.a.p, 154.
2). Ds. J.N. Geldenhuys in 'n brief in De Kerkbode, 22 Sept. 1910,5.
3). Notule van die Direksie, 22 Julie 1912, 406. vgl. ook Olivier: Ons Kerk in Rhodesië, 320.
4). Notule van die Direksie, 22 Julie 1912, 406.

regering daarop aan te dring om ten minste een Hollandse onderwyser in die „Primary School" aan te stel, want „... de vergadering gevoelt zich diep verontwaardigd en innig gegrieft over de handelwijze van de Regering met betrekking tot de beloften gedaan ten tijde de opname van de Weeskinderen in de Primary School" 1). In dieselfde jaar is mnr. J. Honniball en mej. G. Steyn met die opening van 'n weeshuisskool belas. Dit was egter vir die Direksie fiansieel onmoontlik 2) om die skool te bly onderhou. Na verdere onderhandelinge met die regering is die benoeming van mej. Hauptfleisch in die „Primary School" goedgekeur 3). Die weeshuisskool self sou deur die regering oorgeneem word, maar die Direksie het voet by stuk gehou en aangedring dat een uur per dag aan Hollands gewy word en dat die onderwyser deur die weeshuis benoem word. Ook hierdie voorwaardes is aangeneem 4). Dit was die eerste ronde van 'n lang en hewige stryd met die regering oor onderwysaangeleenthede, 'n stryd wat later hewig sou ontbrand en steeds nuwe probleme sou oplewer. Hoewel die regering aan die eise van die Direksie toegegee het, was die toestand op onderwysgebied nog sorgwekkend: aan die Direksie is geen vryheid gelaat om hulle ideale op opvoedkundige, kulturele en godsdienstige gebied na te strewe nie. Die seuns is verplig om op Sondae deel te neem aan kadettedril; in die skool is geen toereikende voorsiening gemaak vir godsdiensonderwys nie en niks vir die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis nie 5).

## 7.
## Nasorg.

Getrou aan sy roeping as inrigting van die kerk het die weeshuis deur sy personeel en bestuur steeds die geestelike versorging van die kinders na die beste van sy vermoë behartig: Godsdiensoefeninge is stiptelik gehou. 'n Spesiale vleuel in die kerk is aan die weeskinders afgestaan, en etlike aansoeke om uitneming van kinders is deur die Direksie toegestaan met die voorbehoud dat die kinders eers belydenis moes afgelê het. Die Direksie was ook nog begaan oor die kind nadat hy die inrigting....../



1). Notule van die Direksie, 22 Julie 1912, 406.
2). Vgl. Malan: Naar Congoland, 23.
3). Notule van die Direksie, 8 Mei 1913, 411.
4). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 17 Aug. 1912, 86.
5). Vgl. Olivier: Die Ned. Ger. Kerk en die Onderwys in Rhodesië, 378.

inrigting verlaat het en het die inrigting ook belas met die taak van nasorg toe aan eerwaarde Botha op 8 Mei 1913 opgedra is ,,om te zien, dat de kinderen die't weeshuis verlaten, in een of ander betrekking geplaatst zullen worden" 1).

Die tweelingbroers, Jan en Mattheus Basson, wat op 29 Januarie 1912 in die weeshuis opgeneem is, het hulle later met die hulp van die inrigting vir die onderwysberoep bekwaam en is tans skoolhoofde op Somabula en Enslindeel onderskeidelik. Die arbeid en hulpverlening aan die minderbevoorregte Afrikanerkind was dus reeds sedert die stigtingsjare van die weeshuis vrugdraend, en sedertdien was die weeshuis 'n onberekenbare bate vir staat en kerk.



1). Notule van die Direksie, 8 Mei 1913, 411.

# HOOFSTUK 11.

## 'n NUWE BEGIN OP DAISYFIELD: 1914-1916.

### 1.
### Verskuiwing na Daisyfield.

a. Inleiding.

Die weeshuisgebou te Bulawayo, wat huisvesting vir veertig kinders gebied het, was veels te klein in verhouding met die groot omvang van die probleem van die wees- en verwaarloosde kinders in Rhodesië. Toe die probleem van die wees- en verwaarloosde kinders eers daadwerklik aangepak is, is die omvang daarvan eers terdeë besef: pas sewe maande na die weeshuisgebou in gebruik geneem is, was dit vol. Huisvesting moes ten alle koste uitgebrei word, want herhaaldelik moes die Direksie dringend noodsaaklike aansoeke om opname van die hand wys om die eenvoudige rede dat daar nie plek was nie.

b. Voorlopige besluite.

Reeds op 17 Augustus 1912 is 'n uitbreidingskommissie, bestaande uit ds. J. van Aarde Smuts en eerwaarde A.J. Botha benoem met die opdrag om die nodige huisvesting te vind. Vanaf 1 Januarie 1913 moes ds. Smuts 'n deel van sy pastorie aan die weeshuis afstaan. Teen hierdie tyd was die probleem van huisvesting reeds so akuut dat die Kerkraad van Bulawayo besluit het om eerw. Botha tydelik van sy pligte as evangelis in die gemeente te onthef tot tyd en wyl 'n nuwe weeshuis voltooi is 1). 'n Direkte opdrag is aan die uitbreidingskommissie gegee ,,om uit te vinden of daar gronden te verkrijgen zijn van de Regeering en Municipaliteit en tegen welke prijzen, ook uit te vinden of daar niet een geschikte plaats te krijgen is, en wat die zal kosten" 2).

c. Redes vir verskuiwing.

Onverwyld is alle pogings deur die uitbreidingskommissie aangewend tot uitvoering van hierdie opdrag. Na sorgvuldige oorweging is besluit om die weeshuis na 'n geskikte plaas te verskuif en wel om die volgende redes: ,,It was realized that a town with its restricted space and peculiar temptations, was......../

-13-

1). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 4 Okt. 1916, 96.
2). Notule van die Direksie, 17 Aug., 1912, 408.

was not the most suitable centre in which to establish an orphanage for our Afrikander children, ninety percent of whom are descended from a people in whom farming has been ingrained for generations. We believe that farming is the backbone of a country, and that the Afrikander makes an excellent agriculturist. For these reasons it was felt that as the future of the children entrusted to us lay for the most part on the land, the orphanage must be established at a point where farm training could be given. Furthermore it would be much cheaper maintaining an orphanage in the country than in a town; the Institution could grow its own vegetables, keep its own milk cows, and provide its own slaughter cattle etc." 1).

d. Onderhandelinge.

Op grond van hierdie oorweginge het die Direksie op 11 Desember 1913 met algemene stemme besluit om die weeshuis na 'n plaas te verskuif. Die eerste onderhandelings in verband met die aankoop van 'n plaas is gedoen met die Willoughby-maatskappy in Engeland. Met die oog op aankope van 'n stuk grond bekend as die Dawson-blok naby Daisyfield is per kabelgram 'n aanbod aan die maatskappy gedoen, nl. £1. 10. 0. per morg vir 'n gedeelte van die grond of £1. 1. 0. per morg vir die hele Dawson-blok, hangende die goedkeuring van die gronde deur die uitbreidingskommissie. Hierdie onderhandelings het egter op 'n dooie punt geloop. Na inspeksie van die gronde het die uitbreidingskommissie aanbeveel om die plase nrr. 5, 7 en 12 van die „Anglo French Company" aan te koop teen £1. 1. 0, £1. 5. 0. en £1. 10. 0. per morg respektiewelik. Hierdie gronde, met 'n gesamentlike grootte van ongeveer 2,000 morge, is ook geleë aan die Daisyfieldhalte, 75 myl van Bulawayo aan die hoofspoorlyn na Salisbury. Na goedkeuring van die Direksie en die Kerkraad is die uitvoering van die koop opgedra aan ds. Smuts en eerw. Botha. Hulle het dadelik handelend opgetree, en die gronde is in naam van die Kerkraad van Bulawayo aangekoop teen 'n nominale bedrag van £4,975. Op 14 Januarie 1914 het die Kerkraad dit nodig geag om die toenmalige direksielede, te wete ds. Smuts (voorsitter), eerw. Botha, die here J.L. Bester, F. Dreyer en A. Burnett, te vra om goedgunstiglik aan te bly totdat die nuwe weeshuis voltooi is.

e. Ds. ......../



1). Daisyfield Orphanage, 1914-1935, 4.

e. Ds. Smuts oorlede.

Dit was op hierdie kritieke tydstip, aan die vooraand van so 'n reuse-onderneming, dat ds. Smuts, die spil waarom die hele onderneming eintlik gedraai het, skielik oorlede is. Sy heengaan is diep gevoel deur sy medewerkers, soos duidelik blyk uit die mosie van roubeklag deur die Direksie aangeneem: ,, ...... Te meer betreuren wij den dood van onze geachte voorzitter, wanneer wij denken aan de voorgestelde uitbreidingen, de behoefte aan zijn gebeden en raadgevingen in deze kritieke tijd; om onze Inrichting een sukses te maken" 1) Dit was vir die Direksie 'n vraag of daar nog met die werk aangegaan sou word, want die voorgenome uitbreiding was veral sy voorstel, en dit was hoofsaaklik hy wat vir die vordering tot dusver verantwoordelik was. Sy raad, wat tot op daardie kritieke tyd die onderneming so 'n sukses laat blyk het, is ten seerste gemis. In geloofsvertroue het die Direksie egter besluit om met die verskuiwing van die weeshuis voort te gaan.

f. Bouwerksaamhede.

Na die aankoop van die plaas is dadelik 'n begin gemaak met die bouery. Stene is gemaak, klippe gebreek, timmerasie aangekoop, en ambagslui is in diens geneem. Eerw. Botha het na die afsterwe van ds. Smuts besef dat die verantwoordelikhede van die weeshuis meer bepaald sy eie roepingswerk is. Hy het selfs met toestemming van die Direksie met 'n paar van die groter weeshuisseuns self aan die werk gespring. Met die firma McGilroy en Grant as argitekte het 'n sierlike en stewige dubbelverdiepinggebou slegs 'n paar honderd tree van die Daisyfieldhalte verrys.

Die grootste struikelblok was egter steeds die nodige geld. Teen Juliemaand was die gelde uitgeput en moes 'n verband van £750 op die erf en geboue van die inrigting op Bulawayo geneem word asook £500 op 'n sekere plaas ,,Spes Bona," getransporteer op die naam van die Kerkraad van Bulawayo. Verder het die weduwee van wyle ds. Smuts 'n agterstallige bedrag van £400 op sy salaris deur die Kerkraad aan haar verskuldig, ook aan die Direksie geleen. Op hierdie wyse was dit moontlik om met £1,650 tot hulle beskikking weer voort te gaan met die bouery. Teen Juliemaand was die volgende ambagslui in diens van die weeshuis op Daisyfield werksaam: Mnrr. Spies (teen £20 per maand), Louw

(£15 ........./

-15-

1). Notule van die Direksie, 10 Mrt. 1914, 436.

(£15 per maand), McDonald (£15 per maand), Jacobs (£15 per maand), Blackie (£12. 10/- per maand), Botha (£15 per maand), Delport (£6 per maand), Olivier (£6 per maand) en Groenewald (£8. 10/- per maand).

Omdat die boukoste op Daisyfield so hoog geloop het, was die Direksie genoodsaak om alleen uiters dringende gevalle in die weeshuis op te neem.

Die ingebruikneming en hoeksteenlegging van die nuwe weeshuisgebou het op 13 tot 19 Augustus 1914 plaasgevind, toe baie mense met waens op die terrein saamgetrek het. Op 15 Augustus 1914 is die hoeksteen gelê deur ds. J.N. Geldenhuys, die amptelike stigter van die weeshuis vier jaar vantevore en spesiaal deur die Direksie uitgenooi vir hierdie groot geleentheid.

In September was die Direksie weer in finansiële sorge. Die ambagslui is in kennis gestel dat hulle nie langer kan aanbly as 15 Oktober nie, of die gebou klaar is of nie, aangesien die gelde uitgeput was. Aan eerw. Botha is opgedra om 'n tweede verband van £400 op die Bulawayo-erf en gebou te probeer verkry.

In November het eerw. Botha weereens met nege seuns aan die werk gespring om die gebou in gereedheid te bring, en in Desember is dit in gebruik geneem.

## 2.
## Groei van die Weeshuis.

### a. Kinders.

Vyf-en-veertig kinders het dadelik hulle intrek in die weeshuis op Daisyfield geneem, en dit sou nie lank duur nie of die ou probleem van huisvesting sou weer opduik. In Januarie is vier kinders opgeneem, in Februarie tien en in Maart weer vier, sodat die aantal binne drie maande na die ingebruikneming van die gebou op Daisyfield gestyg het tot drie-en-sestig, terwyl die gebou huisvesting gebied het vir slegs sestig kinders. Ondanks 'n besluit van die Direksie om alle aansoeke te laat oorstaan tot Januarie 1916, wanneer die kinders wat belydenis sou aflê, die weeshuis sou verlaat, is tog nog in die loop van die jaar nie minder as negentien aansoeke toegestaan nie weens die uiters dringende behoefte van die betrokke gevalle, terwyl aan talle ander kennis gegee moes word dat hulle aansoek later oorweeg sou word. Op hierdie wyse moes steeds baie sorgvuldig ondersoek ingestel word......./

word en navraag gedoen word alvorens 'n aansoek om opname toegestaan kon word. In die loop van 1916 kon slegs elf aansoeke gunstig oorweeg word, sodat die getal wees- en verwaarloosde kinders aan wie versorging gebied kon word sedert die stigting van die weeshuis, nou te staan gekom het op honderd-en-dertien.

b. Finansies.

1). Gelde.

Soos ander liefdadigheidsinrigtings van die kerk het die weeshuis op Daisyfield ook te kampe gehad met die reuse - probleem van 'n byna onoorkomelike tekort aan geld. Die inrigting moes op Daisyfield 'n nuwe begin maak met 'n swaar skuldelas van nagenoeg £4,650. Al dadelik is hierdie probleem met alle moontlike mag en middele en in alle erns aangepak. Sonder uitsondering het elke direksievergadering ure bestee aan die bespreking van hierdie aktuele probleem, wat steeds 'n struikelblok gebly het in die weg van noodsaaklike verdere uitbreiding. Pas na die begin op Daisyfield is mnr. P. Verwoerd op 'n drie maande-kollektetoer in die gemeentes waar eerw. Botha nog nie voorheen gekollekteer het nie, gestuur teen 'n salaris van £20 per maand sonder inwoning. Later is hierdie toer verleng tot vyf maande.

Ten einde die rente op die reeds aangegane skuld te vereffen was die Direksie genoodsaak om met goedkeuring van die Kerkraad die nodige geld uit die Lusaka-fonds [1] te leen op voorwaarde dat dit terugbetaal sou word sodra dit vereis word. Omdat daar geen ander uitweg was nie, is selfs die aanbod van 'n groter koopsom vir plaas nr. 12 aan die ,,Anglo French Company" gemaak as hulle bereid wou wees om plase nommers 5 en 6 teen die oorspronklike koopprys terug te neem. Die rekeninge in verband met lopende uitgawes van die inrigting het opgehoop, en selfs die salarisse van die werkers en werksters het agterstallig geraak, en boonop sou 'n skuldbewys van £500 in Augustus 1915 verval, waar voor die Direksie aangemaan is. Aan ds. P. de W. Eksteen word opgedra om pogings aan te wend om 'n verband van £3,500 op die Daisyfield-terrein en -geboue te passeer ten einde van die skuldeisers tevrede te stel en om ,,in't zuiden bij eenige welgestelden aan te kloppen voor de achterstallige salarissen en rekeningen" [2]. Ten einde raad het die Direksie op

6 November...../

-17-

1). 'n Fonds met die oog op hulp aan die gemeente in Noord-Rhodesië.

2). Notule van die Direksie, 21 Julie 1915, 20.

6 November 1915 besluit om die finansiële probleme onvoorwaardelik te laat in die hande van ds. Eksteen en eerw. Botha om handelend op te tree indien nodig en om 'n kollektereis te onderneem 1). Teen Mei 1916 was die finansiële posisie nog steeds haglik en die Direksie het gevoel dat ,,een buitengewone poging moet gemaakt worden om de schulden te verminderen en de boerdery te sterken"2 ).

Die sukses van die kollektetoer deur ds. Eksteen onderneem, was egter bemoedigend. Na sy terugkeer kon hy getuig dat ,,de harten van onze volksgenoten warm kloppen voor't werk in Rhodesië" 3). Onder andere het hy genoeg koring vir brood vir die weeshuis vir 'n hele jaar ontvang asook 'n aantal verse en oor die £100 aan geld.

Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering gehou op 25 Oktober 1916 het die Kerkraad volmag aan ds. Eksteen verleen om £3.600 op die Daisyfield-terrein en -geboue te passeer en hulleself verantwoordelik gestel vir die skuld deur die volgende resolusie met algemene stemme aan te neem 4) ,,We, the undersigned, members of the kerkeraad of the Dutch Reformed Church of Bulawayo, do hereby authorise and empower the Rev. Pieter de Waal Eksteen, minister of the said Dutch Reformed church and successor in office to the Rev. J.A. van Aarde Smuts to pass a bond for Three Thousand six hundred pounds (Sterg.) (£3,600) over the piece of land situated at Daisyfield near Bulawayo comprising 3 farms purchased by us from the Anglo French Matabeleland Company Limited on which has been erected the Daisyfield school and orphanage in favour of George Sutherland in his capacity as the manager of the Bulawayo Branch of the Standard Bank of South Africa Limited and his successors in office or the General Manager or General Managers for the time being of the said bank as security for money lent and advanced to us towards the purchase of the said farm and erection of the said buildings thereon and for the purpose aforesaid to sign and execute all such writings, deeds and documents as may be necessary."

Weereens is 'n kollektetoer onderneem, hierdie keer deur eerw. Botha. Met die oog op besnoeiing van die lopende uit-

gawes...../

-18-

1). Notule van die Direksie, 6 Nov. 1915, 24.
2). Ibid., 18 Mei 1916, 36.
3). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 6 Mei 1916, 146.
4). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 25 Okt., 1916, 153.

gawes was die Direksie genoodsaak om baie drastiese maatreëls te tref: eerw. Botha se salaris is met £12 verminder, die van die werksters, mej. Botha met £12 en mev. Esterhuizen met £18. Die onderwysers sou ook voortaan losies teen £36 per jaar betaal. Voorts is besluit om die Inwendige Zending Commissie te vra om die weeshuis oor te neem, en 'n telegram wat soos volg lui, is gestuur aan die sekretaris: ,,Zal I.Z.C. gewillig wesen om Daisyfield over te nemen voor 6 Februarie" (1916) 1). Hiervoor het die genoemde kommissie egter nie kans gesien nie, hoewel in die jare wat sou volg, onskatbare finansiële steun deur die kommissie aan die weeshuis verleen sou word, waardeur dit grotendeels vir die weeshuis moontlik sou wees om uit die haglike finansiële toestand te kom.

Die eerste twee jaar sedert die verskuiwing van die inrigting na Daisyfield word dus gekenmerk deur 'n ongekende finansiële worsteling, 'n worsteling waarvan die voortbestaan van die inrigting afgehang het en by tye hopeloos gelyk het. Maar naas die Vader van die wese moet die dank en bewondering gaan na die Direksie van die weeshuis en die Kerkraad van Bulawayo vir die moedige wyse waarop hulle die finansiële probleme aangepak het. Hulle het voorwaar geen steen onaangeroerd gelaat nie. Hier moet veral weereens die name genoem word van eerw. Botha en ds. Eksteen, wat vanaf 1 Mei 1914 as opvolger van ds. Smuts die voorsitterstoel van die Direksie ingeneem het. Met bewonderenswaardige geloofsvertroue en vasberadenheid het hulle die stryd geloods. Aan hulle is dit hoofsaaklik te danke dat die inrigting ook hierdie twee krisisjare kon deurworstel en geleidelik die mas kon opkom.

ii). <u>Boerdery</u>.

Ook met die boerderybedrywighede is al dadelik 'n begin gemaak. Op 10 Maart 1914 besluit die Direksie ,,den Heer Groenewald voor't werk op de plaats te employeeren tegen £8. 10. 0. per maand met drie maanden proef, waarna een kontrakte met genoemde heer ingegaan zal worden" 2). Tot 16 Desember 1915 het hy die boerdery waargeneem, toe een van die ou weeshuisseuns, Marthinus Oosthuizen, aangestel is

as........./



1). Notule van die Direksie, ongedateerd, 54.
2). Notule van die Direksie, 10 Maart 1914, 416.

as boer teen 'n vergoeding van £4 per maand met vry inwoning.

Met die oog op die onbewerkte gronde is besluit om 'n bywoner wat osse en 'n ploeg besit, die reg te gee om lande, nie minder as 30 acre nie, om 'n derde deel te ploeg 1). Op 7 Januarie 1915 is 'n vaste basis neergelê waarop gronde aan minderbevoorregte blankes ter bewerking uitgegee sou word 2), te wete:

i). Die bewoner moet gewillig wees om 60 acre grond in die eerste drie jaar te braak.
ii). Hy moet 'n huis volgens bepaalde spesifikasies bou .
iii).Hy moet minstens 'n ploeg en span osse besit.
iv). Die Direksie verskaf in planttyd 60 bome wat deur die bewoner geplant en aan die groei gemaak moet word.
v). Die gronde word vir die eerste drie jaar gratis verskaf.
vi). Saadmielies sal die eerste jaar gratis verskaf word.
vii).Weidingsreg vir 30 groot en 50 kleinvee word toegestaan op aangewese plekke.

Later is voorwaarde ii) opgehef en v) gewysig sodat vanaf die twee jaar een-derde van die oes gevorder sal word. Omdat daar nog steeds baie onbewerkte gronde was, is op 2 Mei 1916 besluit om lande uit te gee teen 'n kwart van die opbrings.

iii). Handelsregte.

'n Winkelgebou is op die terrein deur die Direksie opgerig en op 7 Januarie 1915 is die gebou met handelsregte aan ene mnr. Van Heerden teen £10 per maand verhuur. Na aansoek om hotelregte deur die A.A.T.C. het die Direksie besluit om as inrigting van die kerk onder geen omstandighede so 'n aansoek te oorweeg nie.

iv). Bulawayo-Weeshuisgeboue.

Nadat die verskuiwing van die weeshuis na Daisyfield 'n voldonge feit was, het die Kerkraad die weeshuisgeboue op Bulawayo volkome in die hande van die Direksie geplaas om te verkoop of te verhuur na die diskresie. Onderhandelinge om te verhuur is op 31 Oktober 1914 opgedra aan mnr. Barnett teen nie minder as £5 per maand vir die woonhuis en weeshuis afsonderlik nie. Aanvanklik kon egter geen huurders gevind word nie, en nadat enige reparasie en opknapping van die geboue

gedoen......../

-20-

1). Notule van die Direksie, 15 julie 1914, 419.
2). Ibid., 7 Jan. 1915, 2.

gedoen is, is dit in 1916 aan mnr. Verwoerd verhuur teen £3 per maand.

c. Organisasie en bestuur.

Die organisasie en bestuur van die inrigting is op dieselfde basis as in Bulawayo voortgesit, dog as gevolg van die steeds toenemende verantwoordelikhede en uitbreidende werksaamhede van die inrigting is noodsaaklikheid van hervorming in die organisasie en bestuur mettertyd aangevoel, en twee jaar na die verskuiwing na Daisyfield sou die inrigting 'n nuwe tydperk betree ten opsigte daarvan.

3.
Onderwys.

a. Probleme.

Wat die onderwys van die weeskinders betref, het die verskuiwing na Daisyfield nuwe probleme meegebring en die Direksie is met nuwe verantwoordelikhede belas. Op Daisyfield was geen „primary school" nie, sodat die Direksie nou met 'n veel groter onderwysprobleem te doen gekry het. Voorsiening vir onderwys moes gemaak word, leerkragte moes gevind word, onderwysfasiliteite moes geskep word, en dit op 'n tydstip toe daar geen geld beskikbaar was nie en die finansiële vooruitsigte alles behalwe rooskleurig. Die Direksie moes hom dus noodgedwonge „gewillig verklaren om ondersteuning van de regeering te vragen op gouvernementstelsel van onderwijs, met de uitzondering dat de Regeering ons't recht zal geven om onderwijzers in verband met de school te benoemen" 1). Onder omstandighede het die Direksie ook op hierdie gebied bewonderenswaardige pogings aangewend en standvastig gehou aan die beginsel om self die onderwysers te benoem en sodoende te verhoed dat die onderwys van hulle kinders in die hande van onsimpatieke leerkragte sou val, hoewel Engels as medium van onderrig volgens eis van die landswet aanvaar moes word. Afrikaans is in 'n mate van die substanderds af as vak toegelaat, en omdat die leerlinge byna sonder uitsondering Afrikaanssprekend was, kon die onderwysers, waar dit nodig was, Afrikaans gebruik om die nodige verduidelikings te gee.

b. Onderwysers....../



1). Notule van die Direksie, 7Jun. 1915, 3.

b. <u>Onderwysers</u>.

Omdat daar so baie ander ~~dringende~~ sake was wat die aandag vereis het, het die Direksie eers pas twee maande voor die verskuiwing van die inrigting na Daisyfield aan die Opvoedingsdepartement hieromtrent kennis gegee (14 Oktober 1914) en terselfdertyd gevra om die twee onderwysers wat deur die Direksie benoem sou word, aan te stel. Mej. Steyn is gevra om voorlopig naas die huishouding ook die skoolwerk op haar te neem. Intussen sou eerw. Botha 'n geskikte persoon nader met die oog op die prinsipaalskap.

Teen 13 Januarie 1915 is nog geen antwoord van die Departement ontvang op 'n skrywe van eerwaarde Botha gedateer 10 Desember 1914 asook 'n telegram gedateer 8 Januarie 1915 nie. Daarom besluit die Direksie om weereens 'n ,,antwoord betaalde-" telegram te stuur. Op onderhandelings met die Departement kon nie meer gewag word nie, en die Direksie moes sonder versuim die wiel aan rol sit. Sekere mnr. Honiball, met wie eerw. Botha onderhandel het in verband met prinsipaalskap, word gevra om op 20 Januarie met die skool te begin met mej. Steyn as assistente.

Teen die 10de van die volgende maand is nog steeds niks van die Departement verneem nie, en daarom dra die Direksie aan eerw. Botha op, ,,om met die Regeering te onderhandelen en bij de Regeering te blijven totdat men weigert om onze voorgesteld onderwijzers te benoemen en dan ondersteuning elders te zoeken" 1) So 'n vasberadenheid moes vrugte afwerp, en die regering het tot die voorgestelde stelsel toegestem op voorwaarde dat die skool onder 'n skoolkomitee geplaas word - 'n eis waaraan geredelik toegegee is.

So het die regering ook op Daisyfield onderwysverantwoordelikhede aanvaar: ,,the government at once assumed responsibility for the education of children resident in it and appointed a staff of three teachers" 2). Dit was egter onder die definitiewe voorbehoud dat die Direksie, wat as beherende liggaam deur die kerkraad van Bulawayo aangestel is, die lede van die onderwyspersoneel mag aanwys. So het dit die Direksie vrygestaan om by die aanstelling van onderwysers die persone uit te kies wat simpatiek gestaan het teenoor die opvoedkundige, ...../



1) Notule van die Direksie, 10 Feb. 1914, 414.
2) Report of Director of Education, (1915), 12.

kundige, kulturele en godsdienstige ideale ter bevordering waarvan die inrigting bestaan het. Die onderwysdepartement sou hulle dan aanstel en salarieer. ,,As vrug van hierdie toegewings het daar te Daisyfield die enigste skool in die land ontstaan waarin 'n opvoedkundige, sowel as 'n kulturele en godsdienstige atmosfeer geheers het wat simpatiek gestaan het teenoor die ideale van die Afrikaners op diè gebied"[1]. Die doel en strewe met die stigting van die inrigting om die verwaarloosde kind weer vir kerk en volk terug te wen kon dan ook op die Daisyfieldskool meer as op enige ander skool verwesenlik word.

Omdat die Ópvoedingsdepartement besware geopper het teen die kwalifikasies van mnr. Honiball as hoof van die skool, is die pos deur mnr. Van Biljon op 1 Mei 1915 gevul met mnr. Honiball as assistent. Met groot belangstelling en onvermoeide ywer het mnr. Van Biljon die pionierstaak aangepak. Hy moes egter na 'n betreklike kort dog vrugbare dienstyd van slegs vyftien maande as gevolg van moeilikheid met sy oë hom aan die diens onttrek. Dit was met leedwese dat die Direksie van mnr. Van Biljon, ,,die met onvermoeide ijver zijn diensten aan deze Inrichting en omgeving heeft opgeofferd", afskeid geneem het: ,,De vergadering betreurt 't verlies van een man die zijn volk en kerk lief had en geeft haar innige medelijden met mnr. Van Biljon hiermede te kennen in zijn moeilijke beproevingen" [2].

Baie moeite is gedoen om voldoende gekwalifiseerde onderwysers met die regte gesindheid teenoor kerk en volk te vind. Eerw. Botha het selfs in die Kaapprovinsie gesoek na geskikte persone om die onderwys te behartig, dog die vakante prinsipaalspos kon eers teen April 1917 weer gevul word. Intussen moes mnr. Honiball met mej. Steyn, op wie die huishouding ook gerus het, die leë plekke in die skool volstaan.

c. <u>Leerlinge</u>.

Reeds nog voor die skooltjie op Daisyfield begin het, is al aansoeke ontvang van dagskoliere. Die Direksie het

hom........../

-23-

1). A.F. Louw: ,,Die Daisyfield-inrigting," in <u>Inspan</u> Julie 1943, 5.
2). Notule van die Direksie, ongedateerd, 419.

hom gewillig verklaar om hierdie skoliere toe te laat teen betaling van skoolgelde. Naas die weeskinders vind ons dus ook etlike betalende dagskoliere in die skooltjie op Daisyfield.

d. Geboue.

As skoollokaal is voorlopig die eetsaal van die weeshuis gebruik. Deur 'n omsendbrief aan die kerkraadslede te rig het eerw. Botha toestemming ontvang om die skoolbanke, wat ongebruik in die konsistorie gestaan het, op Daisyfield te gebruik.

e. Leerplan.

Net soos in die ander Suid-Rhodesiese skole destyds is ook op Daisyfield die Kaapse leerplanne gevolg tot standerd 6.

i. Tegniese onderwys.

Tegniese onderwys was sedert die vroegste jare van die inrigting as ideaal voorgehou. Die stigter van die weeshuis, ds. J.N. Geldenhuys, het reeds in 1906 pogings aangewend om 'n industrieskool op Bulawayo te stig. Hierdie ideaal is ook later in die doel van die weeshuis soos volg geformuleer: ,,....... en tevens ook opgeleid zullen worden tot een of ander werk of ambt, om later instaat te zijn voor zichzelven te kunnen zorgen". Tot verwesenliking van hierdie lank gekoesterde ideaal het 'n plaas soos Daisyfield uitstekende geleenthede gebied; trouens, die vernaamste oorweging vir die verskuiwing van die inrigting na 'n plaas was die geleenthede vir tegniese onderwys, veral in verband met boerdery.

,,The boys and girls who leave the Institution have usually no parents or friends ready to provide them with suitable situations. If they are to succeed, therefore, they must do so by their own abilities, and it becomes an obligation on the part of the Institution to give boys and girls such practical training as may fit them for maintaining themselves when the time comes for them to leave Daisyfield" 1). Hierdie oorweginge het die inrigting genoop om voorsiening te maak in die opleiding van sy kinders vir verskillende ambagte.

Met onvermoeide ywer is hierdie ideaal stap vir stap verwesenlik, sodat Daisyfield later sou kon spog met 'n industrieskool sonder gelyke in Suid-Rhodesië. Al gou het eerw. Botha met............/



1). Daisyfield Orphanage, 1914-1935, 7.

met die Opvoedingsdepartement begin onderhandel, en op 1 April 1916 kon hy aan die Direksie meedeel dat die regering beloof het om die gereedskap vir 'n houtwerksentrum te verskaf. Nog in die derde kwartaal van dieselfde jaar kon met 'n houtwerksentrum begin word, en dadelik is weer pogings aangewend om 'n looierydepartement in te rig. Eerw. Botha en die heer F.E. Botha is op 25 September 1916 as kommissie benoem om in hierdie verband te onderhandel.

ii. <u>Hoër onderwys</u>.

Die kwessie van hoër onderwys het ook nie agterweë gebly nie. Reeds gedurende die eerste jaar op Daisyfield het eerw. Botha, in opdrag van die Direksie by die Direkteur van onderwys aangedring om toegelaat te word om op Daisyfield tot standerd 7 onderwys te gee. Ingeval dit toegestaan sou word, het die Direksie besluit om behalwe die weeskinders en dagskoliere ook veelbelowende kinders van behoeftige ouers wat in standerd 6 geslaag het, gratis op te neem en slegs waar moontlik op 'n deel van die koste van losies aan te dring.[1)] Dit was egter nog slegs 'n ideaal wat eers na baie moeite en aanvanklike mislukkings veel later bereik sou word.



1). Notule van die Direksie, 21 Julie 1915, 22.

# HOOFSTUK 111.

## DIE DAISYFIELD INRIGTING ONDER TOESIG VAN DIE RHODESIESE GEMEENTES: 1917-1921.

### 1. Inleiding.

a. Behoefte aan 'n breër verteenwoordigende Bestuur.

Teen die einde van 1916 was dit in alle opsigte duidelik dat die Daisyfield-inrigting besig was om sy kinderskoene te ontgroei. Met die onbeperkte geleenthede wat op 'n plaas gebied is, was daar 'n fenomenale groei en uitbreiding as daardie een stremmende faktor van geldelike tekort maar net uitgeskakel kon word.

Dit is lig te begrype dat die Kerkraad van Bulawayo nie meer die nodige aandag aan die weeshuis en skool met sy 81 leerlinge, soos dit in 1915 was, kon wy nie. Binne sowel as buite Rhodesië het belangstellende ondersteuners gevoel dat daar verandering moes kom in die wyse waarop die inrigting bestuur is.

Dit was duidelik dat die inrigting nie net 'n bate vir die plaaslike gemeente was nie, maar wees- en verwaarloosde kinders oor die hele Suid-Rhodesië en selfs uit Noord-Rhodesië het 'n heenkome in die weeshuis gevind.

Verder was dit ook duidelik dat die inrigting reeds besig was om sy dienste nie slegs tot die weeskinders en verwaarloosde kinders te beperk nie, maar om in die breër opvoedingsbehoeftes van die Afrikanergemeenskap aldaar te probeer voorsien. Dagskoliere is reeds opgeneem, en kinders van behoeftige ouers sou gratis opgeneem word as daar middelbare onderwys gebied kon word. Dit alles dui daarop dat die inrigting besig was om vir homself 'n besondere taak te berei ten opsigte van die Afrikanergemeenskap in die Noorde. Al hierdie dinge is terdeë deur die Bestuur van die Inrigting besef [1], daarom is die behoefte gevoel om die ondernemings van en toesig oor die inrigting oor te dra aan 'n breër bestuur wat meer verteenwoordigend sou wees van die gebied deur die inrigting bedien. So 'n besturende liggaam....../



1). Olivier: Die Ned. Geref. Kerk en die Onderwys in Rhodesie, 38

liggaam moes verteenwoordigend van die hele N.G. Kerk in Rhodesië wees en moes oor die algemene beleid van die inrigting en die gees en rigting van die skool waak en toesig hou. So 'n reëling sou al die lede van die N.G. Kerk in Rhodesië bewus maak van hulle verantwoordelikheid teenoor die inrigting.

b. Die Reglement.

Reeds in 1915 is pogings aangewend om so 'n verteenwoordigende bestuur vir die Daisyfield-inrigting te skep. Na die kerkraadskonferensie te Umtali het ds. A.F. Louw snr. en ds. F.H. Badenhorst die wenslikheid van 'n reglement vir die inrigting bespreek waardeur die bestuur sou oorgaan in die hande van 'n liggaam wat verteenwoordigend is van al die gemeentes in Rhodesië. Hulle het ook sodanige reglement opgestel. Nadat ds. Kotze en eerw. Liebenberg hulle goedkeuring aan hierdie Reglement gegee het, is dit op 2 Oktober 1915 aan die Kerkraad van Bulawayo voorgelê. In veertien artikels word die naam, doel, samestelling en funksies van die bestuur bepaal [1].

## 2.
## Bestuur en organisasie.

a. Naam.

Die inrigting sou bekend staan as ,,Het Bulawayo Kinder Tehuis Daisyfield" [2].

b. Doel.

Die doel van die inrigting word omskrywe as ,,de behoorlijke geestelijke, verstandelijke en lichamelijke verzorging van behoeftige kinderen onzer kerk in Rhodesia, zullende Het Bestuur ook't recht hebben kinderen tot andere gezindten behoorende op te nemen" [3]. Van belang is hier dat die inrigting nie net beskikbaar gestel word vir die verwaarloosde kinders van sy eie lidmate nie maar dat sy deure ook sou oopstaan vir alle wees-, verwaarloosde en behoeftige kinders, ongeag hulle kerkverband.

c. Bestuur.

Wat betref die diepgevoelde behoefte van 'n meer verteenwoordigende../



1). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 2 Okt., 1915, 131,
2). Reglement van het Bulawayo Kinder Tehuis te Daisyfield, 1915, art. 1.
3). Ibid., art. 2.

teenwoordigende bestuur word in art. 3 bepaal: ,,Er zal een Bestuur sijn bestaande uit de predikanten der bestaande, of nog te worden gestichte gemeenten der N.G.K. in Rhodesië" 1). As subkommissie sou 'n direksie van vyf lede deur die Kerkraad van Bulawayo gekies word met die plaaslike leraar as voorsitter. Hulle word vir 'n tydperk van drie jaar gekies en sou alle plaaslike en huishoudelike aangeleenthede van die inrigting behartig, terwyl die Hoofbestuur verslag doen van alle werksaamhede van die inrigting. Hierby sou ingesluit wees twee geldelike verslae, te wete een van die inkomste en uitgawe en een van die bate en laste. Na goedkeuring van die verslae deur die Hoofbestuur sou afskrifte daarvan gestuur word aan elke gemeente in Rhodesië en aan die skriba van die Ring waaronder die gemeentes ressorteer.

Al die vaste eiendomme van die inrigting sou nog getransporteerd staan op die naam van die Kerkraad van Bulawayo, dog die reg om lenings aan te gaan sou by die Hoofbestuur berus. Alvorens die Kerkraad enige verband op die eiendomme passeer, vaste eiendomme aankoop of verkoop moet die Bestuur geraadpleeg word.

Hierdie Reglement sou nie verander kon word sonder 'n twee-derde-meerderheid van die volle Bestuur en die Kerkraad van Bulawayo nie. Dit is eenparig goedgekeur deur die Kerkraad van Bulawayo, met die voorbehoud dat ds. Eksteen, wat op 'n kollektetoer was, daarmee eens is. Na enige wysiginge in die Reglement het ook ds. Eksteen sy goedkeuring daaraan gegee.

d. Wysiginge in die Reglement:

Die naam van die inrigting is verander tot ,,Het Bulawayo Kinder Tehuis" 2). Wat die Bestuur betref, is twee addisionele lede bygevoeg ,,door het Bestuur om de drie (3) jaren te worden gekozen uit de Direktie" 3). By die eerste samestelling sou hulle deur die Kerkraad van Bulawayo gekies word.

Met betrekking tot die vaste eiendomme is bepaal dat dit getransporteerd sou staan op naam van die ,,Inwendige Zending Kommissie" en dat die Bestuur reg sou hê om in oorleg met dié Kommissie lenings aan te gaan en verbande op te neem. Dit geld ook vir die aankoop en verkoop van vaste eiendomme.

Verder....../

-28-

1). Reglement van het Bulawayo Kinder Tehuis te Daisyfield, 1915, art. 3.
2). Ibid., art. 1.
3). Ibid., art. 3.

Verder sou die aanstelling van 'n direkteur vir die inrigting by die Bestuur berus. Hy sou ook as skriba en tesourier van die Bestuur kon dien dog sou in geen geval as lid van die Bestuur kon dien nie [1]. Wat hierdie artikel betref, is egter al gou 'n leemte gevoel in die praktiese toepassing daarvan. Reeds met die tweede sitting van die Bestuur is besluit dat die Direkteur ,,recht van zitting en spreken zal hebben op Bestuursvergaderingen, doch niet van stemmen" [2]. Twee jaar later is ook 'n adviserende stem aan die Direkteur toegeken[3]. Hierdie veranderings was noodsaaklik omdat die Direkteur juis die spil was waarom alle werksaamhede van die inrigting gedraai het, en niemand was meer op hoogte van sake betreffende die inrigting as juis hy nie.

Ten slotte word bepaal: ,,Dit Reglement zal niet kunnen veranderd worden dan door goedkeuring van tenminste twee-derden van het volle Bestuur, en met tenminste drie (3) maanden voorafgaande schriftelike kennisgeving van zodanig voorgestelde verandering aan ieder lid van het Bestuur" [4].

Uit voorafgaande wysiginge blyk duidelik dat die toesig en verantwoordelikhede van die Kerkraad van Bulawayo ten opsigte van die Daisyfield-inrigting doelbewus die verantwoordelikheid gemaak word van die ganse N.G. Kerk van Suid-Afrika deur die eiendomme van die inrigting op naam van die Inwendige Zending Kommissie oor te dra.

Nadat die Reglement ook deur die kerkrade van die vyf gemeentes van Rhodesië goedgekeur is, is 'n nuwe mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Daisyfield-inrigting bereik toe die Hoofbestuur op 13 Januarie 1917 sy eerste sitting gehad het. Teenwoordig was ds. F.H. Badenhorst van Melsetter (voorsitter), ds. P. de Waal Eksteen van Bulawayo, ds. W.C. Malan van Umtali, eerw. A.J. Liebenberg van Enkeldoorn (skriba en tesourier) en mnr. D.Q. Campbell (direksielid van Daisyfield).

Die totstandkoming van so 'n bestuur was van onberekenbare betekenis vir die Daisyfield-inrigting. Nie alleen is nou in die diepgevoelde behoeftes van 'n meer verteenwoordigende bestuursliggaam voorsien nie, maar hierdeur is ook die

geldelike...../



1).Reglement van het Bulawayo Kinder Tehuis te Daisyfield, 1915, art 10.
2). Notule van die Hoofbestuur, 3 Nov. 1917, 10.
3). Ibid., 17 Aug. 1921, 39
4). Reglement van het Bulawayo Kinder Tehuis te Daisyfield, 1915, art. 10.

geldelike laste enigsins verdeel en ligter gemaak. Wat meer is: in die onderhandelings met die owerhede sou die Hoofbestuur as vertoonwoordigend van die hele Afrikanergemeenskap van Suid-Rhodesië mèèr gesag dra. Die inrigting se toekoms was verseker. Sy voortbestaan was in veilige en bekwame hande. Met nuwe hoop, nuwe ideale en nuwe ywer is die toekoms tegemoet gesien.

## 3.
## Groei en ontwikkeling.

### a. Kinders.

Nog steeds het aansoeke om opneming in die weeshuis onafgebroke ingestroom, en die Direksie moes nog steeds baie noukeurig ondersoek instel na die betrokke gevalle. Dit het geblyk dat daar aansoeke kom van ouers en voogde wat tog in staat was om 'n deel van die onderhoudskoste te dra, al was dit maar net klere. Om hierdie rede het die Direksie besluit om „voortaan uiters voorzichtig te sijn met de opname van kinderen en verzocht de Direkteur alle mogelijke informatie in dit opzicht te vinden alvorens kinderen in te nemen, en verzocht de Direkteur verder een circulaire brief te richten aan de ouders en voogden en hen vriendelijk uit te nodigen om in deze moeilike tijden naar hun vermogen met minstens klederen voor de kinderen te helpen" 1). Nou dat die inrigting 'n Hoofbestuur het waarop die predikante van die verskillende gemeentes in Rhodesië sitting het, is die probleem van ondersoek na die aansoeke om opname enigsins vergemaklik. Opname is hoofsaaklik gedoen op aanbeveling van die betrokke predikant en/of kerkraad. Aansoeke wat direk aan die Direksie gerig is en enigsins twyfelagtig was, is terugverwys na die betrokke kerkrade. Die voordeel aan hierdie prosedure verbonde was dat dit die Direksie baie tyd en omslagtigheid bespaar het, omdat die kerkrade gewoonlik op hoogte was van toestande in hulle gemeentes. Vir hulle was dit ook makliker om plaaslik ondersoek in te stel.

Dit was egter steeds met 'n mate van teensinnigheid dat aansoeke van vermoënde ouers en voogde van die hand gewys moes word. Die probleem het ontstaan op welke wyse in hierdie behoefte van die Afrikanergemeenskap voorsien kon

word....../



1). Notule van die Direksie, 1 Junie 1917, 65.

word.

In 1919 het die Direksie besluit om aan vermoënde ouers wat nie naby die skool woon nie en tog begerig was om hulle kinders in 'n skool met 'n Afrikaanse gees en rigting te laat onderwys, 'n half morg grond aan te wys waarop hulle 'n huis kon bou wat hulle eiendom sou bly [1].

Die inrigting het ook te doen gehad met sy besondere probleme. Daar was voortdurend weglopers en kinders wat na uitplasing vir vakansies eenvoudig weggebly het. Soms moes na gelang van die aard van die betrokke gevalle baie drasties opgetree word.

In die loop van die jaar 1917 is 27 kinders in die weeshuis opgeneem. Weens die griep-epidemie kon in die volgende jaar geen kinders opgeneem word nie. Die griep-epidemie het ook ten gevolge gehad dat talle kinders ouerloos gelaat is, en dit het nog meer verantwoordelikhede vir die weeshuis meegebring. Aansoeke het letterlik ingestroom. Onder andere moes in Februarie nie minder as 21 aansoeke en in April 20 oorstaan vir latere oorweging. Die volgende twee jaar kon onderskeidelik (26 en 47 opnames) geskied. Van die 150 kinders in die inrigting (in 1920) was ook lede van ander kerkgenootskappe. Die grootste aantal hiervan naamlik twaalf, was van die Hervormde Kerk. Tydens die daaropvolgende drie jaar is nog gesamentlik 109 kinders opgeneem, sodat die totale aantal wees- en verwaarloosde kinder aan wie in die dertien jaar sedert die stigting van die weeshuis 'n heenkome gebied kon word, nou te staan gekom het op 247 [2].

b. <u>Akkomodasie</u>.

Huisvesting was nog steeds 'n tergende probleem. Die slaapsale was oorvol, kinders moes twee op een bedjie slaap. So was daar aan die begin van 1918 vir die huisgesin van 75 kinders slegs 48 beddens, hoofsaaklik van die 3 vt.-tipe, beskikbaar. Die beddens was dus te min en die ruimte te beperk. Verder was die was- en badfasiliteite ontoereikend. Water was baie skaars en die baddens kon uiters twee of drie keer met skoon water gevul word. Die probleem van onvoldoende en ontoereikende akkomodasie was des te ernstiger

as..../



1). Notule van die Direksie, lste Saterdag Des. 1919, 118.
2). Vgl. Weeshuisregister.

dit gesien word in die lig van die heersende abnormale oorlogstoestande in Suid-Afrika en Rhodesië en die feit dat boumateriaal haas onverkrygbaar en baie duur was. Dit was die posisie terwyl daar byna daagliks aan die deure geklop is deur kindertjies wat geen heenkome gehad het nie. Dit was voorwaar jare van beproewing.

So onbevredigend was die toestand dat die Administrasie gedreig het om alle ondersteuning terug te trek nadat die inspekteur van skole, mnr. Lenfesty in 1918 'n baie ontmoedigende rapport gelewer het. Die inrigting kon dit op hierdie stadium onmoontlik bekostig om die steun van die Departement te verbeur; daarom moes die Direksie dadelik handelend optree. Nadat die besware van mnr. Lenfesty puntsgewys toegelig is, is soos volg verduidelik: ,,....although the arrangements and treatment at the orphanage may not be so ideal as in other govt. aided Institutions yet the Directors are convinced that the moral and hygiene treatment of the children at Daisyfield is 100% better than what their lot would have been, if left in the surroundings out of which they were taken; which would necessarily have been the case if they were not taken up at Daisyfield, as there is no other Institution in Rhodesia of a similar kind, although the former Director of Education strongly appealed to the govt. to erect such a place having spoken very commendable of the attempt of the D.R.C. at Daisyfield where the said church bought land for £3,750, and erected buildings for more than £3,000 without the least assistance of the Rhodesian Govt. As so much has already been spent at Daisyfield it stands to reason that it is the aim of the Directors to make the necessary alterations and improvements from time to time as their funds permit" 1). Hierdie kragtige pleidooi het dan ook die gewenste uitwerking gehad, en die opvoedingsdepartement het voortgegaan met sy ondersteuning aan die Inrigting.

Dit was op hierdie tydstip dus uiters dringend om die probleem van akkomodasie in alle erns aan te pak. Dadelik het die Direksie die groot probleem van meer ruimte wat betref pakkamers, slaapkamers, skoolvertrekke, eetsaal ens. in alle erns bespreek. Aan die Direkteur is opgedra om so

gou......./

-32-

1). Notule van die Direksie, 14 Feb. 1918, 81.

gou moontlik 'n begin te maak met die maak van 10,000 stene [1]. Die Inwendige Zending Commissie het in 1919 'n bedrag van £1,500 vir geboue en £250 vir meubels bygedra. Die Kerkraad van Bulawayo het die skoolgebou te Weltevrede aan die Inrigting geskenk, en teen die einde van 1921 was die bouery onder toesig van 'n boukommissie bestaande uit eerw. Botha, mnrr. D. Q. Campbell en P. v.d. Merwe in volle gang. Daar het al selfs geld ingestroom vir 'n elektriese ligtoestel.

c. Personeel;

Op 15 Januarie 1917 is eerw. Botha met algemene stemme deur die Hoofbestuur gekies as Direkteur van die Inrigting. Sy salaris is op £150 per jaar vasgestel met vrye inwoning en tafelgebruik van alle eetware wat op die plaas geproduseer word, behalwe vleis. Vir sy dienste in verband met die boerdery is 'n toelae van £72 per jaar plus een-vyfde deel van wat uit die opbrings van die boerdery verkoop word, aan hom toegesê. Indien sy gesamentlike salaris egter minder as £225 per jaar beloop, sou die Bestuur die ontbrekende aanvul. Hierdie reëling sou geldig wees tot 31 Desember 1921. Wat die pligte en werksaamhede van die Direkteur betref, is bepaal dat dit sal bly soos dit in die verlede was. Verder sou hy persoonlik opsig hou oor die uitvoering van die werk en die uitbreiding van die boerdery [2]. In 1920 het die Hoofbestuur verdere toegewings aan eerw. Botha gedoen: hy sou met sy gesin heeltemal vry losies hê; die losies deur hom vir sy kinders vir die voorafgaande twee maande betaal, is aan hom terugbetaal, en aan mev. Botha is £3 per maand toegeken vir herstelwerk aan beddegoed, klerasie ens. [3].

Alle werkers en werksters aan die kindertehuis sou onder toesig en gesag van die Direkteur staan en waar dit die belange van die weesinrigting sowel as van die skool raak, sou die Hoofbestuur graag sien dat die Direkteur en die hoofonderwyser sulke sake in oorleg met mekaar reël [4].

Nadat eerw. Botha elf jaar aan die Inrigting werksaam was, met slegs ses weke vakansie in al hierdie tyd, en omdat

,,sij......./



1). Notule van die Direksie, April 1918, 84.
2). Notule van die Hoofbestuur, 15 Jan. 1917, 6.
3). Ibid., 17 Mei 1920, 38.
4). Ibid., 3 Mei 1919, 29.

„sij kragte weens vele en uitputtende werksaamhede bijna gebreek is", het die Hoofbestuur eenparig besluit om hom ses maande vakansie toe te staan met volle salaris [1].

Hoë eise is aan die personeel van die Inrigting gestel. Weens die nypende te kort aan geld was die salarisse maar karig. Baie tyd is deur die werksters aan lap- en stopwerk bestee. Op elke terrein moes bespaar word. In 1918 is 'n skoenmaker permanent in diens geneem teen 'n salaris van £10 per maand met vry inwoning.

As personeel van 'n kerkinrigting moes hulle hul hou aan 'n reeks streng bepalinge van tien klousules wat aan elke personeellid aan die begin van sy/haar dienstyd voorgelê en wat hy/sy moes onderteken. Hierin is onder andere bepaal dat lede van die personeel veral in die teenwoordigheid van kinders in woord en daad 'n voorbeeld moet wees. ,,Die hoogste mikpunt by al die werkers en werksters moet deur die genade van die Here Jesus altyd wees, die redding van die siele van die kinders aan hulle sorg toevertrouw" [2]. Vervolgens is 'n aantal gedragsreëls neergelê, byvoorbeeld na 10 namiddag mag geen besoekers ontvang word nie, en dan word verwag dat alle werkers en werksters in hulle kamers moet wees; dames en here mag nie saam in mekaar se slaapkamers gesien word nie, kinders moet so min moontlik in slaapkamers van die personeel toegelaat word, afwesigheid moet vooraf gereël word, ens. [3]

Met die geleidelike groei van die Inrigting is die personeel met steeds toenemende werksaamhede oorlaai. Die behoefte aan 'n derde werkster is reeds in 1917 sterk gevoel. Die werk kon nie meer behoorlik behartig word nie, en eers in die loop van die volgende jaar kon 'n sekere mej. Claasen werksaamhede as derde werkster aanvaar. Weens die gebrek aan geld was dit nie altyd moontlik om die probleem van personeeltekort na wense die hoof te bied nie. Dit moet egter tot eer van hierdie ,,stille werkers" gemeld word dat daar selde voorvalle van onwilligheid, ongehoorsaamheid, traagheid, wangedrag of iets wat hulle tot oneer strek, voorgekom het. Telkens wanneer 'n personeellid diens verlaat, was dit met dankbaarheid dat die Bestuur kon terugkyk na die dienstydperk van so 'n lid.

4. <u>Finansies</u> ....../



1). Notule van die Hoofbestuur, 17 Mei 1920, 38.
2). Notule van die Direksie, 14 Jan. 1920, 123.
3). Idem.

## 4.
## Finansies.

a. Gelde.

Toe die Daisyfield-inrigting in 1917 deur die Hoofbestuur oorgeneem is, is die bates en laste van die Inrigting ook oorgedra na dié Bestuur. Volgens kapitaalbelegging was die geboue en ameublement bereken teen 'n waarde van ongeveer £3,500. Hiervan was nog sowat £1,900 verskuldig, dog die ou Weeshuis-eiendomme op Bulawayo was voldoende sekuriteit vir hierdie skuld. Dit was egter anders gesteld met die 3,000 morge grond wat teen £4,975 aangekoop is en waarop nog 'n skuld van £3,750 gerus het teen 'n rente van 6% per jaar [1]. Die nuwe Bestuur het die Daisyfield-inrigting dus oorgeneem met 'n nominale bate van £8,475 terwyl daar nog 'n bedrag van £5,650 verskuldig was. Geld wat anders aan die allernoodsaaklikste uitbreidings en verbeterings bestee kon word, moes gebruik word om die rente op hierdie skuld af te los. So 'n toestand was sorgwekkend, en ,,het nieuwe Bestuur beseft ten zeerste de dringende noodzakelijkheid van de spoedige delging dezer schuld" [2]. Reeds op sy eerste vergadering het die nuwe Hoofbestuur hierdie saak bespreek en tot die gevolgtrekking geraak dat ,,.... zoo de groote schuld van £3,750 kan worden weggeruimd en van de boerderij behoorlijk werk gemaakt, met den zegen des Heeren deze Inrichting binnen weinige jaren flink op weg zal zijn om zelfstandig te worden" [3]. Die Hoofbestuur het onverwyld werk daarvan gemaak om die finansiële toestand te verbeter, en in Junie 1917 kon eerw. Botha vir die eerste keer sedert die stigting van die Weeshuis rapporteer dat die finansiële toestand van die Inrigting bevredigend is [4]. Die Hoofbestuur het alle pogings aangewend om die skuldelas te verlig en het reeds op sy eerste vergadering besluit ,,een schrijven te richten aan de algemeene Inwendige Zending Commissie, hen vragende een dadelijke lening ten bedrage van £3,750 aan te gaan ten einde het verband bij de Standaardbank (te Bulawayo te lossen, en dan een beroep te doen op de moederkerk om eende bijdrage tot delging van de drukkende schuld die er nog rust op de gronden" [5].

Al...../

-35-

1). F.H.Badenhorst: ,,Het Bulawayo Kinder Tehuis te Daisyfield", in De Kerkbode, 8 Feb. 1917, 135.
2). Idem.
3). Idem.
4). Vgl. notule van die Direksie, 1 Junie 1917, 65.
5). Notule van die Hoofbestuur, 15 Jan. 1917, 7.

Al die geld wat gekollekteer sou word tot delging van die skuld, sou slegs vir daardie spesifieke doel gebruik word [1]. Aan die Direkteur is verlof gegee om vir ses maande in die Suide geld te kollekteer vir hierdie doel, en die Inwendige Zending Commissie is versoek ,,een beroep te doen op de kerk in het zuiden, om haar hartelijken ondersteuning te geven aan de kollektant in deze onderneming" [2]. Die oproep aan die Inwendige Zending Commissie het nie op dowe ore geval nie. In November 1917 het ds. Luckhof as sekretaris van die Kommissie 'n voorstel gemaak om die Bestuur te help om die skuld op die grond te vereffen deur (a) £1,000 aan die Bestuur te skenk; (b) £1,000 renteloos aan die Bestuur te leen en (c) £1,000 aan die Bestuur te leen teen 5½% rente per jaar, terwyl (d) die balans beide deur die Bestuur en die Inwendige Zending Commissie gedelg moes word by wyse van die ,,9d. per lidmaatstelsel" asook deur kaartjies deur die Kommissie te versprei [3].

Dit was veral deur hierdie milde bydrae van die Inwendige Zending Commissie dat dit vir die Inrigting moontlik gemaak is om op sy voete te kom. Tesame met die eerste £1,000 het ds. Luckhof namens die Kommissie ook 70 sakke koring aan die weeshuis gestuur. Hierdie finansiële redding het gekom juis op die kritieke tydstip toe die Departement gedreig het om as gevolg van die onbevredigende Lenfesty-rapport, alle geldelike steun aan die Inrigting te onttrek.

In 1919 het die Standard Bank van Bulawayo die balans van die verband, naamlik £2,200 opgeroep. Met toestemming en prokurasie van die Kerkraad van Bulawayo het eerw. Botha 'n verband vir genoemde bedrag by die ,,Bredasdorp Exekuteurskamer Voogdij en Assurantie Maatskappij, Bepercht" op die Daisyfield-weeshuis en - gronde gepasseer teen 'n rentekoers van 5¾% [4].

Die finansieële bate van die Inrigting is verder versterk deur die uitspraak van die Inwendige Zending Commissie met betrekking tot die plaas ,,Spes Bona" in die omgewing van Victoria geleë. In die geskil omtrent die opvolgingsreg van genoemde plaas tussen die Hoofbestuur van Daisyfield enersyds en die Kerkraad van Bulawayo andersyds is deur beide partye ooreengekom om die Inwendige Zending Commissie as arbiter

in........../

-36-

1). Notule van die Hoofbestuur, 3 No. 1917, 10.
2). Ibid., 12.
3). Ibid., 13.
4). Vgl. Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 14 Sept. 1918, 187

in te roep. Op Vrydag 19 November 1917 het 'n komitee van die Hoofbestuur en 'n kommissie van die Kerkraad van Bulawayo saam met lede van die Inwendige Zending Commissie vergader. Na deeglike bespreking en inwin van die nodige informasie het die Inwendige Zending Commissie die volgende uitspraak gegee: „1. Als zuiwer wetspunt beschouwd, is het waarschijnlijk, dat de Kerkraad zijn aanspraak als bezitter van het eigendom zal kunnen handhaven.

2. Uit billikheids oogpunt beschouwd, is het ons duidelijk, dat het beheer van de plaats in handen van het ,,Daisyfield Bestuur" behoort over te gaan, en wel om de volgende reden:

a. De gelden, aan de koopsom en verbeteringen op de plaats besteed zijn gekollekteerd, volgens getuienis van ds. Geldenhuys, voor de hulpbehoevende gemeenten van Rhodesië, niet Bulawayo alleen, en wel met het expresselijk doel om daar een nederzetting van armen te plaatsen met school en kerk-faciliteiten,

b. De kerkeraad stond in positie als voogd van dit fonds voor dit doel gekollekteerd,

c. De plaats is nu in een andere gemeente gelegen en de Kerkraad is niet voornemens en zelfs ook niet instaat het eigendom voor het bestemde doel aan te wenden of te gebruiken en zijn in bezitblijven ervan zal, volgens onze beschouwing, instrijd zijn met de bedoeling en wens dergenen, die giften voor de zaak gegeven hebben,

d. Ter andere zijde is het Bestuur van ,,Daisyfield" het enige lichaam vandaag, dat namens de hulpbehoevende gemeenten van Rhodesië een soortgelijke liefdadigheids inrichting voortzet en administreert en daarom menen wij, dat dit Bestuur ook het enige lichaam is, dat als rechtmatige opvolger van het voogdijschap moet worden beschouwd" 1).

In 1921 is hierdie plaas vir £800 deur die Kerkraad van Bulawayo verkoop, en die geld is ten behoewe van die Weeshuis gebruik, naamlik £500 wat betaal is op die verband wat die weeshuis voorheen op die grond geneem het, en die res is aan mev. Smuts betaal as gedeeltelike vereffening van die agterstallige salaris van wyle ds. Smuts wat sy in 1914 aan die weeshuis geleen het 2).

Die Kerkraad van Bulawayo het ook aan ds. Eksteen, op versoek van die Hoofbestuur van die Inrigting, verlof gegee om twee maande vanaf 19 Februarie 1919 as Direkteur van die Inrigting te ageer terwyl eerw. Botha op 'n kollektetoer was

in......./



1). Notule van die Hoofbestuur, 3 Nov., 1917, 14.
2). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 4 Junie 1921, 224.

in die Transvaal en Vrystaat 1).

'n Verdere tegemoetkoming van die kant van die Kerkraad van Bulawayo was dat eerw. Botha toegelaat is om twee keer per jaar in die gemeente te kollekteer vir die Inrigting.

b. Boerdery.

Die Hoofbestuur het terdeë besef dat die uitbreiding van die boerdery op Daisyfield 'n belangrike bron van inkomste vir die Inrigting sou beteken. Alle moontlike middele is aangewend om die boerdery op gesonde voet te plaas. Reeds op sy eerste vergadering het die Hoofbestuur bepaal dat die Direkteur persoonlik toesig moes hou oor die uitbreiding van die boerdery. Om die saak nog verder te bevorder is 'n bonus van een-vyfde deel van alles wat uit die opbrengs van die boerdery verkoop word, aan die Direkteur toegesê 2). In die loop van die daaropvolgende vyf jaar is inderdaad belangrike uitbreidings gedoen, veral wat betref die beesboerdery. In antwoord op 'n dringende beroep van eerw. Botha het die predikante van die verskillende gemeentes in Rhodesië onderneem om beeste in hulle gemeentes te kollekteer. In 1917 het ds. Van Blerk van Warrenton 50 beeste aan die Inrigting gegee om die helfte van die aanteel. Uit Piketberg het £52 gekom vir die aankoop van beeste; ene mnr. Richards van Victoria het 'n span osse geskenk; uit Enkeldoorn is 18 beeste en uit Melsetter 32 verse ontvang. Op hierdie wyse het die Inrigting binne twee jaar oor 'n groot kudde beskik.

Wat die saaiery betref, het dit nie so voorspoedig gegaan nie, en hierin is die Bestuur in sy verwagtinge teleurgestel. Die lande was klipperig en onvrugbaar, en die hoëveldse koue het winteroeste onmoontlik gemaak. Toe die toestand van die boerdery op 'n bestuursvergadering in Mei 1919 ter sprake was, het dit duidelik geblyk dat die Bestuur nie tevrede was nie. Aan die Direksie is opgedra om hom meer te bepaal by die aanplant van bome en veeteelt en om liewer die saaiery te verskuif na vrugbaarder grond 3).

5.
Onderwys.

a. Baanbrekerswerk.

Wat die onderwys van die weeshuiskinders betref, is

ook ....../

-38-

1). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 30 Jan. 1920, 199.
2). Notule van die Hoofbestuur, 15 Jan. 1917, 6.
3). Ibid., 3 Mei 1919, 27.

ook belangrike werk gedoen. Kinders wat as hulle in hulle omgewings gelaat is, miskien as analfabete sou opgroei, het hier die geleentheid gevind om gratis skoolopleiding te geniet en hulle boonop ook te bekwaam vir een of ander beroep.

b. Voertaal.

Die mediumkwessie was egter nog steeds vir die Bestuur 'n vlieg in die salf. Die voertaal was naamlik Engels, terwyl byna al die kinders Afrikaanssprekend was. In Mei 1919 is weereens aan die Direkteur opgedra om met die Onderwysdepartement in onderhandeling te tree ten einde die vergunning te probeer verkry dat die medium van onderrig tot en met standerd 6 Afrikaans sal wees. Ten opsigte hiervan was die Departement egter onbeweegbaar, sodat die herhaaldelike onderhandelings steeds op 'n dooie punt uitgeloop het. In 'n memorandum is die houding van die owerhede ten opsigte van Afrikaans as medium van onderrig onomwonde gestel: ,,Bilingualism is a necessary evil in the Union ..... such a system is expensive and a great drawback. In Rhodesia there is no necessity whatever for us to adopt the system. We can get along perfectly well without it" 1). In Julie 1921 het die Departement egter toegestem om 'n Afrikaanse boekery op die £ vir £-stelsel vir die Inrigting aan te koop.

c. Geboue.

Die gebrek aan 'n doeltreffende skoolgebou was nog altyd 'n groot leemte in die onderwys op Daisyfield. Ook hierdie saak is deur die Bestuur aangepak. Na 'n toesegging van 'n verdere £1,500 deur die Inwendige Sending Kommissie aan die Inrigting in 1919 het die Bestuur besluit om die geld te gebruik om 'n skoolgebou daarmee op te rig. Planne is ook beraam vir die oprigting van 'n gebou vir tegniese onderwys 2).

Sonder versuim is met die bou van 'n ruim skoolgebou begin, en reeds in Mei 1920 kon 'n sierlike skoolgebou in gebruik geneem word. Die Direksie het groot planne gekoester vir die ingebruikneming van die gebou, dog weens 'n maagkoorsepidemie moes daarvan afgesien word. Die geld was egter nie toereikend om nog 'n gebou vir tegniese onderwys op te rig nie. Op die skoolgebou self was daar nog 'n tekort van £500. Hiervoor is by die Armesorgkommissie aangeklop. Die Armesorgkommissie kon

egter......./

-39-

1). Sui Juris: The terms of Union, 7.
2). Notule van die Hoofbestuur, 3Mei 1919, 25.

egter nie dadelik bydra nie, sodat die geld by mnr. A.F. Phillips geleen moes word. In Maart 1921 het die Kommissie £250 bygedra, sodat slegs £250 nog op die gebou, wat £2,000 gekos het, verskuldig was.

d. Onderwysers.

'n Verdere probleem waarmee die Direksie dikwels te kampe gehad het, was om voldoende gekwalifiseerde onderwysers te kry met die regte gesindheid en nodige liefde vir kerk en volk om die groot verantwoordelikheid en veelvuldige probleme van die onderwys op Daisyfield op hulle skouers te neem. Dit was noodsaaklik dat die onderwys van die kinders in die regte hande gelaat sou word. Daarom was dit nodig om, alvorens die Direksie 'n aanbeveling by die Departement doen, alle moontlike vertroulike inligting ingewin moes word.

In 1917 was die prinsipaalspos en 'n assistentspos vakant. Eerw. Botha was belas met die werwing van geskikte onderwysers vir die vakante poste. Hy kon egter nie slaag nie, omdat ,,die klas onderwijzer, die goed genoeg gekwalificeerd met genoegzame liefde voor hun taal en godsdienst in't zuiden", reeds 'n betrekking beklee het en nie vir die aangebode salaris wou kom nie. Die Direksie het daarop besluit dat eerw. Botha sou aanhou om te onderhandel en indien nodig ook te adverteer en om voortaan die salaris ook met vry losies aan te bied, soos deur die Onderwysdepartement versoek 1).Later is bepaal dat getroude onderwysers losies vir hulle gesinne moes betaal. Intussen het die Onderwysdepartement 'n sekere kandidaat vir die hoofpos uit Jeppestown aanbeveel. Weens die vertroulike inligting deur die predikant van Jeppestown ten opsigte van die onbevredigende nasionale gesindheid van die betrokke onderwyser kon die aanstelling nie aanvaar word nie. Eers in die derde kwartaal kon die prinsipaalspos gevul word deur 'n sekere mnr. Cranna van Port Elizabeth. Hy was lid van die N.G. Kerk en Sondagskoolonderwyser met 'n eersteklas rapport van die plaaslike predikant. Die assistentspos is gevul deur 'n sekere mej. Krige van Stellenbosch.

Die kwessie van leerkragte was egter nog nie opgelos nie. In Oktober 1917 het mnr.Honiball bedank. Dit was met leedwese dat die Direksie verneem het van die bedanking van mnr. Honiball, wat sedert die stigtingsjare van die Weeshuis sy dienste as onderwyser aan die Inrigting gewy het. Die getalle

het........./

-40-

1). Notule van die Direksie, 16 Jan. 1917, 56.

het nou ook so toegeneem dat 'n vierde leerkrag gevind moes word. Mejj. Fick en Steyn is later aangestel, en in 1919 het mnr. Conradie die verantwoordelikhede as hoof van die skool aanvaar.

Daar was dus 'n voortdurende skommeling in die onderwyspersoneel wat, afgesien daarvan dat die skoolwerksaamhede noodwendig daaronder moes ly, ook meegebring het dat die Direksie, en veral eerw. Botha, voortdurend op soek was na nuwe leerkragte. Behalwe hulle gewone skoolwerksaamhede was die skoolpersoneel ook belas met swaar koshuisverpligtinge. Op sy eerste vergadering in 1917 het die Bestuur besluit dat dit duidelik aan die onderwysers gestel moes word dat hulle ook bepaalde dienste buite skoolure moes verrig. Verder moes die onderwysers(esse) genoeë neem met die losiesfasiliteite wat die Inrigting onder die druk van swaar finansiële laste kon bied. Die losiesprobleem het soms hoofbrekens besorg. Terwyl die Departement enersyds aangedring het op vry losies het die Bestuur andersyds nie daarvoor kans gesien nie. Uiteindelik het die Bestuur besluit om aan alle aspirantleerkragte duidelik te maak dat losies wel vry sou wees maar dat hulle die geleentheid sou hê om self iets by te dra tot hulle losies. Terselfdertyd het die Bestuur protes aangeteken teen die stelsel van vry losies vir onderwysers soos deur die Onderwysdepartement geeis 1). In die „Bepalinge vir die Weeshuis" in 1920 deur die Direksie opgestel, word bepaal dat onderwysers die reg sou hê om te kies of hulle liewer losies wil betaal teen £4. 10. 0. per maand of deelneem aan die algemene toesig en gratis loseer 2). Pas hierna het die Bestuur finaal besluit dat onderwysers losies moes betaal teen £48 per jaar en dat hulle behulpsaam sal wees met die werksaamhede buite skoolure in oorleg met die Direkteur. Eerw. Botha het in onderhandeling getree met die Onderwysdepartement. Die resultaat van hierdie korrespondensie was dat die onderwyspersoneel van Departementsweë gevra is om losies te betaal.

e. Inhoud van die onderwys.

Die Bestuur het dadelik besef dat daar nog veel gedoen moes word in verband met die tegniese uitbreiding van die Inrigting. In beginsel is die oprigting van 'n tegniese inrigting........./

-41-

1). Notule van die Hoofbestuur, 3 Mei 1919, 26.
2). Notule van die Direksie, 14 Jan. 1920, 124.

ting goedgekeur, en 'n kommissie bestaande uit ds. W.C. Malan, eerw. Botha en eerw. Liebenberg is benoem om gaandeweg die nodige informasie met betrekking tot die tegniese uitbreiding te bekom.[1]. Die uitbreiding van die tegniese fasiliteite was veral in twee opsigte 'n saak van uiterste belang. In die eerste plek kon dit veel bydra tot verpligting van die finansiële laste van die Inrigting, maar belangriker was die feit dat die seuns en dogters wat die Inrigting verlaat, gewoonlik geen ouers of vriende het na wie hulle kan opsien om 'n lewensbestaan nie: ,,If they are to succeed, therefore, they must do so by their own abilities, and it becomes an obligation on the part of the Institution to give the boys and girls such practical training as may fit them for maintaining themselves when the time comes for them to leave Daisyfield" [2].

Op 16 Januarie 1917 is naas die reeds bestaande houtwerkdepartement ook 'n looierydepartement ingestel onder 'n sekere mnr. Opperman. In hierdie afdeling sou looiery en leerwerk beoefen word soos die maak van skoene, motorkussings, sambokke ens. [3]. Aanvanklik is hierdie afdeling nie deur die Onderwysdepartement geldelik gesteun nie. Die Direksie moes self voorsiening maak vir die salaris van mnr. Opperman, materiaal en gereedskap.

Die kwessie van middelbare onderwys is in 1919 weereens aangeroer. Na raadpleging met die Bestuur het die Direksie genoodsaak gevoel om met of sonder die hulp van die Departement voorsiening te maak vir middelbare onderwys. Die beweegredes hiertoe was dat die koste verbonde aan middelbare onderwys in die Unie, hoewel veel goedkoper as in Rhodesië, self nog tog veels te hoog was vir die veelbelowende behoeftige Afrikanerseun of -dogter. Dit was ook byna onmoontlik om êrens in die Unie hulp te kry vir sulke kinders onder standerd 7 [4]. Die tyd vir so 'n stoute onderneming was wel ryp, dog die Departement wou nog nie saamwerk nie en die geldelike middele van die Inrigting het dit nog nie toegelaat nie. Ondanks die groot behoefte moes die kwessie van onderwys na standerd 6 weer op die lange baan geskuif word.

Met musiekonderrig is ook 'n begin gemaak. Hierin het veral ds. Eksteen van Bulawayo die voortou geneem, toe hy in

1918...../

-42-

1). Notule van die Hoofbestuur, 15 Jan. 1917, 7.
2). Daisyfield Orphanage, 1914-1935, 7.
3). Notule van die Direksie, 16 Jan, 1917, 56.
4). Ibid., 1 Feb. 1919, 105.

1918 die aanbod gemaak het om £18 per jaar tot die salaris van 'n musiekonderwyseres in die Weeshuis by te dra mits elke ander leraar in Rhodesië £10. 10. 0. sou bydra. Hierdeur sou dit moontlik wees om 'n salaris van £60 per jaar vir 'n musiekonderwyseres aan te bied [1]. Die Onderwysdepartement het ingewillig om op die £ vir £-stelsel by te dra (£30 nie te bowe gaande nie) om 'n klavier vir die Inrigting aan te Koop. Aanvanklik is die musiekonderrig waargeneem deur sekere mej. Van der Veen en later deur mev. Conradie, eggenote van die prinsipaal. Laasgenoemde het onderneem om dit gratis te doen.

Buitenmuurse aktiwiteite is, volgens rapport van Inspekteur Lenfesty in 1917, verwaarloos. Hy het veral gewys op die feit dat kadette verwaarloos en spele ontmoedig word. In antwoord hierop het die Direksie daarop gewys dat kadette nie doelbewus verwaarloos word nie maar dat die ongewenste toestand te wyte is aan die feit dat 'n bevoegde persoon om die kadette te behartig nie beskikbaar is nie. Wat die spele betref, het die Direksie verklaar dat hulle in werk glo as die beste oefening en gewis een van die belangrikste aspekte van die opvoeding van die kind [2].

## 6.
## Nasorg.

Die verantwoordelikheid vir nasorg van die weeskinders het ook op die skouers van die Direksie gerus. Juis omdat hierdie kinders gewoonlik geen ouers of vriende gehad het na wie hulle kon opsien nie, was hierdie verantwoordelikheid des te groter. Hoewel dit terdeë besef is, kon die kwessie van nasorg nie in elke individuele geval na wens behartig word nie, juis as gevolg van die voortdurende geldtekorte. Verskeie noemenswaardige pogings is egter aangewend. Toe die tweeling broers Basson, wat besig was om hulle op Robertson vir die onderwysberoep te bekwaam, vasgebrand het, het die Direksie sonder weifeling besluit om hulle voorlopig uit die weeshuisfondse te help en dadelik by een of ander Vereniging om ondersteuning aan te klop [3]. In 1917 het 'n aantal vriende van Headlands uit eie beweging die aanbod gemaak om 'n aantal verse aan die Inrigting te gee op voorwaarde dat uit die aanteel

aan........../

-43-

1). Notule van die Direksie, 28 Des. 1918, 99.
2). Ibid., 14 Feb. 1918, 80.
3). Ibid., 18 Feb. 1917, 39.

aan elke kind wat die weeshuis verlaat, 'n geskenk gegee moes word. Die Direksie het voorgestel om 'n span osse uit die opbrengs van hierdie verse aan elke seun te gee wat die laaste twee of drie jaar van sy studie blyke toon dat hy 'n begeerte het om hom op boerdery toe te lê. Hulle moes dan die laaste jaar die weeshuisgronde bewerk om sodoende iets van boerdery te leer en terselfdertyd die span osse verdien 1).

Dit is duidelik dat die Weeshuis met die verandering van die bestuur tot 'n breër, meer verteenwoordigende liggaam in alle opsigte baat gevind het. Die belangstelling vir die werk van die Weeshuis het oor die hele Rhodesië opgevlam. Hierdeur het die Inrigting nie alleen die broodnodige finansiële steun verkry nie, maar sodoende kon meer doeltreffend gewaak word oor die algemene gees en rigting van die Inrigting.



1). Notule van die Direksie, 18 Feb. 1917, 39.

# HOOFSTUK IV.

## DIE DAISYFIELD-INRIGTING ONDER BESTUUR VAN DIE RING VAN BULAWAYO: 1922-1928.

### 1.
### Inleiding.

a. Behoefte aan 'n meer verteenwoordigende Bestuur.

Na vier jaar van besondere vooruitgang van die Daisyfield-inrigting op byna elke gebied onder die moeilikste en abnormale oorlogsomstandighede het dit geblyk dat die verteenwoordigende Bestuur in 'n groot mate vir die vooruitgang verantwoordelik was. Die probleem het nou ontstaan om die bestuur nog meer verteenwoordigend te maak van die hele gebied (ook Noord-Rhodesië) wat deur die Inrigting bedien word. Die geleentheid hiertoe het hom gou gebied nadat die Ring van Bulawayo in 1919 tot stand gekom het.

b. Stigting van die Ring van Bulawayo.

Die Nederduits Gereformeerde kerk in Rhodesië het mettertyd sy kinderskoene ontgroei. Die groei van die Rhodesiese gemeentes, wat groter verantwoordelikhede en vermeerdering van baie plaaslike en huishoudelike reëlings ten gevolge gehad het, het reeds in 1915 die vraag by die Kommissie vir die indeling van Ringe van die Ring van Du Toitspan laat ontstaan of die Rhodesiese gemeentes nie tot 'n afsonderlike Ring omgeskep moes word nie. In 1918 is hierdie saak weer te berde gebring, en daar is algemeen gevoel dat aangesien die Ring van Du Toitspan alreeds uit agtien gemeentes bestaan het, die gemeentes van Rhodesië tot 'n aparte Ring omgeskep moes word [1].

Op 2 November 1919 is die Ring van Bulawayo deur die Sinode van die Kaapse Kerk in sitting gestig, met die gemeentes Bulawayo, Salisbury, Enkeldoorn, Melsetter, Umtali en Lusaka (Noord-Rhodesië).

c. Die Daisyfield-inrigting deur die Ring van Bulawayo oorgeneem.

Hierdie geskiedkundige gebeurtenis het ook die Daisyfield-inrigting ten nouste geaffekteer. Mettertyd het die Bestuur van die Inrigting besef dat die tyd aangebreek het om die Inrigting onder sorg en toesig van die Ring van Bulawayo te plaas. Die Direksie het die wiel in hierdie rigting aan die rol gesit toe hulle die mening uitgespreek het dat die tyd aangebreek het om die Bestuur te vra om deur die Ring van Bulawayo 'n

Weeshuis....../



1). Olivier: Ons Kerk in Rhodesië 1895-1945, 51.

Weeshuis-Ringskommissie aan te stel wat die Direksie van tyd tot tyd kon raadpleeg en wat ex officio lede van die Direksie kon wees en saam met die Direksie besluite kon neem in belangrike sake rakende die Weeshuis 1). 'n Soortgelyke beskrywingspunt is deur ds. P. Eksteen van Lusaka op 'n Bestuursvergadering ingelei. Na deeglike bespreking is besluit om die Ring van Bulawayo te vra om die Daisyfield-inrigting oor te neem. Terselfdertyd is 'n kommissie, bestaande uit ds. Barrisk, eerw. Liebenberg en die Direkteur, eerw. Botha, benoem om die bestaande reglemente dienooreenkomstig in hersiening te neem 2). Nog in dieselfde maand het die Ring van Bulawayo die voogdy oor die Inrigting aanvaar 3). Die oorname van die Daisyfield-inrigting deur die Ring van Bulawayo was veral van betekenis omdat die belange van die Inrigting hierdeur op 'n breër, nog meer verteenwoordigende bestuur oorgedra is. Gevolglik was dit moontlik om die belangstelling in en ondersteuning van die werk van die Inrigting by bykans elke lidmaat van die N.G. Kerk in Rhodesië en ook by ander gesindes, gaande te maak. Alleen deur so 'n breë belangstelling en ondersteuning sou dit vir die Inrigting moontlik wees om sy ideale te verwesenlik.

## 2.
## Bestuur en organisasie.

a. Nuwe Statute.

Met die ondervinding van meer as tien jaar is die leemtes in die bestaande reglemente terdeë besef en was die Kommissie in staat om 'n betreklike noukeurige Statute van nege artikels vir die bestuur en organisasie van die Inrigting op te stel, en die ,,Statute van de Daisyfield Kinder Tehuis van de Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika" is deur die Bestuur goedgekeur en onveranderd aangeneem.

b. Naam.

Die Inrigting sou voortaan bekend wees as ,,Die Daisyfield Kinder Tehuis".

c. Doel.

Die doel van die Inrigting is omskrywe as ,,die behoorlike geestelike,..../



1). Notule van die Direksie, 13 Julie 1921, 146.
2). Notule van die Hoofbestuur, 17 Aug. 1921, 40.
3). Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Aug. 1921, 51.

geestelike, verstandelike en liggamelike versorging van behoeftige weeskinders, en van behoeftige en verwaarloosde kinders van ons kerk en van andergesindes".

d. Bestuur.

Wat die bestuur betref, is bepaal dat die Inrigting sal staan onder die Ring van Bulawayo, wat sal optree as hoofbestuur van die Kindertehuis. Die wesenlike verandering wat deur hierdie bepaling aangebring is, is dat nie slegs die predikante van Suid-Rhodesië sitting sou hê nie maar ook die ouderlinge van die gemeentes van Suid-Rhodesië sowel as van Noord-Rhodesië in hulle hoedanigheid as afgevaardigdes na die Ring van Bulawayo. So 'n bestuur sou dan in praktyk meer verteenwoordigend wees.

Vir die reëling van die huishoudelike en plaaslike aangeleenthede sou die Direksie verantwoordelik bly. Die Direksie sal bestaan uit vyf lede wat deur die Ring gekies word. Die Direkteur sou ex officio lid van die Direksie wees. Die gekose direksielede sou sitting hê tot die eersvolgende Ringsitting, wanneer hulle herkiesbaar sou wees. Die Direksie sou die reg hê om persone aan te beveel by die verkiesing van lede en by die aanvulling van vakatures. In dringende sake kon die Direksie handel in oorleg met die Ringskommissie. Verder sou die Ring toesig hê oor die werk van die Inrigting op elke gebied, terwyl die Direksie jaarliks aan die Ring moes verslag doen van alle werksaamhede en terselfdertyd 'n geouditeerde finansiële verslag voorlê. Die Direksie sou vergader so dikwels as die sekretaris hom oproep, en sy eie voorsitter, kassier en sekretaris kies. 'n Volkstrekte meerderheid sou 'n kworum vorm.

Alle eiendomme sal op die naam van die Ring van Bulawayo getransporteerd staan, en die Ring sal die reg hê vansubstitusie om eiendomme ten behoewe van die Kindertehuis te aanvaar en aan te koop sowel as om die eiendomme te verkoop of oor te maak, leninge te sluit en die eiendomme onder eerste verband te verbind, verbande te rojeer en om verder alle maatreëls te tref wat noodsaaklik sal wees vir die behoorlike administrasie van die gelde en eiendomme van die Inrigting.

Wysigings in die Statute kon aangebring word deur 'n gewone......../

wone meerderheid van stemme in 'n Ringsvergadering, mits daar eers vooraf 'n beskrywingspunt in dier voege twee maande tevore aan die Ringskriba gestuur word. Met gewone meerderheid van stemme kon ook besluit word tot opheffing van die Inrigting. In so 'n geval sou al die bate van die Inrigting tot beskikking van die Ring van Bulawayo wees [1].

In die praktyk is gevind dat so 'n groot liggaam as die Ring met sy lede so wyd verspreid te lomp is om te ageer as hoofbestuur van die Inrigting, daarom is later bepaal dat die Ring van Bulawayo en die Ringskommissie sal optree as Hoofbestuur en die Hoofbestuur sou een keer per jaar te Daisyfield vergader [2]. In 1926 is hierdie wysiging herroep, toe die Statute van die Kindertehuis hersien is. Die Statute van 17 Augustus 1921 is verder onveranderd aanvaar behalwe op die byvoeging ná dat die Direksie die vakatures (in die Direksie) sou aanvul tot die volgende sitting (van die Ring) [3].

Op aandrang van die Direksie om 'n duideliker uiteensetting van sy pligte en regte is die volgende omskrywing ook deur die Ring goedgekeur:

i) Re Direksie:

Die Direksie sal verantwoordelik wees vir:

(a). Die aanstelling en afsetting van en toesig hou oor die personeel (die Direkteur self val onder die Ring);

(b). Die aanbeveling van onderwysers by die regering;

(c). die vasstel van salarisse van die personeel;

(d). die bestuur van en toesig oor die plaas, geboue en kinders.

Die Direksie het verder die reg om £1,000 (eenduisend pond) nie te bowe gaande sonder toestemming van die Ring vir kapitaal uitgawes te maak.

ii) Re die Direkteur:

(a). Vir alle lopende uitgawes in verband met die huishouding, die plaas en ander industriële vertakkinge sal die Direkteur verantwoordelik wees en hy sal die reg hê om vir die som van £100 (eenhonderd

pond ......./



1). Statute van de Daisyfield Kinder Tehuis van de Ned. Ger. Kerk in Zuid-Afrika, (1921), art. 9.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 20 Julie 1923, 111.
3). Ibid., Aug. 1926, 156.

pond) kapitaaluitgawes te maak sonder toestemming van die Direksie.

(b). Alle klagtes in gevalle van ontevredenheid van die personeel moet by die Direkteur ingedien word of deur die Direkteur by die Direksie en indien nodig by die Ring 1).

Die Statute soos in 1926 hernu, is in opdrag van die Ring van Bulawayo op koste van die Inrigting gedruk vir verspreiding in die gemeentes van Rhodesië. Hierdeur is die Daisyfield-Inrigting formeel aan die hele Rhodesië bekend gestel.

'n Gebeurtenis wat vir die bestuur van die Weeshuis van besondere betekenis was, was die terugkeer van ds. J.N. Geldenhuys na Rhodesië in hierdie tyd. As stigter van die Inrigting kon niemand beter as hy leiding gee, ter verwesenliking van die doel en ideale wat hy met die Inrigting by die stigting daarvan beoog het nie.

In Julie 1923 is hy weer op die Direksie gekies, en as voorsitter van die Direksie kon hy weereens sy dienste wy aan die Inrigting waarvoor hy hom reeds twaalf jaar tevore so beywer het.

In die organisasie en bestuur van die Inrigting het die Direkteur 'n besondere posisie beklee. Hy was nog steeds die spil waarom alles eintlik gedraai het. As medestigter en met jare lange ondervinding as huisvader en direkteur van die Inrigting was daar niemand wat die behoeftes en moontlikhede van die Inrigting so deeglik geken het as juis eerw. A.J. Botha nie. Die Hoofbestuur was terdeë bewus van hierdie feit, daarom dat hulle hom mettertyd reg van sitting met 'n adviserende stem op hulle vergaderings toegestaan het. Hy kon hulle van raad en voorligting dien, en die besluite deur die Hoofbestuur geneem, was eintlik vooraf reeds sorgvuldig deur eerw. Botha oorweeg. As uitvoerende amptenaar van die Hoofbestuur het eerw. Botha hom ook op 'n heel besondere wyse van sy taak gekwyt. In hierdie moeilike taak is hy bygestaan deur sy eggenote. Deur al die jare heen het sy hom in die edele werk van selfopoffering ter sy gestaan. In tye wanneer daar 'n tekort aan werksters was, het sy self opgetree en die buitengewone verantwoordelikhede op haar geneem. Voortdurend het sy die weeskinders met die takt en liefde van 'n ware moeder versorg. Selfs die Ring van Bulawayo het die

onvermoeide..../

-49-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, Aug. 1926, 159.

onvermoeide opofferings van die Botha-egpaar gehuldig. Nadat die verslag van die Inrigting in 1922 deur die Ring afgehandel was, het die voorsitter van die Ring en medestigter van die Weeshuis, ds. J.N. Geldenhuys, die Direkteur met 'n paar hartlike woorde bedank. Hy het hom gelukgewens met die werk wat in die Inrigting gedoen is, en hom in diè werk Gods rykste seën toegebid. Die vergadering het hulle instemming hiermee betuig deur op te staan 1).

e. Plaaslike organisasie.

Die plaaslike organisasie en werksaamhede van die Inrigting het teen 1921 so uitgebrei, dat dit dringend noodsaaklik geword het om 'n paar kommissies uit die Direksie te kies om die Direkteur in die uitvoering van sy pligte by te staan. Vervolgens is as Vleiskommissie benoem mnrr. D.J. Oosthuizen en J.H. Erasmus; as Boerderykommissie P.J. van der Merwe en J.N. Erasmus; as Finansiëlekommissie D.J. Oosthuizen en J. Louw; as Boukommissie J. Louw en W. Botha en as Daeliksekommissie P.J. van der Merwe en W. Botha 2) Veral die Daelikse Kommissie het 'n baie belangrike hulp vir die Direkteur geblyk te wees, en later is die pligte van die ander kommissies ook oorgedra aan die Daelikse Kommissie 3). In medewerking met die Direkteur het hierdie kommissie 'n Dagbestuur gevorm, wat onder andere sake behartig soos bouery, boerdery, finansies, uitplasing van kinders met vakansies, terugstuur van kinders wie se losies nie betaal is nie, ens. 4).

In 1926 het die Direksie ook alle vorige huishoudelike reëls van die Inrigting in hersiening geneem. Na breedvoerige bespreking is 'n omvattende reeks regulasies en bepalinge vir die huishoudelike aangeleenthede van die Inrigting goedgekeur 5). Hierdie regulasies en bepalinge het betrekking gehad op opname van verwaarloosde en weeskinders, bepalinge vir die weeshuispersoneel, huishoudelike reëls vir die kinders van die Weeshuis en van die losieshuis, en opname van betalende kinders in die losieshuis.

Hierdie bepalinge en regulasies is veral van belang

omdat ......./



1).Notule van die Ring van Bulawayo, Nov. 1922, 95.
2).Notule van die Direksie, 6 Nov. 1921, 151.
3).Ibid., 15 Des. 1922, 173.
4).Ibid., 15 Okt. 1927, 302.
5).Ibid., 22 en 23 Feb. 1926, 251.

omdat daar nou vir die eerste keer in die geskiedenis van die Inrigting bepaalde beginsels en gedragslyne neergelê is in die huishoudelike organisasie daarvan. Volledige aansoekvorms vir toelating, mediese sertifikate, vertroulike verklaring en 'n bindende verklaring van die ouer of voog moes voltooi word alvorens 'n kind opgeneem word.

3.

31

Groei en ontwikkeling.

a. Kinders.

In die tydperk 1922 tot 1928 is 154 kinders in die Weeshuis opgeneem, sodat die totale aantal kinders wat 'n heenkome in die Weeshuis gevind het in die agtien jaar sedert die stigting in 1911, nou te staan gekom het 401 [1)]. Dit beteken dat ontferming verleen is aan 401 wees- en verwaarloosde kinders wat andersins moontlik vir die kerk verlore en 'n las vir die staat sou wees. Onder hulle was kinders wat in so 'n toestand van verwaarlosing verkeer het dat, as hulle nie in die Inrigting opgeneem is nie, ,,feitlik verkaffer sou word", soos die leraar van Salisbury dit uitgedruk het [2)]. Onder hierdie kinders was ook, in ooreenstemming met die Statute van die Inrigting, kinders van andergesindes: daar was kinders van die Engelse Kerkgenootskappe, van die Gereformeerde Kerk en veral baie van die Hervormde Kerk. Die Ring van Bulawayo het selfs die Hervormde Kerk genader om offisiële ondersteuning vir die Daisyfield-weeshuis, omdat daar 'n aansienlike getal kinders van dié susterkerk in 1926 in die Inrigting was [3)].

Die kinders is nie alleen liggaamlik en geestelik versorg nie, maar daar is ook moeite gedoen en koste aangegaan vir ontspanning. Hulle is gereeld op uitstappies en pieknieks onthaal. Reeds in 1918 is planne beraam om die kinders by die Victoria-waterval te laat uitkamp [4)]. Dit was egter weens gebrek aan tente en geld nie moontlik nie. In 1925 het die Direksie, aan die Direkteur die reg verleen om tot £60 te bestee aan tente of seile in verband met Dingaansfeesviering en ander vakansies wanneer dit wenslik is om kinders te laat uitkamp [5)].

Sover..../



1). Vgl. Weeshuisregister.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 10 Sept. 1927, 193.
3). Ibid., Aug. 1926, 161
4). Notule van die Direksie, 28 Sept. 1918, 95.
5). Ibid., 7 Sept. 1952, 247.

Sover dit die opname van kinders in die Inrigting betref, is ook bepaalde gedragslyne deur die Direksie neergelê:

i). Kinders van die N.G. Kerk en andere word gratis in die Inrigting opgeneem totdat hulle opvoeding volgens die opvatting van die Direksie voltooi is, en hulle mag die Inrigting nie sonder die toestemming van die Direksie verlaat nie.

ii). Ouers of voogde wat kinders sonder toestemming van die Direksie uitneem, moet aan die tesourier die koste van verpleging, bereken teen £2 per kind per maand, terugbetaal.

iii). Ouers of voogde mag hulle kinders eenmaal per jaar in die Inrigting besoek mits hulle weer na hulle aankoms met die eersvolgende trein met passasiers fasiliteite vertrek. Ingeval hulle verlang om langer te bly, moet hulle losies betaal teen 5/6 per dag.

iv). Besoekers mag alleen op weeksdae toegelaat word, en dan mag hulle besoek nie op die gewone werk van die kinders inbreuk maak nie.

v). Kinders wat behalwe hulle skoolvakke ook opgelei word en Houtwerk of Skoenmakery of Landbou en Veeteelt of Modemakery, moet minstens twee jaar na hulle die skoolwerk afgehandel het, in die Inrigting bly om 'n sertifikaat in een van die bogenoemde vakke te kan kry mits hulle bekwaam gevind word. Seuns wat 'n driejarige kursus in Landbou en veeteelt neem, kry as bonus vir hulle dienste 'n span van sestien ossies.

Omdat die Direksie so baie moeilikhede ondervind het met kinders wat na vakansies, sonder verlof wegbly, moes die ouer of voog 'n verklaring onderteken waarin hy bevestig dat sy kind met sy toestemming in die Inrigting opgeneem word en dit nie sonder toestemming van die Direksie mag verlaat nie [1].

Ondanks alle voorsorgmaatreëls en deeglike ondersoek het daar tog nog voortdurend klagtes gekom dat die Direksie ongewenste kinders en kinders van meer gegoede ouers opneem. Ten einde sulke klagtes te voorkom het die Direksie besluit dat geen kind in die Weeshuis opgeneem sal word nie, tensy sy of haar opname deur die meerderheid van 'n wettig gekonstitioneerde Kerkraadsvergadering aanbeveel is. Die Direksie het ook onderneem om op ontvangs van 'n lys van die name van die kinders teen wie geprotesteer word, asook 'n beskrywing van die karakter en godsdienssin en finansiële toestand van die

betrokke...../

-52-

1). Notule van die Direksie, 22 en 23 Feb. 1926, 256.

betrokke ouer of voog elke individuele geval op sy meriete te behandel en toe te sien dat ongewenste kinders verwyder word, mits die verwydering nie die toekoms van 'n kind wat veelbelowend en voorbeeldig is en aan wie die weeshuis 'n groot som geld bestee het, ondermyn nie [1].

Om die algemene toesig te vergemaklik is die monitorstelsel ingevoer, en nes in enige ander koshuis is 'n aantal huishoudelike reëls opgestel waardeur onder andere bepaal is: ,,Die Diasyfield-weeskind sal die grootste ontsag en eerbied betoon teenoor Gods huis, Woord en Dag en alles vermy wat die godsdienssin benadeel d.w.s. slordigheid, luidrugtigheid, oneerlikheid, onopregtheid, vloekery, oneerbiedigheid ens. moet bestry word" [2]. Hieruit blyk duidelik dat die geestelike versorging van die wees- en verwaarloosde kind 'n belangrike aspek van sy opvoeding in die Daisyfield-inrigting uitgemaak het. Teen kadetkampe, skyfskietoefeninge en sport op Sondae, soos in ander skole van die land die gebruik was, het die Direksie hom beslis uitgespreek. Ook in hierdie opsig was die Daisyfield-inrigting uniek.

In 1926 is ook 'n hostel vir betalende kinders geopen. Hierdie hostel het in 'n groot behoefte van die Afrikanergemeenskap van Rhodesië voorsien. Die kinders van meer gegoede ouers kon nou ook hulle opvoeding geniet in 'n Christelik-nasionaal georiënteerde inrigting. Hierdie hostel was nog nie offisieel geopen nie toe was daar al ongeveer dertig aansoeke om opname. Die jaar 1928 is afgesluit met 55 betalende kinders. Sedert 1926 vind ons dus ook behalwe die wees- en verwaarloosde kinders en dagskoliere op Daisyfield ook betalende kosgangers. Die feit dat die voorsiening vir laasgenoemde blywend van aard was en dat die betalende kinders later selfs die weeskinders in aantal oortref het, is 'n aanduiding van die groot behoefte waarin die Inrigting nou voorsien het. Die doel van die oprigting van so 'n hostel was om kinders van meer bemiddelde ouers van goedkoop losies te voorsien en so op te voed dat hulle getrou sal wees aan hulle volk en godsdiens. Dit sou in alle opsigte onder dieselfde bestuur staan as die weeshuis, en die weeshuisregula-

sies ........./

-53-

1).Notule van die Direksie, 7 Feb. 1927, 289.
2).Ibid., 22 en 23 Feb. 1926, 260.

sies sou ook vir die kosgangers geld. Die losiesgelde is aanvanklik vasgestel op £6 per kwartaal, terwyl aansoek om vermindering van of gratis skoolgeld deur die prinsipaal by die Direkteur van Onderwys gedoen kon word. Die hostel sou tydens die Junie- en Desembervakansies sluit, wanneer die kinders na hulle huise kon gaan 1).

b. Akkomodasie.

Uitbreiding in hierdie verband het onverpoost voortgegaan. Op 6 Mei 1922 is die ligtetoestel formeel in gebruik geneem en hiermee is in 'n lank gevoelde behoefte voorsien. Nog in dieselfde jaar is 'n wasmasjien aangekoop, en teen die einde van 1928 is 'n warmwatertoestel vir die kombuis aangelê. Die probleem van huisvesting is ook in alle erns aangepak. Met die oog op meer ruimte vir die kinders het die Direksie in 1922 begin om grasdakhutte te laat aanbou teen 'n beraamde koste van £20 per hut. So 'n hut kon vier kinders huisves. Teen 1926 was die probleem in so 'n mate opgelos dat die Direksie aan die Direkteur kon opdra om toe te sien dat daar nie twee kinders op een bed slaap nie en dat alle beskikbare ruimte in beslag geneem sal word ten einde aan die Departementele eise te voldoen 2). Die boubedrywighede was nou so groot dat daar weer 'n boukommissie, bestaande uit die Direkteur en mnrr. D.Q. Campbell en P.J. Celliers, benoem moes word. Hulle moes toesig hou oor alle reparasies, bouery ens.

Aan die onderwysers kon nou ook beter akkomodasie gebied word. 'n Prinsipaalswoning is gebou teen 'n koste van ongeveer £500, en die huis deur mnr. Vermaak op eie koste opgerig, is van hom oorgeneem teen £320. By elke huis is ook twee hutte aangebou. Die losies vir onderwyseresse en ander ongetroude personeellede was egter nog uiters ontoereikend. Dikwels is gekla oor die gehalte en prys van die losies, die meubilering van die slaapkamers en ander ongeriewe. Hierdie probleem het heelparty bedankings ten gevolg gehad, hoewel die Direksie steeds probeer het om tegemoetkomend te wees. Nadat die Departement toegegee het dat onderwysers losies sal betaal, het die Direksie die losiesfooie op £48 per jaar vasgestel. Toe klagtes oor die gehalte van die losies ingedien is, het die Direksie vir onderwyseresse losies gereël by getroude personeel. Hulle het weer gekla dat die losiesgelde te......../



1.) Notule van die Direksie, 22 en 23 Feb. 1926, 260.
2). Ibid., 31 Mei 1926, 269.

te hoog is dog uit die korrespondensie met die Departement het dit geblyk dat laasgenoemde tevrede was met die losiesfooie. Nadat weereens klagtes ingedien is oor die gehalte van die losies, het die Direksie onderneem om elke onderwyseres van 'n rondawel as slaapkamer en 'n gesamentlike kombuis en eetkamer te voorsien [1]. Nadat klagtes nog steeds ingestroom het, is ds. Barrisk en eerw. Liebenberg as kommissie afgevaardig om die onderwyseresse te ontmoet ten einde die knaende probleem saam met hulle op te los. Die kommissie het hulle losies teen £24 per jaar aangebied met die verstandhouding dat hulle 'n deel van die toesig buite skoolure sou onderneem. Hierdie reëling is ook as beginsel neergelê vir alle toekomstige onderwysers [2]. 'n Tyd lank het dit goed gegaan; toe het daar weer klagtes ingekom. In November 1928 het die Direksie besluit om hulle die keuse te gee om in 'n personeelhuis in te woon en self te loseer teen £2 per maand of om in die koshuise in te woon teen £48 per jaar. 'n Aparte eetvertrek sou dan tot hulle beskikking gestel word. Omdat die Direksie gevoel het dat die onderwysers rus nodig het en dat die gedurige aanraking in en buite skoolure nadelig werk op beide kind en onderwyser, is besluit om voortaan alle onderwysers van gewone koshuisdienste te onthef [3].

c. Personeel.

Teen 1924 het die weeshuispersoneel tien lede getel. Die salarisse is soos volg deur die Hoofbestuur vasgestel:

i). Direkteur: £250 per jaar met vry losies; die volgende jaar is die salaris verhoog tot £300 per jaar;

ii). huisvader: £175 per jaar met vry losies;

iii). boekhouer: £175 per jaar met vry losies;

iv). boer: £108 per jaar met vry woning en 30 pond vleis en 'n halfsak meel per maand;

v). skoenmaker: £180 per jaar;

vi). timmerman: £300 per jaar;

vii). naaister: £6 per maand plus vry losies;

viii). drie werksters: £4 per maand aanvangsalaris en verhoging van £1 per maand na twaalf maande asook vry losies [4].

In die hersiene bepalinge vir die weeshuispersoneel in 1926 is onder andere bepaal dat die werkers en werksters na

'n ........../

-55-

1). Notule van die Direksie, 1 Junie 1925, 239.
2). Ibid., 7 Sept. 1925, 246.
3). Ibid., 24 Nov. 1928, 327.
4). Notule van die Hoofbestuur, 25 Junie 1924, 53.

dienstyd van twaalf maande geregtig is op ses weke vakansie. Elke week kry hulle met verlof van die Direkteur 'n halfdag vry. Naweke en openbare vakansiedae, behalwe Kersfees en Nuwejaar, sou nie vir die weeshuispersoneel as vakansiedae gereken word nie. Verder is bepaal dat waar die gedrag van die personeellede onderling of afsonderlik nie 'n goeie invloed op op die kinders uitoefen nie, die Direksie hulle sal vra om te bedank [1].

Die weeshuispersoneel het oor die algemeen uitmuntende dienste gelewer, en in 1925 het die Ring van Bulawayo sy dank uitgespreek ,,per akklamasie jigens die Direkteur en werkers en werksters te Daisyfield" [2].

## 4.
## Finansies.

a. Gelde.

Ook finansieel het die Daisyfield-inrigting baie baat gevind deur die oorname van die Inrigting deur die Ring van Bulawayo. Nadat 'n straatkollekte ten behoewe van Daisyfield in Bulawayo deur die plaaslike Kerkraad onderneem, so 'n groot sukses geblyk het ('n bedrag van meer as £90 is ingesamel), het hierdie Kerkraad 'n beskrywingspunt na die Ring gestuur met die voorstel dat elke kerkraad in Rhodesië jaarliks so 'n kollekte ten behoewe van die Inrigting moes organiseer [3]. Die Ring het daarop eenparig besluit dat in elke gemeente van die Ring daar jaarliks 'n insameling ten behoewe van Daisyfield sal geskied in die vorm van basaars, spesiale kollektes of straatkollektes [4]. Gelde het nou gereeld sonder uitsondering uit al die gemeentes van Rhodesië ingestroom. Hoewel dit in 'n mate stabiliteit in die gelde van die Inrigting teweeggebring het, is daar nog steeds met geldelike te korte geworstel, en daar moes nog telkens by die moedergemeentes in die Suide om hulp aangeklop word. In Desember 1924, byvoorbeeld, moes by die Standard Bank om 'n verdere oortrekking van £500 gevra word, waarvoor die Direksie 'n waarborglys moes teken. Die Ring van Bulawayo het alle verantwoordelikhede aanvaar toe hulle onderneem het om die Direksie te vrywaar teen verlies waar hulle geldelike verantwoordelikheid namens en op las van die Ring op hulle geneem het [5].

In........./



1). Notule van die Direksie, 22 en 23 Feb. 1926, 257.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, Aug. 1925, 130.
3). Notule van die Kerkraad van Bulawayo, 14 Okt. 1922, 19.
4). Notule van die Ring van Bulawayo, Nov. 1922, 95.
5). Ibid., Aug. 1925, 130.

In 1925 is 'n bedrag van £263 van die Algemene Armesorgraad van die Oranje-Vrystaat ontvang, wat baie nuttig te pas gekom het juis op 'n tydstip toe £200 aan ds. Van Blerk vir sy beeste vereffen moes word.

Die lopende uitgawe van die Inrigting was ondanks alle moontlike besparingsmaatreëls, nog besonder hoog. Behalwe die onderhoudskoste van die weeskinders moes daar voortdurend reparasies en verbeteringe aan die geboue gedoen word, en noodsaaklike uitbreidings ondernemings moes aangepak word. Veral 'n knellende faktor was die ongewenste toestand dat daar altyd rekenings vir werk deur die industriële vertakkinge vir die publiek gedoen en losiesfooie van betalende kinders agterstallig was. Dit kom eenvoudig voor asof die algemene publiek gemeen het dat so 'n liefdadigheidsinrigting tot elkeen se gerief en finansiële voordeel opgerig is. Omdat die Direksie aanvanklik in beginsel geen geregtelike stappe teen sulke persone wou doen nie, is die posisie uitgebuit. 'n Beleid van geen uitstel te verleen nie het ook nie eintlik die gewenste uitwerking gehad nie.

Ondanks al hierdie probleme het dit tog gelyk asof die Inrigting die ergste geldelike struikelblokke reeds oorkom het. Behalwe die substansiële ondersteuning in verband met die skool en weeshuis is ook nog verskeie bydraes van owerheidsweë ontvang, soos byvoorbeeld die kwytskelding van hereregte en seëls met die oordrag van die eiendomme op naam van die Ring van Bulawayo, etlike donasies van £25 elk deur die Departement van Spoorweë, spoorwegkonsessies aan hoofbestuurslede ens. Met sy besoek in Rhodesië in 1927 het die sekretaris van die Inwendige Zending Commissie, ds. Luckhoff, daarop gewys dat die Weeshuis te Daisyfield veel meer van Regeringsweë ontvang as soortgelyke inrigtings in die Unie [1].

b. Boerdery.

Die toestand van die boerdery het nog veel te wense oorgelaat. Dit kon dien as 'n belangrike hulpbron in die voedselvoorsiening van die Inrigting. Die bestuur van die Inrigting het dit terdeë besef en alle moontlike pogings aangewend om deur die boerdery in die verbruiksbehoeftes van die Inrigting te voorsien. Die beesboerdery het fluks gevorder, en sedert 1925 kon alle vee vir slagdoeleindes voorsien word, sodat dit...../



1.) Notule van die Ring van Bulawayo, 10 Sept. 1927, 194.

dit nie meer nodig was om vleis te koop nie. Hoewel 75 beeste in die voorafgaande jaar geslag is, het die kudde teen die einde van 1928 nog 400 getel. Die saaiery wou maar nie vlot nie, wat te wyte is aan die onvrugbare en klipperige lande en wisselvallige reënval. In 1924 is 'n rekord-oes van 350 sak mielies plus groenmielies vir daelikse gebruik gewen. Hierdie oes kon ruim voorsien in die verbruiksbehoeftes van die Inrigting. Om die nodige groente te kweek het nogal heelwat probleme opgelewer. Die onderaardse water was nie sterk genoeg vir besproeiingsdoeleindes nie, daarom moes twee opgaardamme gemaak word. Vir hierdie doel is mnr. J. van Wyk vir ses maande vanaf 2 Junie 1924 in diens geneem teen 'n salaris van £7. 10. 0. per maand met vry losies [1]. In 1924 het die Hoofbestuur aan die Direksie opgedra om 'n beter klas koeie en bulle aan te skaf sodat dit nie meer nodig sou wees om melk te koop nie. Die volgende jaar het ds. Pienaar as voorsitter van die Direksie in 'n brief in Die Kerkbode die groot behoefte aan 'n paar goeie Frieskoeie vir die Inrigting beklemtoon. In hierdie behoefte is grootliks voorsien deur die nalatenskap van mnr. William Thornburn Lees van Matopos. In sy testament het hy £500 aan die Daisyfield-inrigting bemaak. Die Direksie het besluit om hierdie geld uitsluitlik te gebruik om 'n toereikende voorraad melk vir die Inrigting te verseker [2]. Deur hierdie legaat was dit dan ook moontlik om 'n koeistal vir sestien koeie behoorlik in te rig, twee silo's van 12 vt. by 12 vt. elk te bou, 'n voermasjien met blaser teen £65 aan te koop asook vier opregte Frieskoeie teen £150.

Na meer as vier jaar lange wik en weeg is die plaas uiteindelik in 1927 behoorlik omhein op hierdie stadium was die boerdery só ingerig dat dit onder normale omstandighede ten minste in die verbruiksbehoeftes van die Inrigting kon voorsien.

c. Ander gereelde bronne van inkomste.

In 1922 is 'n saagmasjien vir die Inrigting aangekoop en hout is om die helfte of teen vergoeding vir die publiek gesaag. In dieselfde jaar is ook begin met 'n meule. Vir die publiek is ook gemaal teen 'n vergoeding van 2 sjielings per sak. Die industriële vertakkinge, soos die Houtwerk- en die Leerwerkdepartement het ook gereeld werk vir die publiek onderneem teen vergoeding soos ooreengekom met die

Direkteur....../



1). Notule van die Direksie, 31 Mei 1924, 206.
2). Ibid., 24 Nov. 1928, 330.

Direkteur. Dit het onder andere ingesluit die maak van meubels, bewerking van hout, looi van velle, maak van skoene, tooms, halters, tuie, oortreksels vir motors ens.

## 5.
## Onderwys.

a. Die probleme.

Die Departement van Onderwys het ruim bygedra tot die onderwys van die kinders in die Inrigting. Afgesien van die volle salarisse van die onderwysers is die indústriële vertakkinge op die £ vir £-basis ondersteun te wete die salarisse van die instrukteurs, die aankoop van gereedskap en ameublement. Die skool is ook gereeld deur die inspekteurs van die Departement besoek. Hulle het verslag gedoen en wenke aan die hand gegee. Die onderwysaangeleenthede is in 'n groot mate uit die hande van die Bestuur geneem, en die Ring van Bulawayo het dit in 1923 raadsaam geag om 'n Waaksaamheidskommissie, bestaande uit ds. Pienaar en eerw. Vlok, te benoem. Hulle sou veral waak oor die gees en rigting van die onderwys.

b. Tegniese onderwys.

Die probleem wat in hierdie tyd met mening aangepak is, is die kwessie van tegniese onderwys. Die ideaal waarvoor ds. J.N. Geldenhuys hom reeds in 1906 beywer het, en die doelstellinge wat hy onder andere in 1909 met die insameling van gelde vir die inrigting vir die wees- en verwaarloosde kinders van Rhodesië gekoester het, is eers veel later in die tegniese vertakkinge van die onderwys op Daisyfield verwesenlik. Dit was weer ds. Geldenhuys wat die leemtes in die skool op Daisyfield raakgesien het. Sommer met sy eerste vergadering as voorsitter van die Direksie in 1922 het hy onomwonde verklaar dat die kinders wat die Inrigting verlaat nog onbekwaam is vir die wêreld. Verder het hy ook die mening uitgespreek dat 'n private losieshuis op Daisyfield vir ouers wat die opvoeding van hulle kinders wil laat voortsit, baie wenslik is 1).

Nadat hy die kwessie van tegniese onderwys aan Daisyfield persoonlik aan die Departement van Onderwys gestel het, is £150 dadelik aan Daisyfield toegestaan vir uitbreiding in hierdie rigting. Later is die samewerking van die Departement

verkry......../

-59-

1). Notule van die Direksie, 15 Des. 1922, 175.

verkry om op die £ vir £-basis alle tegniese uitbreiding te ondersteun. Die Direksie het dadelik twee lede aangestel, naamlik mnr. Groenewald as houtwerkinstrukteur teen 'n salaris van £300 per jaar en mej. M. Steyn as instruktrise in Spin en Weef teen 'n salaris van £120 per jaar 1) . Op aanbeveling van mnr. Louw, toenmalige superintendent van die Langlaagte-Weeshuis, het die Direksie afgesien van hulle voorgenome spin en weefdepartement en in die plek daarvan 'n modemakery onderneem 2). In 1925 het eerw. Botha weer 'n persoonlike onderhoud met die Direkteur van Onderwys gehad ten einde 'n Landboudepartement in die lewe te roep, dog die Direkteur was nie hiervoor te vinde nie en wou meer inligting gehad het 3) .

Ten einde die vakleerlinge geleentheid te gee om ook met gewone skoolwerk voort te gaan is met die onderwysers gereël om aandklasse vir hierdie leerlinge te gee. 'n Behoorlike applikasievorm vir toelating tot vakleerlingskap in die Inrigting moes voltooi word, en 'n aantal regulasies vir sulke leerlinge is opgestel. Hierin is onder andere bepaal dat vakleerlinge die gewone reëls en regulasies van die inrigting moes gehoorsaam. Losies sal in die geval van hostelkinders met die betrokke ouers of voogde gereël word, en in die geval van kinders van die kindertehuis sou losies gratis wees 4) . Die gewone kursus sou strek oor 'n tydperk van twee jaar nadat leerlinge die skool verlaat het, met inagneming van die vordering in die vak gedurende die skooltyd. Geen salaris sou ontvang word nie, maar elke leerling sou 'n bonus van 5% van die netto wins van die werk deur hom of haar verrig, ontvang. Elke ses maande sou 'n toets afgeneem word, en as die leerling 'n sekere persentasie punte behaal, sou 'n verdere bonus na verdienste toegeken word. Na afloop die vakleerlingskap sal die leerlinge na geslaagde aflegging van 'n finale toets voorsien word van 'n diploma en sover moontlik gehelp word om 'n betrekking te kry.

Teen die einde van 1928 kon die verwesenliking van 'n lank gekoesterde ideaal uiteindelik in die goedgeorganiseerde stelsel van tegniese opleiding aan die Inrigting verwesenlik gesien word. Met so 'n tegniese inrigting naas die

gewone...../



1). Notule van die Direksie, 4 Nov. 1922, 170.
2). Ibid., 15 Des. 1922, 175.
3). Ibid., 30 mei 1925, 238.
4). Ibid., 25 Feb. 1928, 310.

gewone akademiese skool kon die Inrigting nou ook geleentheid bied aan die verstandelik minder begaafde kind. So is byvoorbeeld aan die einde van 1928 'n lys van name van vyftien kinders vanaf standerd 3 tot standerd 6 met ouderdomme tussen sestien en agtien jaar aan die Direkteur voorgelê ten einde toestemming van die ouers te verkry om die betrokke kinders na een of ander vak oor te plaas 1) .

c. Middelbare onderwys.

Die behoefte aan onderwys na standerd 6 is allerweë gevoel. In 1922 het daar van die Christelike Jongeliedevereniging 'n versoek tot die Direksie gekom om voorsiening te maak vir opleiding in die Junior Sertifikaat 2) . Die Hoofbestuur het besluit om die saak by die Ring aanhangig te maak en voorgestel dat met die Departement onderhandel moes word om 'n onderwyser vir die hoër klas aan te stel of as alternatief 'n onderwyser op eie koste aan te stel 3). In November van dieselfde jaar het die Ring die status van 'n Junior Sertifikaat-skool te Daisyfield in beginsel aanvaar en aan die Direksie opgedra om so spoedig moontlik 'n begin daarmee te maak.

Die onderhandelings met die Onderwysdepartement het op 'n dooie punt uitgeloop. Die aanbod om die standerd 7-leerlinge na Gwelo te stuur kon die Direksie nie aanvaar nie; daarom is besluit om voorlopig self die verantwoordelikhede vir 'n Junior Sertifikaat-klas te aanvaar. Mev. Conradie, eggenote van die prinsipaal, is gevra om voorlopig die klasse waar te neem, en by die Helpmekaar is aangeklop om die nodige geld 4). Omdat mev. Conradie om gesondheidsredes nie aan die versoek kon voldoen nie, is die pos geadverteer teen 'n salarisskaal van £300 x £10 - £350. In 1923 is ene mej. Geldenhuys aangestel en met die opening van die skool in 1924 is 'n begin gemaak met die middelbare afdeling. Die skoolgeld is vasgestel op tien sjielings per kind per maand, terwyl die Direkteur voorlopig moes sorg vir huisvesting tot tyd en wyl die losieshuis in gebruik geneem kon word 5) . Teen die einde van die tweede kwartaal was daar tien leerlinge vir hierdie klas ingeskryf.

Die finansiële las was egter te swaar vir die Inrigting, en.../

-61-

1). Notule van die Direksie, 24 Nov. 1928, 326.
2). Ibid., 15 Julie 1922, 164.
3). Notule van die Hoofbestuur, 13 Julie 1923, 47.
4). Notule van die Direksie, 14 Apr. 1923, 183.
5). Ibid., 2 Feb. 1924, 2001

en ds. Geldenhuys het namens die Hoofbestuur met die Onderwysdepartement onderhandel ten einde die status van die skool te verhoog en die finansiële laste oor te neem. Terselfdertyd is weereens by die Helpmekaar van die Kaapprovinsie en die Algemene Christelike Vrouevereniging aangeklop om die nodige geld. Dit was alles tevergeefs, en in Augustus was die toestand so kritiek dat die Direksie die Ringskommissie verwittig het dat die Junior Sertifikaat-klas alle aandag vereis. Ondanks al hierdie pogings was daar geen uitweg nie, en in November moes die Direksie genoeë neem met die besluit van die Ringskommissie dat die Junior Sertifikaat-klas nie weer na die Desembervakansie sou open nie.

Hiermee is die saak egter nog lank nie gewonne gegee nie. Die Hoofbestuur het nogeens met die Departement onderhandel, en toe aan hulle pertinent gestel is dat alle kinders wat begerig is om middelbare onderwys te ontvang, na die regeringskole moet gaan, is die saak weer na die Ring verwys met die versoek dat die Ring handelend sal optree en 'n deputasie na die regering sal stuur ten einde die status van Daisyfieldskool verhoog te kry 1). In Augustus 1925 het die Ring 'n deputasie bestaande uit di. Geldenhuys, Barrish en twee ouderlinge afgevaardig om by die regering aan te dring op 'n verhoogde status van Daisyfieldskool - dog alles tevergeefs. Na twee jaar het die Direksie weereens die saak na die Ring verwys, en weereens is dit by die Onderwysdepartement voorgedra deur ds. Pienaar. Na 'n lang en hardnekkige weerstand moes die Departement eindelik swig voor die knaende volharding van die bestuur van Daisyfield, en in 1928 kon Daisyfield begin met die erkende status van Junior Hoërskool.

d. Onderwysers.

In 1922 is begin met 'n personeel van vier onderwysers met mnr. Conradie as prinsipaal. In 1924 is ene mnr. Walton as vyfde assistent aangestel, en die volgende jaar het die Departement versoek dat daar ook 'n kindertuinonderwyseres aangestel moes word. Hoewel die Direkteur baie koste en moeite gedoen het kon 'n gekwalifiseerde onderwyseres nie gevind word nie. Omdat mej. Jackson, wat intussen bedank het, gewillig was om die verantwoordelikheid op haar te neem en aangesien sy bekwaam beskou is, het sy in 1925 die sesde assistentspos

as.../

-62-

1). Notule van die Hoofbestuur, 25 Junie 1924, 50.

as kindertuinonderwyseres aanvaar. Uit inspekteursrapporte blyk dat hierdie personeel uitstekende dienste verrig het ondanks die veelvuldige buiteskoolse verpligtinge en die besondere tipe verwaarloosde kind waarmee hulle te doen gehad het. Die Daisyfield-kinders wat van tyd tot tyd na hoërskole elders gegaan het, het deurgaans baie gunstig gekompeteer met kinders wat hulle daar ontmoet het 1).

In verband met die tegniese vertakkinge van die onderwys op Daisyfield was daar teen 1928 'n Leerwerk-, Houtwer- en Landbou- en veeteeltinstrukteur wat die seuns onderrig het in hulle onderskeie departemente. Vir die meisies was daar 'n modemaakster, wat die senior dogters geleer het om hulle eie rokke te maak en as modemaaksters te kwalifiseer. Verder het 'n gekwalifiseerde Huishoudkunde-onderwyseres eenkeer per week van Gwelo af gekom om aan die hoër klasse Huishoudkunde te gee. Ook hierdie instrukteurs en instruktrises het uitstekende werk gelewer. 'n Bewys hiervan is die feit dat die Daisyfield-inrigting met 'n hele reeks pryse kon spog wat die kinders behaal het vir hulle handwerk op die tentoonstellings van Gwelo en Bulawayo 2). Die salarisse van hierdie persone (met uitsondering van die Landbou-instrukteur) het gewissel van £180 tot £350 per jaar en is op die £ vir £-basis deur die regering betaal 3).

e. Geboue en meublement.

Met die nuwe skoolgebou op Daisyfield kon die skoolwerk met meer gerief aangepak word. 'n Groot struikelblok was egter nog die karige ameublement. Die kinders en onderwysers moes genoeë neem met lendelam banke, tuisgemaakte tafels en stoele. In 1924 het die Onderwysdepartement egter hier ingegryp en die skool voorsien van splinter nuwe meubels.

Ook die industriële vertakkinge is geriefliker ingerig. 'n Huishoudkundeklaskamer en musiekkamer is aangebou, die houtwerkkamer is vergroot, 'n saagmasjien en ander moderne gereedskap en toerusting is aangekoop.

## 6.
## Nasorg.

In 1925 het die Direksie op voorstel van ds. J.N. Geldenhuys

'n ......./



1). Verslag van die Ring van Bulawayo, 29 Mei 1929, 2.
2). Idem.
3). Notule van die Direksie, 28 Feb. 1928, 3091

'n belangrike besluit geneem met betrekking tot die nasorg van die Daisyfield-kinders. Geen kind sou voortaan die Inrigting mag verlaat nie tensy daar vir die kind 'n werkkring gevind is wat deur die Direksie goedgekeur is, of vir die kind deur die Direksie voorsorg vir behoorlike huisvesting elders getref is [1]. Hierdie beleid is neergelê omdat daar gevoel is dat, as die tyd vir die wees- en verwaarloosde kind aanbreek om die Inrigting te verlaat, hy homself weer dikwels in dieselfde omstandighede van verwaarlosing bevind as toe hy opgeneem is, en in sulke gevalle sou al die arbeid en koste aan die opvoeding van so 'n kind bestee, van geen waarde wees nie. In 1928 is ook in die regulasies vir vakleerlinge uitdruklik bepaal dat hulle na voltooiing van hulle kursusse sover moontlik gehelp sal word om betrekkinge te kry [2]. Later is bepaal dat in buitengewone spoedeisende gevalle die Direkteur die reg sou hê om kinders sonder toestemming van die Direksie in een of ander winsgewende betrekking te plaas [3]. Waar moontlik is die kinders ook nie met leë hande die wêreld ingestuur nie; daarom is voorsiening gemaak om aan vakleerlinge bonusse te betaal, terwyl seuns wat hulle op boerdery wou toelê, kon spog met 'n span Afrikanerosse as hulle die Inrigting verlaat. Veral die houtwerkkursus het goeie vooruitsigte gebied. Seuns wat hierdie kursus voltooi het, het maklik van £20 tot £30 per maand verdien. Sover bekend was daar teen 1928 onder andere 25 van die ou weeshuiskinders werksaam in verband met boerdery, 19 in die spoorweë, 10 in myne, 4 in wamakery, 12 as knap timmermans, 8 as messelaars, en vier het onderwys gegee aan die verstrooide volksgenote in Rhodesië, terwyl een vir sendeling geleer het [4].

1.) Notule van die Direksie, 7 Mrt. 1925, 229.
2.) Ibid., 25 Feb. 1928, 305.
3.) Ibid., 5 Mei 1928, 317.
4.) Verslag aan die Ring van Bulawayo, 29 Mei 1929, 3.

# HOOFSTUK V.

## DIE DAISYFIELD-INRIGTING ONDER DIE SORG VAN DIE NED. GEREF. KERK VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT: 1929 - 1938.

### 1. Inlywing van die Rhodesiese gemeentes by die Kerk van die Oranje-Vrystaat.

Die byna dertig jaar van die bestaan van die gemeentes van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Rhodesië word gekenmerk deur stryd, 'n stryd in die ongebaande weë van 'n ongetemde wildernis, 'n stryd om die behoud van 'n eie kultuur en godsdiens, maar veral was dit 'n stryd in terme van ponde, sjielings en pennies [1]. Die moederkerk van Kaapland kon nooit die nodige finansiële steun verleen nie, omdat die verantwoordelikhede van die Kerk steeds uitgebrei het. Sy voorposte in Suidwes-Afrika, Argentinië, Betsjoeanaland, Kaffraria en Namakwaland het besondere aandag vereis, daarby was nog 'n hele aantal arbeidskolonies, armkoshuise en 'n twintigtal hulpbehoewende gemeentes ingesluit [2]. Die moederkerk kon dus onmoontlik die nodige finansiële steun verleen, met die gevolg dat die gemeentes in Rhodesië steeds in 'n worstelstryd betrokke was. Al die gemeentes het aan die vooraand van groot ontwikkelings gestaan, maar in die meeste gevalle kon die lopende uitgawes nie eens gedek word nie, noodsaaklike kerkgeboue moes agterweë bly, opvoedkundige ondernemings moes laat vaar word, en dikwels was die salarisse van predikante agterstallig.

As oplossing vir hierdie ongesonde toestand, wat van die begin af geheers het, is verskeie aanbevelings aan die hand gegee. Reeds in 1912 het ds. C.R. Kotze aan die hand gedoen dat meer hulp van die Vrystaatse Kerk verkry moes word, aangesien hierdie Kerk die bearbeiding van Ghanziesland juis op daardie tydstip laat vaar het [3]. Na sy besoek aan Rhodesië het dr. D.F. Malan in 1916 voorgestel dat die Transvaal en die Vrystaat moes help met die ondersteuning van die Kerk in Rhodesië [4]. Hierdie voorstel het algemeen weerklank gevind omdat die meeste Afrikaners in Rhodesië van hierdie provinsies afkomstig was; Melsetter, byvoorbeeld het byna uitsluitlik uit

Vrystaters....../

-65-

1). Olivier: Die Ned. Geref. Kerk en die Onderwys in Rhodesië, 45
2). Ibid., 48.
3). C.R. Kotzé in 'n brief in De Kerkbode, 29 Sept. 1912, 8.
4). Acta Synodi (O.V.S.), 1916, 49.

Vrystaters bestaan 1) . Hoewel die Transvaalse Kerk gewillig was om te help, het dit met dieselfde probleme as die Kaaplandse Kerk te kampe gehad. Met Brits-Oos-Afrika en Tanganjika as arbeidsveld kon van die Transvaal nie hulp verwag word nie 2). Aan die anderkant was die Vrystaatse Kerk nie so swaar belaai met ,,buitelandse" verpligtinge nie, en die idee dat die Vrystaat moes ingryp, het al meer vorm gekry totdat dit eindelik by die Sinodes aanhangig gemaak is, en die finale stappe tot inlywing van die Rhodesiese gemeentes by die Vrystaatse Kerk het gevolg. In 1927 het 'n kommissie van die Kaapse en Vrystaatse Kerke die land deurreis om die wenslikheid van so 'n inlywing te ondersoek. Hulle het aanbeveel dat die tyd ryp was en dat dit die sielkundige oomblik vir die Vrystaatse Kerk was om op te tree 3) . Die jare van stryd het ook die Rhodesiese gemeentes ten gunste van so 'n inlywing gestem, en die Ring van Bulawayo het hom eenparig ten gunste van die inlywing uitgespreek 4), en deur sy afgevaardigdes ook by die Sinode van die Kaapse Kerk daarop aangedring 5) Na drukke bespreking in die Sinode van die Kaapse Kerk is daar besluit om die Vrystaatse Kerk offisieel in dié verband te nader 6). Laasgenoemde het die inlywing met 82 teen 8 stemme bekragtig.7) . Hierdie inlywing van die Rhodesiese gemeentes by die Ned. Geref. Kerk van die Oranje-Vrystaat was, uit finansiële oogpunt beskou, 'n uitkoms vir beide die Rhodesiese gemeentes en die Kerk van Kaapland, dog dit is nie sonder gemengde gevoelens aanvaar nie. Dit het die einde beteken van die veertig jaar lange voogdyskap van die Kaapse Kerk, en dit is vergelyk met die uittree van 'n dogter uit haar ouerhuis 8).

Die Rhodesiese gemeentes het nou aan die vooraand gestaan van 'n tydperk van rustige uitbreiding. Sierlike kerkgeboue het in verskeie gemeentes verrys, en die geldelike struikelblokke kon die een na die ander uit die weg geruim word. In hierdie voorreg kon die Daisyfield-inrigting ook in 'n ruime mate deel, want die Inrigting op sigself het finansieel beter steun geniet as sommige van die gemeentes.

## 2.
## Bestuur en Organisasie.

### a. Hersiene Grondreëls.

Met die loop van tyd het met die verandering van omstandighede..../

-66-

1). Olivier: Die Ned. Geref. Kerk en die Onderwys in Rhodesië, 47
2). Idem.
3). Ibid., 48.
4). Vgl. Notule van die Ring van Bulawayo, 12 Sept. 1927, 197-198 ook 31 Mei 1929, 215-220.
5). Handelinge Sinodale Kommissie (Kaap), 1928, 28.
6). Acta Synodi (Kaap), 1928, 209.
7). Ibid (O.V.S.), 57 vgl. ook Acta Synodi (Kaap), 1937, 17.
8). Olivier: Die Ned. Geref. Kerk en die Onderwys in Rhodesie, 49 vgl. ook Notule van die Ring van Bulawayo, 31 Mei 1929, 217.

dighede en die uitbreiding van die Inrigting nuwe leemtes in die ou Statute van die Inrigting aan die lig gekom. Gewysigde reëlings in verband met die bestuur en organisasie van die Inrigting moes duidelik omskrywe in die grondreëls en die huishoudelike reëls van die Inrigting saamgevat word. Die Ring van Bulawayo het hierdie taak in die hande van die Ringskommissie gelaat om te handel in oorleg met die Direksie van die Inrigting[1]. Die Ringskommissie het aan sy voorsitter, ds. G.J. van Zyl, opgedra om in oorleg met 'n kommissie deur die Direksie benoem naamlik die Direkteur en mnr. D. Davel, die nodige wysigings in toevoegings aan te bring, ten einde dit voor die Ring te lê vir goedkeuring [2]. Na sorgvuldige beraad is 'n nuwe konsep opgestel wat op 8 Desember 1936 deur die Ring goedgekeur en aangeneem is as ,,Grondreëls van die Daisyfield Kindertehuis van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die O.V.S." [3].

b. Doel.

Die doel van die Inrigting is soos volg omskryf: ,,om in afhanklikheid van God, die Vader van die wees, en in gehoorsaamheid aan Sy bevel, weeskinders vir wie by die N.G. Kerk aansoek gedoen is om hulp geestelik, verstandelik en liggaamlik behoorlik te versorg en op te voed"[4]. Hier volgens sou dus ook kinders van ander kerkgenootskappe opgeneem word.

c. Bestuur.

Die Ring van Bulawayo het nog steeds as verteenwoordigende liggaam die finale toesig en beheer van die Inrigting behartig, hoewel meer verantwoordelikheid aan die Direksie oorgedra is. 'n Leemte wat in verband met die Direksie gevoel is, is die feit dat elke jaar nuwe lede bygevoeg word. Hierdeur is langtermynondernemings erg bemoeilik. Daarom is die Direksie sedert 1929 driejaarliks in plaas van jaarliks gekies [5]. Die bepaling in die grondreëls dat een van die direksielede 'n dame moet wees [6], sou in 'n groot behoefte voorsien, naamlik om iemand in beheer te plaas wat die behoeftes van die matrones en werksters en die probleme van huishouding in die weeshuis beter begryp.

Ons vind in hierdie grondreëls ook 'n beter omskrywing van die regte en pligte van die Direksie en van die Direkteur.

Die......./

-67-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, 19 Mei 1933, 294.
2). Notule van die Ringskommissie, 12 Julie 1936, 11.
3). Notule van die Ring van Bulawayo, 8 Des. 1936, 30-37.
4). Grondreëls (1936), art. 3.
5). Notule van die Ring van Bulawayo, 31 Mei 1929, 227; vgl. ook Notule van die Direksie, 23 Feb. 1929, 337.
6). Grondreëls (193

Die Direksie kon nou vakatures wat in tussen mag ontstaan, self aanvul, as daar geen beswaar was nie, sou sodanige aanvulling deur die daaropvolgende Ringsvergadering bekragtig word. Hulle kon ook persone vir die volgende Direksie aanbeveel, van wie een deur die lede van die personeel by die Direksie aanbeveel kon word 1). Verder is bepaal dat die Direksie twee keer per jaar sou vergader op 'n tyd en plek deur homself bepaal. Buitengewone vergaderings kon ook gehou word wanneer die voorsitter dit mag nodig ag of wanneer die lede van die Direksie skriftelik daarom aandoek doen. Alle vergaderings word op las van die voorsitter opgeroep. Op die eerste vergadering na die verkiesing van die nuwe Direksie kies hierdie liggaam sy eie voorsitter en ondervoorsitter uit sy midde. Daar moes 'n behoorlike notule gehou word, en alle besluite moes so spoedig moontlik stiptelik uitgevoer word 2). Die Direksie sou teenoor die Ring verantwoordelik wees vir alle lopende uitgawes in verband met die huishouding, plaas en ander industriële vertakkinge van die Inrigting 3).

Volgens die nuwe grondreëls het die eerste dame in die persoon van mej. H.C. Lategan in 1936 op die Direksie van Daisyfield sitting geneem. Op hierdie vergadering het ook mnr. D.H. Davel, toenmalige hoof van die skool op Daisyfield, sitting gehad. Drie jaar later het die Direksie egter om onbekende redes besluit dat dit nie wenslik is dat beide van die skoolpersoneel op die Direksie sal dien nie 4), dog kort daarna is mnr. Davel in sy hoedanigheid as prinsipaal van die skool weer met 'n adviserende stem op die direksievergadering toegelaat 5).

Met die oog op die behartiging van die godsdiensoefeninge in die kerkie op Daisyfield en die algemene geestelike versorging van die kinders op Daisyfield is die oortuiging verskeie kere uitgespreek dat die beginsel neergelê moes word dat die Direkteur 'n sendeling of 'n predikant moet wees. Uiteindelik is hierdie beginsel in 1936 in die grondreëls neergelê: ,,Die direkteur sal 'n bedienaar van die Woord wee, dit wil sê 'n predikant of sendeling en sal deur die Ring wat sy salaris en inwoningsregte sal bepaal, beroep word. Die direksie het die reg om aanbevelings te maak alvorens die Ring so 'n beroep uitbring 6).In antwoord op 'n navraag deur die Ringskriba in...../

-68-

1). Grondreëls, (1936), art. 5.
2). Ibid., art. 9.
3). Ibid., art 10 (a).
4). Notule van die Direksie, 8 Feb. 1939, 155.
5). Ibid., 6 Junie 1939, 157.
6). Grondreëls (1936), art. 6.

in hierdie verband het die Actuaris Synodi egter vasgestel dat geen offisiële beroepsbrief in die vorm van artikel 265 (artikel 25 van die hersiene Kerkwet) aan die te benoeme Direkteur gegee kon word as hy 'n predikant is nie. Hy het aan die hand gegee dat 'n duidelike en goed beskrewe ooreenkoms, deur die Ringskommissie onderteken, met hom aangegaan sal word. Daar kon ook kerkregtelik geen akte van demissie aan die Direkteur gegee word nie. In hierdie geval het die Actuaris Synodi aanbeveel dat 'n wysiging van artikel 243, deur die Direksie en die Ringskommissie onderteken, 'n geskikte getuigskrif sou wees 1). Later is deelname aan die predikantepensioenfonds vir die Direkteur deur die Sinode goedgekeur volgens artikel 148 (bylae 3 van die hersiene Kerkwet). Die Direksie sou die jaarlikse heffinge betaal. As amptenaar van die Ring van Bulawayo is aan die Direkteur in ooreenstemming met die grondreëls en onderworpe aan die Direksie die algehele beheer van die Kindertehuis opgedra 2).

Soosr reeds gemeld, het die Direksie in 1921 daartoe oorgegaan om etlike kommissies te benoem ten einde die Direkteur behulpsaam te wees in die behartiging van die uitgebreide plaaslike aangeleenthede. Hierdie kommissies is mettertyd vervang deur 'n enkele Daelikse Kommissie, later genoem die Dagbestuur Vir hierdie Kommissie is nou ook in die grondreëls voorsiening gemaak deur die bepaling dat daar 'n Daelikse Bestuur sal wees wat sal bestaan uit die Direkteur en sodanige ander lede as die Direksie mag nodig ag. Hierdie Daelikse Bestuur sou al die aangeleenthede behartig wat die Direksie aan hom opdra 3).

Die beheer van die eiendomme en die opheffing van die Inrigting sou nog steeds by die Ring van Bulawayo berus, met die byvoeging dat, indien die Ring tot opheffing van die Inrigting besluit, al die bates tot beskikking van die Ring sal wees, wat daarmee ooreenkomstig die doel van die Kindertehuis soos in artikel 3 van die Grondreëls omskryf, sal moet handel 4).

Naas hierdie grondreëls is in 1936 ook 'n goedomskrewe „Huishoudelike Reglement" van agtien artikels deur die Ring goedgekeur. Hierin is onder andere bepaal dat die Direksie sy eie reëlings omtrent die sekretariaat bepaal. Onder toesig van die Direkteur sal die sekretariaat die volgende verpligtinge behartig. Die hou van notule van alle vergaderinge;

die..../



1). Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Apr. 1938, 52.
2). Grondreëls (1936(, art. 7.
3). Ibid., art. 8.
4). Ibid., art. 12.

die behartiging van die daaruit vloeiende en ander korrespondensie; die bewaring van die argief; die oproep van die lede van die Direksie vir vergaderinge in oorleg met die voorsitter; 'n maandelikse finansiële verslag voor die Daelikse Bestuur lê en voorts alle verantwoordelikhede dra vir sodanige andere werksaamhede as wat die spesiale behoeftes van die Kindertehuis mag vereis 1) .

As 'n direksielid van drie agtereenvolgende vergaderings sonder toestemming van die Direksie afwesig is, sal hy ophou om direksielid te wees. Verder, as die Ring en die Direksie mag oordeel dat 'n direksielid behoort af te tree, dan is so iemand daartoe verplig 2) Die lede van die Ringskommissie kon as sodanig by die direksievergaderinge sitting neem met adviserende stem 3). Die Daelikse Bestuur, wat maandeliks vergader, moes 'n wakende oog hou oor die belange van die Inrigting en ook alle spoedeisende sake soos aanstellings, bedankings, ontslag en so meer van die personeel in behandeling neem onder die nadere goedkeuring van die Direksie 4).

Teen die einde van die dertiger jare was die bestuur en organisasie betreklik vlot gemeganiseer, en elke besturende liggaam het sy bepaalde bevoegdhede en pligte duidelik omlyn gehad. Uit die byna dertig jaar lange ondervinding was dit moontlik om bepaalde gedragslyne en beginsels neer te lê, sodat die organisasiemasjien van die Daisyfield-inrigting gladweg kon loop.

## 3.
## Groei en ontwikkeling.

Die tydperk sedert die oorname van die Rhodesiese gemeentes deur die Kerk van die Vrystaat word gekenmerk deur 'n rustige groei en ontwikkeling vir die Daisyfield-inrigting. Geleidelike uitbreiding kon op elke terrein waargeneem word. Hier die rustige uitbreiding het onverpoosd voortgegaan tot omstreeks die begin van die veertiger jare, toe daar 'n nuwe krisisuur vir die Inrigting geslaan het.

### a. Kinders.

Kinders wat na vakansies sonder toestemming van die Direksie weggebly het, kinders van meer gegoede ouers en regeringsondersteuning vir wees- en verwaarloosde kinders was veral ........./

-70-

1). Huishoudelike Reglement (1936), art. 4.
2). Ibid., art. 6.
3). Ibid., art. 13.
4). Ibid., art. 15.

al die probleme wat in hierdie tydperk opgelos moes word.

In Februarie 1929, toe daar nie minder as sestien kinders na die vakansie sonder toestemming weggebly het, het die Direksie besluit om as beginsel neer te lê dat kinders nie meer vakansies uitgelaat sal word nie [1]. Tydens die Junievakansie is hierdie besluit gehandhaaf. Dit het egter groot ontevredenheid van die ouers en voogde ten gevolg gehad, sodat die Direksie 'n ander oplossing vir die probleem moes vind. Vervolgens is in oorleg met 'n prokureur van Salisbury 'n verklaringsvorms vir ondertekening deur ouers of voogde opgestel, waardeur hulle wetlik verplig sou wees die kinders terug te besorg [2]. Tydens die Kersfees-vakansie van 1929 is toe alleen kinders uitgelaat van ouers en voogde wat die verklaring onderteken het. Hierdie reëling het die toestand enigsins verbeter, maar dit hetook 'n nuwe probleem geskep, naamlik die kwessie van voogdyskap van die Inrigting oor kinders aan sy sorg toevertrou. 'n Kommissie bestaande uit ds. Theo. C. de Villiers en mnr. P.J. Celliers is toe deur die Direksie benoem om met die Minister van Binnelandse Sake oor die voogdyskap te onderhandel [3]. Die Kommissie is baie vriendelik ontvang deur die Minister en ook deur die Direkteur van Onderwys, wat bereid was om die Daisyfield-Inrigting onder die bestaande kinderbeskermingsakte van Rhodesië te sertifiseer. Na 'n deeglike studie van genoemde akte deur 'n kommissie (mnrr. P.J. Celliers en D.J. Odendaal) is enige wysiginge in die toepassing van die Kinderwet op die Daisyfeld-inrigting voorgestel. Die genoemde Verklaring van Ouer of Voog is sodanig gewysig dat dit by die Akte aanpas, en in 1934 is die Daisyfield-weeshuis as 'n gesertifiseerde inrigting onder die kinderbeskermingsakte verklaar [4]. Die Ring van Bulawayo het sy goedkeuring aan hierdie stap verleen en het ten sterkste aanbeveel dat kinders wat in die Weeshuis opgeneem word, deur 'n magistraat gekommiteer moet word [5]. Terselfertyd is aan die Ringskommissie opgedra om beter staatsteun vir gekommitteerde kinders te probeer verkry in samewerking met ander welsynsinrigtings soos die „Child Welfare" te Bulawayo, Gwelo, Salisbury en Umtali en die „Childrens Home" te Salisbury [6].

Die ........../

-71-

1). Notule van die Direksie, 23 Feb. 1929, 333.
2). Ibid., 31 Aug. 1929, 342.
3). Ibid., 25 Nov. 1933, 23.
4). Ibid., 25 Aug. 1934, 41.
5). Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Apr. 1936, 425; vgl. ook notule van die Direksie, 11 Mei 1935, 54.
6). Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Apr. 1936, 426.

Die probleem van kinders wat sonder toestemming wegbly, was nog nie opgelos nie. Na die Kersfeesvakansie van 1935 het daar veertien kinders weggebly, en die Direksie was genoodsaak om af te sien van sy ou beleid om nie geregtelike stappe te doen nie. Aan die Direkteur is opdrag gegee om baie drasties op te tree en volgens kontrak deur 'n prokureur, indien nodig, aan die ouers of voogde van die betrokke kinders losiesrekeninge te stuur vir hulle verblyf in die Inrigting. 1). Die Ring het besluit dat geen weeshuiskinders toegelaat sal word om die Weeshuis te verlaat nie 2). Hierdie drastiese maatreëls het ten gevolg gehad dat daar die daaropvolgende jaar 'n skerp daling in die getalle van die Inrigting was. Die weeshuisgetalle het gedaal van 102 na 91 en die hostelgetalle van 83 tot 75. 3) . Hierdie onrusbarende daling was die eerste verskynsel van sy soort sedert die stigting van die Weeshuis, want tot dusver was daar nog steeds 'n stygende neiging in die getalle, en daar kon maar nie voldoende huisvesting gebied word nie. Dit is aan verskillende oorsake toegeskryf. Die handel en vooruitsigte vir werk in die land het sodanig verbeter dat die behoeftiges meer kon strewe na selfstandigheid. Dit was 'n bemoedigende teken; maar ander oorsake wat swaar geweeg het, was die beleid van die Inrigting om kinders nie meer met vakansies huis toe te laat gaan nie en die nadruk wat gelê word op die kommitteer van kinders deur 'n magistraat. Laasgenoemde twee oorsake het die ouers en voogde afgeskrik, en in plaas van hulle kinders na die Daisyfield-Weeshuis te stuur het hulle voorkeur gegee aan die ,,Rhodesia Children's Home" en die Roomse Instituut St. Gabriels 4) . Die Ring van Bulawayo het hierdie ongewenste loop van sake besef en was genoodsaak om sy vorige besluit in hersiening te neem. Andermaal is die besluit dat geen kind uit die Weeshuis met vakansie sal gelaat word nie, beklemtoon, maar die toepassing daarvan moes so geleidelik moontlik geskied, en die uitvoering daarvan is in die hande van die Direksie gelaat om in oorleg met die betrokke kerkrade te handel 5). Die volgende jaar is al die vorige besluite herrope, en toe is bepaal dat kinders van die Weeshuis toegelaat sal word om met vakansie huis toe te gaan alleen op aanbeveling van die betrokke kerkraad of predikant 6).

Die ....../



1). Jaarverslag van die Ring van Bulawayo, 22 Apr. 1936, 2.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Apr. 1936, 425.
3). Jaarverslag van die Ring van Bulawayo, 22 Apr. 1936, 3.
4). Idem.
5). Notule van die Ring van Bulawayo, 14 Apr. 1937, 37.
6). Ibid. 29 Apr. 1938, 74.

Die prosedure wat nou toegepas is, was dat wees- en verwaarloosde kinders deur 'n magistraat gekomiteer word op aanbeveling van 'n kerkraad of predikant of proefbeampte. Hierdie kinders word toegelaat om met vakansies na hulle ouers of voogde te gaan alleen op aanbeveling van die betrokke predikant of kerkraad. Keer so 'n kind na die vakansie nie terug nie, dan word van regeringsweë geregtelike stappe gedoen. Hierdie prosedure was 'n oplossing vir die probleem insoverre dit die bestuur van die Inrigting onthef het van alle verantwoordelikheid vir moedswillige verlaters en gevrywaar het van alle blaam vir drastiese optrede teen sulke persone.

Die kinders van betalende ouers kon normaalweg met vakansies huistoe gaan, terwyl die oorblywende gekommitteerde kinders gewoonlik by vertroude huisgesinne uitgeplaas is. Hierdie huisgesinne, waarvan daar baie was, het 'n ontsaglike diens, nie net aan die weeskindertjies nie maar ook aan die Inrigting bewys. Hierdeur is die lopende uitgawes van die Inrigting met vakansies ingekort, maar wat meer is: die kindertjies het die geleentheid gehad om met vakansies in 'n rustige en aangename huislike atmosfeer te verkeer waar hulle meer persoonlike vertroeteling en liefde kon ontvang - 'n gemis waarna die wesies so gehunker het by die gebrek aan ouerliefde. Hierdeur is 'n leemte, waarvan die diepte nie gepeil kan word nie, in menige kindersiel gevul. Verskeie huisgesinne in Rhodesië en selfs in die Unie het ook van die kindertjies aangeneem.

Die probleem van betergestelde ouers wie se kinders gratis in die weeshuis versorg is, was net so netelig. Dit het soms gebeur dat kinders wel in 'n toestand van verwaarlosing deur die Inrigting opgeneem is maar dat die ouers of voogde daarna goeie finansiële verdienstes gekry het. Dit was dus nodig om oor hierdie toestand te waak. In 1929 het die Gemeente van Enkeldoorn beslis geweier om die Weeshuis te ondersteun omdat beweer is dat daar kinders in die Inrigting was van wie die ouers goeie salarisse verdien het en in blink motors rondgery het 1) . Die probleem is ook by die Ring bespreek, wat baie sterk gevoel het dat daar kinders in die weeshuis is wat nie noodsaaklik daarin moet wees nie. Aan die Direksie is opgedra om, as dit in die beste belang van

die ......../



1). Notule van die Direksie, 6 Junie 1939, 156.

die Weeshuis is en nie teen die regulasies van die Inrigting nie, te probeer om sulke kinders uit die Weeshuis te stuur in oorleg met die betrokke kerkrade [1]. Na deeglike beraad het die Direksie uiteindelik die prosedure neergelê dat ondersoek ingestel sal word in die gaval van kinders van wie die ouers se finansiële posisie verbeter, en in die geval van ouers wat weer trou. Daarop sal die Direksie dan besluit of daar vergoeding vir die verblyf van so 'n kind sal gegee word en of die kind die Inrigting sal verlaat [2]. Met betrekking tot hierdie probleem het die Direksie by wyse van 'n beskrywingspunt die Ring gevra om hom uit te spreek oor die betekenis van die woorde ,,behoeftige, verwaarloosde en wese", soos daar melding gemaak word in die regulasies vir opname van kinders in die Inrigting [3]. Na wye bespreking het die Ring besluit dat die volgende betekenisse aan die terme vir die doel van die Inrigting geheg moet word:

i). ,,'n Verwaarloosde kind is een wat deur sy ouers liggamelik, verstandelik en geestelik verwaarloos word en wat geen familielid het wat hom wil opvoed nie en wat, as hy nie 'n helpende hand toegereik word nie na liggaam en siel in die lewensstryd sal ondergaan.

ii). 'n Wees beteken in die algemeen 'n kind wat een of beide ouers verloor het. Met die oog egter op opname in die Weeshuis moet as wees beskou word, 'n kind wat nie slegs een of beide sy ouers verloor het nie, maar wat ook geen familiebetrekking of vriend het nie om hom op tydelike gebied te versorg en wat sonder 'n inrigting soos die Weeshuis in die lewensstryd sal ondergaan" [4]. Drie jaar later is die grondreëls van die Daisyfield-kindertehuis 'n ondubbelsinnige omskrywing van die term ,,weeskind" gegee soos vir die doel van opname in die Weeshuis geïnterpreteer word: ,,'n Weeskind is 'n blanke behoeftige kind van wie een of beide ouers oorlede is, of 'n blanke kind wat, hoewel een of beide ouers nog lewe, in 'n verwaarloosde toestand verkeer" [5].

Die doel van behoorlike geestelike, verstandelike en liggaamlike versorging en opvoeding van hierdie weeskinders sou

verwesenlik ...../



1). Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Mei 1932, 262.
2). Notule van die Direksie, 24 Feb. 1934, 29; ook 26 Nov. 1932, 9
3). Ibid., 23 Feb. 1933, 51.
4). Notule van die Ring van Bulawayo, 20 Mei 1933, 300.
5). Grondreëls (1936), art. 2 (c).

verwesenlik word deur (a) alleen behoeftige weeskinders en behoeftige verwaarloosde kinders van die Ned. Geref. Kerk en ander gesindes in die weeshuis op te neem; (b) kinders van meer bemiddelde ouers teen goedkoop losies in die hostel op te neem en hulle so op te voed dat hulle getrou sal wees aan hulle volk en kerk; (c) die bestaande kindertehuis te verplaas of uit te brei wanneer dit nodig word; (d) weeskinders uit te plaas by vertroude gesinne; (e) weeskinders wat aan die Ned. Ger. Kerk toevertrou word by te staan en te ondersteun 1) .

Hoewel in die Grondreëls uitdruklik bepaal is dat slegs blanke kinders in die Inrigting opgeneem sal word, het daar tog gevalle van onsuiwer bloed voorgekom. In hierdie verband het die Ring nie geaarsel om sy standpunt onomwonde te stel nie: ,,Die hele volk dring daarop aan dat die Weeshuis suiwer sal bly, dus word aan die Direksie opgedra om die saak onder aandag van die kerkrade te bring dat hulle eers deeglik ondersoek sal instel voordat hulle kinders vir opname in die weeshuis aanbeveel .... waar twyfel bestaan (kan) die saak na die regering refereer word vir verdere informasie" 2).

Aansoeke om opname van kinders in die Daisyfield-inrigting het nie net uit Suid- en Noord-Rhodesië gekom nie maar ook uit Portugees-Oos-Afrika, Tanganjika, die Belgiese Kongo en selfs die Unie. Die Direkteur van die Abraham Kriel-kindertehuis te Langlaagte het byvoorbeeld in 1932 gevra of Daisyfield nie kinders van sy weeshuis kon oorneem nie. Hiervoor het die Direksie egter nie kans gesien nie op grond van die feit dat die regering van Suid-Rhodesië alleen ondersteuning gee vir kinders van ouers wat in Suid-Rhodesië woonagtig is 3) .

Soos reeds gemeld, was die naaste verplegingfasiliteite vir siekes op Gwelo, 'n distansie van ongeveer dertig myl van Daisyfield af, en hoewel die Inrigting daar gratis hospitaal- en mediese dienste ontvang het, was dit 'n groot behoefte om minder ernstige gevalle plaaslik te verpleeg. Daisyfield was in 'n gesonde hoëveldse streek geleë en op periodieke epidemies van gewone kindersiektes soos kinkhoes, masels ens. na was malariakoors 'n siekte wat die Inrigting voortdurend geteister het. As wenk aan die Direkteur het die Ring aanbeveel dat

alle............/

-75-

1). Grondreëls (1936), art. 4.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 29 Apr. 1939, 156.
3). Notule van die Direksie, 26 Nove. 1923, 9.

alle kinders wat van malaria-distrikte na Daisyfield gaan, eers ingespuit moet word voor hulle vertrek na die Inrigting [1].

Vir die ontspanning van die kinders is ook baie moeite gedoen en selfs koste aangegaan in die vorm van sportbyeenkomste, uitstappies en uitkamp. Die Inrigting het sy voetbalvelde, tennisbane en ringtennisbane gehad. Verskeie persone en sportklubs in Bulawayo het gereeld bydraes van ou voetballe, tennisnette en so meer gegee [2]. Die spele en sport van die kinders is behartig deur die onderwyspersoneel. Op versoek van die Direksie het die hoofonderwyser saam met die lede van sy personeel 'n sportkommissie benoem wat in oorleg met die Direkteur verskillende spele vir die kinders georganiseer het [3]. Woensdagmiddae vanaf vieruur is spesiaal afgesonder vir spele en sport[4] Die Daelikse Kommissie het gevoel dat die kinders meer speeltyd behoort te kry, en die hoofde van die industriële departemente se medewerking is ook gevra daarin dat hulle versoek is om hulle kinders elke Woensdag vanaf vieruur vry te laat [5]. Verder is 'n beweging soortgelyk aan die Voortrekkerbeweging gestig. Die Direksie het egter gevoel dat onder die landsomstandighede hierdie beweging nie by die Voortrekkerbeweging van die Unie ingelyf behoort te word nie, en aanvanklik het dit gegaan onder die naam ,,Pioniersbeweging" [6]. In 1936 is daar selfs 'n permanente kampeerplek op 'n nuutaangekoopte plaas ingerig [7].

In 1937 is 'n nuwe mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Weeshuis bereik toe daartoe oorgegaan is om ook voorskoolse kinders op te neem. Van die 105 weeskinders wat in 1939 in die weeshuis was, was sewe onder ses jaar; die jongste hiervan was nog nie twee jaar oud nie. Naas die weeshuiskinders was daar ook nog die hostelkinders, wat nou reeds die weeshuisgetalle oortref het, naamlik 175 [8]. Die Bestuur het veral in die hostel die toekoms van die Inrigting gesien, ,,want ons ideaal is eintlik om Daisyfield die sentrum van Afrikaanse op-

voeding..../

-76-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, 29 Apr. 1939, 155.
2). <u>Daisyfield Orphanage</u>, 1914-1935, 11.
3). Notule van die Direksie, 31 Okt. 1931, 389.
4). Notule van die Dagbestuur, 31 Julie 1931, 89.
5). Ibid., 12 Mrt. 1931, 84.
6). Notule van die Direksie, 3 Mrt. 1938, 137.
7). Ibid., 12 Junie 1936, 102.
8). Jaarverslag van die Ring van Bulawayo, 1939, 3.

voeding in die Noorde te maak" 1). Teen die einde van 1939 was 'n gesin van 280 kinders die trots van die Daisyfield-inrigting. Die Inrigting kon ook nou daarop roem dat alreeds ongeveer 600 kinders 'n heenkome in die Daisyfield-weeshuis gevind het. Dit beteken nie net dat aan hierdie liggaamlike versorging en skoolfasiliteite gebied kon word nie, maar ook 600 siele aan wie die Inrigting die voorreg gehad het om die boodskap van die ewige lewe in Jesus Christus te bring.

b. Personeel.

Tydens hierdie jare van rustige uitbreiding is etlike nuwe poste geskep, soos die van 'n voltydse verpleegster, 'n boekhouer sekretaris en 'n ouditeur. Maar dit is ook tydens hierdie periode wat etlike baanbrekers van die Inrigting tot hoër diens geroep is, onder wie die medestigter en lewenslange werker, eerw. Botha, en sy eggenote.

In 1929 is onderhandel met die Onderwysdepartement in sake die aanstelling van 'n gekwalifiseerde verpleegster aan die Inrigting. Die Departement was bereid om die salaris van die verpleegster te betaal teen die skaal £104 x £6 - £116 per jaar plus uniformtoelae teen £18 per jaar. Die betrekking is so geadverteer, en die aanbeveling van 'n applikant is in die hande van die Daelikse Kommissie gelaat 2). Dit het moeilik gegaan om die regte persoon te vind, en eers na twee jaar is die pos gevul deur suster Van Rooyen van die Algemene Hospitaal, Pretoria 3). Sy het die groot taak in alle erns aangepak, en na drie jaar het sy met nege maande verlof gegaan om andermaal 'n hospitaal te besoek om meer kennis in verband met siektes op te doen 4). Na haar terugkeer het suster Van Rooyen twee jaar onskatbare dienste vir die Inrigting gelewer, nie net vir die kinders nie maar ook vir die personeel en bediendes. Nadat sy haar bedanking in 1936 ingedien het, het die Daelikse Kommissie en die Direksie pogings aangewend om haar te oorreed om langer aan te bly. Selfs die Ring het 'n skrywe aan haar gerig waarin met waardering van haar dienste gepraat is, en haar versoek om tog nie uit die diens van die Weeshuis te tree nie maar haar in te span om die Inrigting tot groot seën vir die kinders en ons volk te maak 5). Sy het egter nie kans gesien nie en is opgevolg deur suster Wahl.

In 1934 is mnr. J.F. Barham van Bulawayo genader om die bo…

van ......./

-77

1). A.J. Botha in „Daisyfield" in Die Kerkbode, 1 Des. 1937, 10
2). Notule van die Direksie, 11 Mei 1929, 338.
3). Ibid., 26 Junie 1931, 384.
4). Ibid., 24 Feb. 1934, 31.
5). Notule van die Ring van Bulawayo, 27 Apr. 1936, 8.

van die Weeshuis te ouditeer. Hy het sy dienste as ere-boekhouer aangebied. Die dienste van mnr. Barham in die daaropvolgende jare was van besondere groot waarde vir die Inrigting. Hy het baie waardevolle wenke aan die hand gedoen, veral ten opsigte van die boerdery en ander tegniese vertakkinge. As blyk van waardering vir sy onskatbare dienste is hy van tyd tot tyd 'n geskenkie in die vorm van een of ander artikel deur die tegniese departemente vervaardig, soos 'n lessenaar of boekrak of iet soortgelyks, aangebied 1).

Die administratiewe werksaamhede van die Inrigting het teen 1936 só uitgebrei dat dit uiters noodsaaklik was om die pos van Boekhouer-Sekretaris te skep. Die salaris is vasgestel op die skaal £250 x £5 - £350. Die applikant moes 'n gesertifiseerde boekhouer en lid van die N.G. Kerk wees. Hy sou verantwoordelik wees vir die finansiële boeke en korrespondensie onder toesig van die Direktuer en moes ook gewillig wees om toesigwerk in die koshuis te doen. As waarborg moes hy 'n assuransiepolis van minstens £500 deponeer 2). In die Huishoudelike Reglement is sy verantwoordelikhede soos volg omskrywe: ,,Die Boekhouer-Sekretaris is daarmee belas om onder toesig van die Direkteur van al die fondse van die Inrigting aantekening te hou. Hy sal daarvoor die regte boeke aanlê en byhou; en is verantwoordelik vir die finansiële jaarverslag van die Inrigting. Geen uitgawes mag deur hom gemaak word nie sonder toestemming van die Direkteur of een of meer persone deur die Direksie daarvoor benoem" 3) .

Verskeie personeellede is in hierdie tyd oorlede. Dit was 'n onherstelbare verlies vir die Inrigting toe mev. Botha in 1934 in 'n treurige motorongeluk op Vredefort die lewe gelaat het. Sy was saam met eerw. Botha op 'n kollektetoer 4) . Sedert die stigting van die Weeshuis het sy haar eggenoot getrou bygestaan deur al die moeilike jare heen. Dikwels het sy self verantwoordelikhede op haar geneem en ten tyde van haar dood was sy nog matrone in die hostel: ,,For twenty-three years she stood faithfully by her husband in the noble work which called for great selfsacrifice on her part and which was willingly given by her. For a number of years mnrs. Botha held the position of matron where she coupled tact and love with splendid ability. General and very genuine was the grief of both staff and children when she was unexpectedly taken away in such a tragic manner" 5).

Twee ........../



1). Notule van die Direksie, 26 Mei 1934, 36.
2). Ibid., 12 Junie 1936, 101.
3). Huishoudelike Reglement (1936), art. 5.
4). Notule van die Direksie, 25 Aug. 1934, 42.
5). Daisyfield Orphanage, 1914-1935, 6.

Twee jaar later het eerw. A.J. Botha na 'n opofferende en toegewyde diens van byna ses-en-twintig jaar om gesondheidsredes die tuig neergelê 1) . Dit was met leedwese dat die Ring van Bulawayo kennis geneem het van die agteruitgang van die gesondheid van so 'n goeie en getroue dienskneg en ook van sy besluit om sy direkteurskap op te gee. Met die hoogste waardering en lof vir die waardevolle werk wat hy aan die Inrigting gedoen het, het die Ring hom 'n spoedige herstel en Gods rykste seën in sy dae van krankheid toegebid 2) . Dit was waarlik met gemengde gevoelens dat die uittrede van eerw. Botha aanvaar moes word. Dit het tot diepe droefheid gestem dat die man wat soveel jare soveel opoffering en liefde gewy het aan die wees- en verwaarloosde kindertjies van sy volk in die Noorde, sy taak as afgedaan moes beskou. Andersyds was daar 'n stille dankbaarheid teenoor die Vader van die wese vir 'n man soos eerw. Botha en vir sy lewenswerk waaruit soveel seën gevloei het: ,,From its (the orphanage's) inception until the present day his has been the directing hand in a work demanding great vision and love. It is due to his enthusiasm and energy that Daisyfield has become the Institution it is today" 3) . Selfs inspekteur J. de V. Lenfesty, die man wat agtien jaar vantevore so 'n ontmoedigende rapport oor die Inrigting uitgebring het kon nou nie met genoeg lof praat van eerw. Botha nie. In sy laaste offisiële rapportvoor sy aftrede sê hy: ,,I must pay tribute to the work of the Superintendent, the Rev. A.J. Botha, who started in Bulawayo with a small family of orphans and destitutes has now the care of this large family of nearly two hundred children, three fiths of whom are in the orphanage, and are dependent for their future upon their Superintendent and the good friends and fellow helpers he has gathered round him. It is splendid life work which has been of great value to the state. It has been the work inspired by the love of the child, and of the child in his need and distress; it cannot but awaken in the soul of anyone like minded a whole hearted sympathy and I close my report by wishing the Directors of the Institution God-speed and prosperity to Daisyfield, whose flowers are the generated lives...../

-79-

1). Notule van die Direksie, 11 Apr. 1936, 85.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Apr. 1936, 434.
3). <u>Daisyfield Orphanage</u>, 1914-1935, 7.

lives and happy self-supporting citizens who owe so much to this Institution" 1). As blyk van waardering het die Ring besluit dat elke gemeente £5 sal bydra tot 'n beurs vir eerw. Botha. Op hierdie wyse is 'n bedrag van £30 aan hom oorhandig deur die scriba van die Ring 2). Aan die scriba is ook opgedra om die Akte van Demissie (art. 243) na omstandighede te wysig en in die vorm van 'n verlugte adres op te stel. Hierdie adres is deur die Daisyfield-seuns geraam en na ondertekening deur al die ringskommissielede en direksielede aan eerw. Botha oorhandig 3). In die verslag van die Algemene Armesorgkommissie aan die Sinode is met dankbaarheid van die werk van eerw. Botha gepraat: ,,Die Heer het hom en sy werk baie ryklik geseën, en in sy tyd is daar byna duisend kinders deur die Inrigting gegaan. Op hierdie gebied het hy groot baanbrekerswerk in Rhodesië gedoen. Hy was 'n gawe van God waarvoor die Kerk innig dankbaar kan wees" 4).

Die aangewese persoon as opvolger vir eerw. Botha was sy seun, prop. Hennie Botha. Hy was goed op hoogte met die sake van die Inrigting. As seun van die Direkteur het hy in die Inrigting opgegroei, en terwyl hy in die teologie op Stellenbosch gestudeer het, het hy tydens vakansies sy vader gehelp teen 'n honorarium van £10 5). Toe die Ring in 1933 besluit het om 'n Assistent-Direkteur aan te stel het die eenparige keuse van die Direksie op mnr. H. Botha, toe derde jaar student aan die kweekskool van Stellenbosch, geval 6). Intussen het hy vir verdere studie na Amerika gegaan, en weer het die Direksie besluit om hom die betrekking van assistent-direkteur aan te bied wanneer hy van Amerika af terugkom 7). Na sy terugkeer in 1935 het hy dadelik diens aanvaar teen £15 per maand 8). Aan die einde van die jaar is hy permanent aangestel as Assistent-Direkteur teen 'n salaris van £200 per jaar met vry inwoning vir hom en sy gesin. Hy sou diens in oorleg met die Daelikse Kommissie aanvaar 9). In die kontrakooreenkoms met die Assistent-Direkteur is sy pligte soos volg bepaal:

A. Die Assistent-Direkteur onderneem om in samewerking met die Direksie saam met die Direkteur:

i). die algemene toesig in verband met die kindertehuis te onderneem;

ii). verant.../

-80-

1). Inspekteursrapport, April 1936, 8.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 8 Des. 1936, 26; 28 Apr. 1938, 52; 30 Apr. 1938, 79; vgl. ook Notule van die Ringskommissie 7 Julie 1936, 17.
3). Notule van die Ringskommissie, 7 Julie 1936, 18.
4). Verslag van die A.A.-kommissie aan die Sinode van die N.G. Kerk in die O.V.S., Apr. 1937, 273.
5). Notule van die Ring van Bulawayo, 30 Mei 1932; 274.
6). Notule van die Direksie, 25 Nov. 1933, 28.(7). Ibid., 26 Mei

ii). verantwoordelik te wees in die hou van die finansiële boeke en alle korrespondensie in verband met die Inrigting, en vir die uitbreiding en toesig van die Tegniese Departemente;

iii). vir die insameling van geld en die instandhouding van die Weeshuis;

iv). vir die behoorlike geestelike bearbeiding van die kinders deur persoonlike arbeid, bidure, Sondagdienste, Sondagskool en ander godsdienstige vereniginge. Verder onderneem die Assistent-Direkteur om na die beste van sy vermoë die begeertes van die Direksie uit te voer.

B. Die Direksie onderneem om van sy kant:

i). die Assistent-Direkteur behoorlike inwoning met gratis losies te verskaf vir hom, sy vrou en kinders;

ii). vir die Assistent-Direkteur 'n salaris sover moontlik tweemaandeliks te betaal bereken teen £200 per jaar;

iii). jaarliks, afgesien van sy naweke (volgens regulasies) wanneer vir homself en die Direksie geleë, aan die Assistent-Direkteur 6 weke vakansie te laat toekom.

C. Van beide kante word onderneem om die dienstyd te beeindig na 'n maand kennisgewing 1).

Die opvoedingskursus wat prop. Botha op Stellenbosch gevolg het, en sy ondervinding in verband met liefdadigheidsinrigtings in Amerika en die sosiale opleiding en ondervinding van sy eggenote sou vir die Inrigting baie beteken 2). In 1936 het hy ook 'n betrekking as onderwyser aanvaar.

Na die bedanking van eerw. Botha as Direkteur het die Direksie by die Ringskommissie aanbeveel dat prop. H. Botha vanaf 15 Augustus as Direkteur ageer, en as die Ringskommissie 'n beroep uitbring, word hy aanbeveel 3). Op hierdie aanbeveling het die Ringskommissie besluit om prop. Botha te versoek om saam met sy werk as onderwyser tot die einde van 1936 ook te ageer as Direkteur van die Daisyfield-Inrigting met volle pligte van die Direkteur en ook ex officio as lid van die Direksie 4). Vanaf 1 Januarie 1937 is hy permanent aangestel. Sy salaris is vasgestel op £300 per jaar met vry inwoning vir hom en sy huisgesin. Dit sou deur die Direksie uit die weeshuisfondse betaal word 5). Die Kerkraad van Gwelo is ook genader om die Direkteur as tweede leraar van die Gemeente Gwelo, waaronder Daisyfield geressorteer

het,......../

-81-

1). Notule van die Direksie, 4 Feb. 1936, 79.
2). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, 22 Apr. 1936, 3.
3). Notule van die Direksie, 12 Junie 1936, 95.
4). Notule van die Ringskommissie, 7 Julie 1936, 18; vgl. ook notule van die Direksie, 14 Aug. 1936, 106.
5). Notule van die Ringskommissie, 8 Des. 1936, 27; vgl. ook Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Apr. 1938, 53.

het, te beroep [1]. Na veel beraad het die Kerkraad van Gwelo hiertoe ingewillig en prop. Botha is ook as tweede leraar van Gwelo georden, en as sodanig is hy ook tot lid van die Ring van Bulawayo verklaar. Daar die Kerkwet die minimum salaris van 'n predikant op £400 per jaar vasstel (art. 92: 8), is die salaris van die Direkteur dienooreenkomstig verhoog sedert Januarie 1939 [2].

Die Inrigting het die voorreg gehad om drie jaar na die bedanking van eerw. Botha nog van sy raad en bystand gebruik te maak, en telkens as dit nodig was, is sy hulp ingeroep. Die Direksie het met goedkeuring van die Ringskommissie, aan eerw. Botha na sy uitdienstrede vrye inwoning aangebied en ook die reg verleen om sy vergaderinge met adviserende stem by te woon [3]. Sekere verantwoordelikhede in verband met belangrike sake is ook van tyd tot tyd aan eerw. Botha opgedra [4]. So het dit gekom dat eerw. Botha tot by sy dood in diens van die Inrigting gebly het. Tydens die verlof van die Direkteur in die Desembervakansie van 1936 het eerw. Botha weer ses weke lank die volle verantwoordelikhede aanvaar teen 'n bonus van £15 [5]. In die volgende jaar het die Direksie weereens 'n uiters belangrike taak aan eerw. Botha opgedra. Op hierdie tydstip het daar in Rhodesië 'n taamlike mate van misverstand en vooroordeel teen die Inrigting ontstaan, met die gevolg dat daar 'n skerp daling in die getalle was. Eerw. Botha moes weer in die bresse tree vir die Inrigting. Hy moes al die gemeentes in Suid- en Noord-Rhodesië besoek en alle misverstand en vooroordeel wat mag bestaan, verwyder en meer kinders en beter finansiële steun vir die Inrigting probeer verkry. Verder moes hy sover moontlik al die ou Daisyfield-kinders opsoek met die oog op beter geestelike bearbeiding en informasie omtrent hulle huislike omstandighede. Vir 'n man van sy jare was dit, inagnemende die uitgestrektheid van die gebied en die slegte toestand van die paaie 'n groot onderneming om die agt gemeentes te besoek. Na beraming sou die toer vyf maande duur, waarvoor die Direksie 'n vergoeding van £15 per maand plus reiskoste aangebied het. Ten einde beter samewerking van die gemeentes te verkry is ds. J.H. van Wyk ook gevra om die saak by die Ring voor te dra [6]. Hierdie toer was 'n reuse sukses [7]. Die getalle van die Inrigting het onmiddellik daarna gestyg. en die Inrigting kon......../

-82-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Apr. 1938, 52.
2). Notule van die Ringskommissie, 12 Julie 1939, 183; 30 Okt. 1940, 188.
3). Ibid., 7 Julie 1936, 19; vgl. ook Notule van die Direksie, 13 Junie 1936, 102.
4). Notule van die Direksie, 13 Junie 1936, 102.
5). Ibid., 9 Okt. 1936, 114.
6). Notule van die Direksie, 20 Feb. 1937, 121.
7). Vgl. Notule van die Ring van Bulawayo, 30 Apr. 1938, 84.

kon nou weer reken op die samewerking van al die gemeentes. In 1939 het eerw. Botha saam met die Direkteur nogeens 'n uitgebreide toer in Natal en die Oostelike Provinsies van Kaapland ten behoewe van die skool op Daisyfield onderneem. Op Tarkastad het sy gesondheid egter sodanig verswak dat 'n geneesheer geraadpleeg moes word. Op sy advies het hulle vyf dae op Hartenbos vertoef. Hoewel hierdie kort rustyd sy gesondheid nie veel gebaat het nie, is weer met die toer voortgegaan. Op Caledon moes die toer egter gestaak word. Nadat hy enige dae in die hospitaal op Somerset-Wes was, is eerw. Botha verskuif na die Groote Schuur-hospitaal. Sy toestand het al meer versleg, totdat die dokters dit raadsaam geag het om te opereer. Sewe dae na die operasie, op 17 Januarie 1940, is hy oorlede.

Toe die dood hom oorval het, was hy dus nog steeds besig met grootste lewenstaak. Die vuur wat in hom gebrand het vir die groot saak van die Daisyfield-inrigting het sy liggaamskragte verteer. Nooit was die woorde van die Meester beter van toepassing nie: ,,Mooi so, goeie en getroue slaaf ......." Sy stoflike oorskot is gebalsem en per trein vervoer na Daisyfield, waar dit op 1 Februarie 1940 onder blyke van groot belangstelling ter aarde bestel is [1]. Later sou 'n biblioteekgebou as gedenkteken tot sy nagedagtenis opgerig word.

In 1934 het die Daisyfield-inrigting ook gebuk gegaan onder die depressiejare, en dit was in hierdie moeilike tyd dat die personeel getoon het dat hulle die belange van die Inrigting bo eie belang gestel het. Hulle het naamlik vrywillig 5% van hulle salaris aan die Inrigting afgestaan [2], 'n vergunning wat die Direksie eers twee jaar later opgehef het [3]. As gevolg van die depressiejare moes die Direksie ook van sy personeel ontslaan. Dit het noodwendig meegebring dat swaarder verpligtings op die agterblywende personeel gerus het. Hulle het dit egter met blymoedigheid aanvaar, sodat die Inrigting hierdie jare met welslae die hoof kon bied. Ten slotte was dit aan die personeel te danke dat die Inrigting se goeie werk voortgesit kon word. Onder hierdie besef het die Ring die volgende waardering skriftelik aan die personeel gerig: ,,Die Hoog Edele Ring neem met dankbaarheid kennis van die gunstige omstandighede waaronder die Weeshuis verkeer en wil langs hierdie weg sy dank betuig aan die Weeshuis Direksie vir die opofferende arbeid

insonderheid..../

-83-

1). Notule van die Direksie, 1 Feb. 1940, 171.
2). Ibid., 26 Mei 1934, 35.
3). Ibid., 11 Apr. 1936, 85.

insonderheid van die Direkteur en sy staf, hulle tere belangstelling in die vooruitgang van die Weeshuis en die kinders 1) . In 1936 het die Direksie die beleid neergelê om aan alle vertrekkende personeellede as blyk van waardering vir hulle dienste 'n geskenk te gee 2) .

Omdat daar soveel persone tydelik of permanent met of sonder salaris aan die personeel van die Inrigting verbonde was het die Direksie dit wenslik geag om 'n nadere omskrywing te gee van wat verstaan word onder die benaming ,,staflid", naamlik: ,,As staflid word beskou 'n persoon wat permanent aangestel is met 'n salaris van nie minder as £5 per maand nie" 3).

Die personeel van die Kindertehuis het uiteindelik onder die toesig van die Direksie gestaan maar onmiddellik onder dié van die Direkteur, met wie alle klagtes opgelos moes word. Ingeval geen bevredigende oplossing gevind kon word nie, kon sodanige klagtes agtereenvolgens na die Direksie, die Ring en die Sinode verwys word 4) . In 1936 het die Daelikse Kommissie 'n stel reëls en bepalings vir elke afsonderlike werker en werkster opgestel, asook 'n ,,Algemene bepalinge vir die Daisyfield-Kindertehuis-staf" 5) , wat later as 'n ,,Reglement van Orde" vir die Daisyfield-Kindertehuis" deur die Direksie goedgekeur is 6). Hierdie reglement van vyftien artikels, wat alle vorige bepalinge vervang het, moes by indienstreding deur elke personeellid onderteken word. Hierin is kortliks die administratiewe pligte en regte van die Direksie en die Direkteur uiteengesit en bepaalde gedragskodes wat van die personeel verwag word, neergelê. Onder andere word van lede van die personeel verwag dat hulle altyd, maar insonderheid in teenwoordigheid van die kinders, voorbeeldig sal wees. Die hoogste mikpunt by die werker en werkster moet altyd wees vorming van karakters en die redding van kosbare siele. Hulle moet ook onder die diepe besef wees van die opofferende werk in 'n Weeshuis, te eniger tyd gereed wees om pligte ook buite hulle bepaalde sfeer van werksaamhede te aanvaar as die belange van die Inrigting dit vereis: ,,In die Inrigting word nie vir loon gewerk nie, maar in gehoorsaamheid aan die drang van die liefde van Christus en vir die kinders wat aan die

Inrigting...../

-84-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Apr. 1936, 428.
2). Notule van die Dagbestuur, 12 Nov. 1936, 169.
3). Notule van die Direksie, 12 Junie 1936, 100.
4). Huishoudelike Reglement (1936), art. 11.
5). Notule van die Dagbestuur, 16 Apr. 1936, 139.
6). Notule van die Direksie, 14 Aug. 1936, 108.

Inrigting toevertrou is"[1]. Verder is die waarneming van die Christelike Sondag verpligtend gemaak, en van elke lid is verwag om sover moontlik werkend aandeel te neem in die Sondagskool, en die openbare eredienste en weeklikse personeelbidure by te woon[2]. Die personeellede is ook onderwerp aan 'n bepaalde prosedure en toestemming vir gewone verlof van ses weke jaarliks, siekteverlof, die weeklikse halfdag-verlof, spesiale verlof en afwesigheid van maaltye. Tensy vooraf anders ooreengekom moes daar by bedanking of ontslag van lede 'n maand kennisgewing vooraf geskied. Waar die gedrag van die lede van die personeel onderling of afsonderlik nie 'n voorbeeldige invloed op die kinders uitoefen nie, het die Direksie die reg voorbehou om die persoon of persone te vra om te bedank[3].

Die personeel het hulleself in 'n personeelvereniging georganiseer, waar hulle alle sake in verband met hulle werk, die belange van die Inrigting en onreëlmatighede bespreek het. Die Direksie het ook soms konferensies met die personeellede gehou, waar hulle aanbevelings en klagtes van die personeel simpatiek aangehoor het om later te bespreek.

Teen 1939 het die personeel van die Daisyfield-Inrigting 24 lede getel. Hiervan was 14 aan die skool en industriële departemente verbonde, terwyl 10 die huishoudelike en kantoor-aangeleenthede behartig het, naamlik:

Direkteur: Ds. H. Botha.

Kantoor: mev. A.J. Botha.

Huishoudelike: 1. Weeshuis: Mev. J. v.d. Merwe (matrone), mej. R. Liebenberg (Kookmatrone), mej. B. v.d. Merwe (seuns), mej. A.G. Henning (washuis) en mej. G.A. Henning (dogters.)

2. Hostel: Mev. D.Q. Campbell (matrone), mej. E. Bester (seuns), mej. I. McMaster (dogters) en mev. T. Walker (kookmatrone)[4].

C. <u>Geboue</u>.

In die jare sedert die oorname van die Daisyfield-inrigting deur die Vrystaatse Sinode is die uitbreiding van die Inrigting

veral ......../

-85-

1). Reglement van Orde (1936), art. 4,
2). Ibid., art. 8.
3). Ibid., art. 14.
4). Jaarverslag van die Ring van Bulawayo, Apr. 1939, 3.

veral te bespeur in die nuwe geboue wat te Daisyfield verrys het. Behalwe die uitbreiding van gewone koshuis-akkommodasie is daar onder andere ook 'n doeltreffende hospitaal, 'n sierlike kerkgebou en 'n goedingerigte wassery gebou. Hierdie uitbreiding is veral moontlik gemaak deur die milde bydraes van die Vrystaatse gemeentes en Armesorgkommissie, en ook deur die ondersteuning van die regerings van Noord- en Suid-Rhodesië.

In 1929 het die Onderwysdepartement onderneem om voortaan vir alle kinders in die Weeshuis ondersteuning te gee bereken teen £2 per kind per kwartaal, mits die Direksie bereid sou wees om die nodige huisvestingvoorsiening waarop die Departement aangedring het, naamlik die voorgeskrewe plaasruimte, beddens, baddens, hospitaal ens., te verskaf [1]. Aan die Departement is die versekering gegee dat die Direksie sonder feil die voorgestelde veranderinge voor die einde van 1929 sal aanbring en dat die vermeerderde bydraes sonder uitstel moet aangestuur word [2]. Dadelik is aan die werk gespring. 'n Kosteberaming is opgestel vir goedkeuring van die Ring, en buitengewone pogings is aangewend om die nodige geld te bekom. Ds. P.J. Pienaar van Clocolan, Oranje-Vrystaat, het belowe om die Armesorgkommissie om 'n voorskot te vra ten einde die Inrigting in staat te stel om dadelik die nodige veranderinge volgens die eise van die Departement aan te bring [3]. Die Armesorgkommissie het nie teleurgestel nie. 'n Bedrag van £800 is aan Daisyfield geskenk vir die bou van 'n hospitaal [4], en in 1931 is dit voltooi. Hier is die verpleging van die groot gesin op Daisyfield waargeneem. Alleen kinders van die Weeshuis is gratis verpleeg [5], terwyl hostelkinders en personeellede, anders as buite-pasiënte, teen 'n verminderde tarief verpleeg is [6]. Die verpleegster kon **buitepasiënte**, dit wil sê wat nie aan die Inrigting verbonde was nie, alleen verpleeg waar die nood dit vereis en met toestemming van die Direkteur. Dit was nie net die verpleging van siekes as sodanig wat deur die verpleegster waargeneem is nie, maar ook die algemene gesondheid van die kinders. Saterdagaande is die kinders gereeld toegespreek oor gesondheidsleer. Abnormale gewoontes van een of ander kind moes aan die Direkteur

of........./



1). Notule van die Direksie, 23 Feb. 1929, 337; 11 Mei 1929, 341
2). Ibid., 11 Mei 1929, 341.
3). Ibid., 31 Aug. 1929, 343.
4). Ibid., 30 Nov. 1929, 349.
5). Notule van die Dagbestuur, 12 Mrt. 1931, 81; 23 Mrt. 1931, 83
6). Notule van die Direksie, 27 Feb. 1932, 395.

of Matrone gerapporteer word, en na bespreking daarvan moes die verpleegster met takt die gevalle in gesondheidsleerklasse behandel.

Behalwe die reedsgenoemde bydrae van die Opvoedings-departement vir weeshuiskinders is op voorwaarde van beter voedselvoorsiening in 1931 ook ingewillig om die hostelkinders op dieselfde basis te ondersteun. Met die oog hierop het die Direksie die losiesfooie van £2 na £2. 10. 0. per maand verhoog[1]. Mettertyd is die egter weer verminder tot £6 per termyn, sodat die meeste ouers met die goewermentsbydrae slegs tien sjielings per maand losiesgelde betaal het. In 1936 het die Direksie hulle nog verder tegemoet gekom deur nog vyf sjielings per kind per maand afslag te gee waar ouers drie en meer kinders in die hostel het [2]. Die kleiner seuntjies en dogtertjies van die hostel is nie alleen in die slaapvertrek nie maar ook in die eetsaal van die groter kinders geskei en onder andere 'n ,,uitspan" is vir hulle voorsien [3].

Die beleid om die weeshuiskinders apart van die betalende kinders te huisves het baie ongewenste komplikasies meegebring. Aan die nie-betalende kinders van die Weeshuis het 'n stigma gekleef, en daar was voortdurend wrywing tussen die twee groepe, wat soms op bakleiery tussen die seuns uitgeloop het. Die wenslikheid om die twee inrigtings te verenig is sterk aangevoel deur die Direksie, dog op aanbeveling van inspekteur J. de V. Lenfesty kon dit nie bewerkstellig word nie, omdat die Onderwysdepartement die Weeshuis dan nie meer as 'n weeshuis nie maar as 'n gewone kerkinrigting sou beskou [4].

Die oprigting van 'n washuis met uiters moderne masjinerie teen 'n waarde van ongeveer £400 is moontlik gemaak deur 'n onbekende weldoener uit Potchefstroom, ,,'n vriend wat nie genoem wil wees nie". Hy het onderneem om die rente van 'n bedrag van £200 wat die Direksie kon leen, jaarliks te vereffen en dan die bedrag binne vyf jaar self af te betaal. Sy enigste twee voorwaardes was dat sy naam nie buite die Direksie genoem moes word nie en dat die geld gebruik moes word as die £ vir £-aandeel van die Weeshuis in die waskamer en masjinerie [5]. Op sy versoek is die washuis ,,Die C.N.O.-washuis" genoem en 'n ki[illegible]kiw w[illegible] ke [illegible] 'n ....../

-87-

1). Notule van die Direksie, 7 Mrt. 1931, 370.
2). Ibid., 18 Jan. 1936, 73.
3). Ibid., 11 Mei 1935; 56; 16 Aug. 1935, 63.
4). Ibid., 13 Mei 1930, 355.
5). Ibid., 10 Nov. 1935, 67.

'n kiekie en beskrywing van die gebou is aan hom gestuur [1].

In 1934 is die ou stoomenjin van die ligtetoestel vervang deur 'n ru-olie-enjin teen 'n koste van £70 [2]. In daardie jaar kon mnr. Lenfesty 'n baie bemoedigende rapport oor die Inrigting lewer, en nou kon dit ook op sy hartelike samewerking reken. Behalwe etlike welnemende wenke het hy ook by die Departement aanbeveel om meer ondersteuning aan die Inrigting toe te staan [3]. Die Direksie het sy wenke steeds na die beste van sy vermoë uitgevoer. In 1938 is op aanbeveling van die mediese inspekteur ook muskietnette vir die beddens en muskietgaas vir die vensters en deure van die slaapsale voorsien [4].

Op 22 Februarie 1930 is die hoeksteen van die nuwe kerkgebou gelê [5], en op 27 Junie 1931 is die kerk in gebruik geneem [6]. Hierdie gebou is deur die Gemeente van Gwelo gebou, dog die Inrigting het ook sy aandeel gehad. Behalwe die grond deur die Inrigting vir hierdie doel afgestaan, is al die houtwerk, soos die banke, preekstoek, galery en trappies, deur die leerlinge van die houtwerkdepartement self gemaak van timmerasie wat deur die saagmeule van die Inrigting bewerk is [7]. Omdat die kerk hoofsaaklik in verband met die Inrigting gebruik is, het die Ring van Bulawayo op versoek van die Kerkraad van Gwelo besluit om dit oor te neem teen 'n koopsom van £500, wat in 18 maande af te betaal was. Die kerkrade van die verskillende gemeentes is genader om spesiale ondersteuning in hierdie saak [8]. Omdat daar enige misverstand geheers het in die onderhandelings, is die gebou eers twee jaar later offisieel oorgeneem deur die Ringskommissie tenbehoewe van die Inrigting, en mnr. P.J. Celliers is gevra om in die Unie te gaan kollekteer [9].

Die daarstelling van 'n sierlike kerkgebou op Daisyfield was die verwesenliking van 'n lank gekoesterde ideaal. Trouens die uiteindelike doelstelling van die Inrigting was die geestelike versorging van die wees- en verwaarloosde kindertjies van ons uitgeweke volksgenote ten noorde van die Limpopo: „The work at Daisyfield was begun, and is being carried on by those who believe that the greatest gifts to childhood are to be found in

the..../



1). Notule van die Dagbestuur, 16 Apr. 1936, 138.
2). Notule van die Direksie, 25 Nov. 1933, 23.
3). Ibid., 24 Feb. 1934, 29.
4). Ibid., 3 Mrt. 1938, 139.
5). Ibid., 22 Feb. 1930, 354.
6). A.J. Botha in „Daisyfield" in Die Kerkbode, 1 Julie 1931, 30-31
7). Daisyfield Orphanage, 1914-1935, 9.
8). Notule van die Ring van Bulawayo, 30 Mei 1932, 273; vgl. ook notule van die Direksie, 25 Feb. 1933, 13.
9). Notule van die Ringskommissie, 8 Okt. 1934, 326.

the beginnings of christian character. So first and foremost in the many activities of the Orphanage stands the Church with the help it seeks to give the boys and girls during those hours in which they gather in the House of God for worship and instruction in the things of the Spirit"[1].

Die geestelike versorging en godsdienstige bearbeiding van die kinders op Daisyfield het inderdaad niks te wense oorgelaat nie. Twee dienste is gereeld elke Sondag gehou, en die dienste is so ingerig dat dit by die behoeftes en ontwikkelingspeil van die kinders kon aansluit. Hartlike samewerking van al die personeellede is steeds verkry vir die Sondagskool, wat op die diplomastelsel gebaseer is. Verder was daar godsdienstige Vereniginge soos Junior Strewers, Christelike Studentevereniging en Kinderkrans, geaffilieer met die ooreenstemmende Verenigings in die Unie. Hierdie Christelike verenigings was onder beheer en toesig van die plaaslike Senior Strewersvereniging en Vroue-Sendingbond[2].

Teen die einde van 1938 het Daisyfield al die vorm van 'n klein dorpie aangeneem. Aangrensende aan die stasie was die Inrigting-geboue, wat bestaan het uit twee groot koshuise, 'n kerk, hospitaal, winkel, skool, tegniese departemente en verskeie personeelhuise.

## 4.
## Finansies.

### A. Gelde.

Die inlywing van die Rhodesiese gemeentes by die Vrystaatse Kerk was in alle opsigte 'n finansiële uitredding vir al die gemeentes en veral ook vir die Daisyfield-inrigting. Ten tye van die inlywing is die gesamentlike bates bereken op £35,000, waarvan £10,000 die van die Daisyfield-inrigting was, teenoor 'n gemeentelike skuldelas van £9,500, insluitendende £3,500 van Daisyfield[3]. Om hierdie finansiële laste van die gemeentes te verlig is daar tot die som van £18,000 besluit, waarvan voorlopig (1929 - 1930) onder andere £1,950 aan Daisyfield uitbetaal is[4]. Dit was op twee na meer as wat aan die onderskeie gemeentes uitbetaal is[5]. Die Sinode het 'n Rhodesiese Ondersteuningsfonds in die lewe geroep, waardeur die Vrystaatse gemeentes 'n pro rata-deel moes bydra vir die hulpbehoewende

gemeentes ....../



1). Daisyfield Orphanage, 1914-1935, 7.
2). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, 22 Apr. 1936, 2.
3). Ringsargief: brief van die Ringskriba, 9 Mei 1929.
4). Olivier: Die Ned. Geref. Kerk in die Onderwys in Rhodesië, 49.
5). Vgl. Rapport van die Kerkkantoor Kommissie van toesig, 13 Jan 1934.

gemeentes van die Ring van Bulawayo [1]. Binne die eerste ses jaar is reeds £14,700 tot hierdie Fonds bygedra [2]. Deur hierdie milde bydraes is dit nie net vir die verskillende gemeentes in Rhodesië moontlik gemaak om geleidelik die geldelike hindernisse te oorkom nie, maar ook die Daisyfield-inrigting, wat 'n aansienlike deel uit hierdie bydraes ontvang het, kon 'n tydperk van rustige uitbreiding tegemoetgaan. Die noodsaaklike uitbreidings wat jare lank slegs 'n onbereikbare ideaal in die verskiet was, kon nou geleidelik verwesenlik word. Behalwe bydraes uit hierdie Ondersteuningsfonds het die Inrigting ook nog van tyd tot tyd donasies van die Algemene Armesorg van die Vrystaatse Kerk ontvang, wat teen 1931 reeds 'n totale bedrag van £1,400 oorskry het [3]. In 1937 het die Ring van Bulawayo besluit om by die Sinode voor te stel dat een gemeente uit elke Ring van die Vrystaatse Sinode of een hele Ring van die Kerk in die Vrystaat, behalwe die Ring van Bulawayo geldelike verantwoordelikheid moes aanvaar vir die Daisyfield-inrigting [4]. Die Sinode het gunstig op hierdie voorstel gereageer en die volgende besluit geneem: ,,Waar die Weeshuis van Daisyfield een van ons Vrystaatse weeshuise is, en 'n baie groot werk doen vir die wees- en verwaarloosde kind van Rhodesië, beveel hierdie Hoog Edele Sinode by die Ringe in die Vrystaat aan om in elke Ring een gemeente aan te wys om Daisyfield te ondersteun, sodat langs die weg die gemeentes van die Suide ook verbind sal word aan die Noorde en Daisyfield gehelp kon word". Met die oog op die opofferende werk wat daar onder sulke moeilike omstandighede aan die Daisyfield-weeshuis gedoen word deur die Bestuur en personeel, wat gedurig met groot tekorte moes worstel, het die Sinode die Inrigting in alle erns aan die milde steun van die lidmate en veral die gemeentes wat deur die Ringe daartoe aangewys sou word, opgedra [5]. Die sinodale vergadering het die groei van Daisyfield in oënskou geneem en veral gewag gemaak van die werk van ds. J.N. Geldenhuys, ds. Kosie Smuts en eerw. A.J. Botha. Ook het hulle dank betuig aan die Departement van Onderwys van Suid-Rhodesië vir die gulle en hartelike wyse waarop dit die onderwys in die Inrigting ondersteun het. Nadat die ondersteunde gemeentes aangewys is, het daar werklik 'n nuwe lente vir Daisyfield

aangebreek:../

-90-

1). *Acta Synodi* ( O.V.S.), 1928, 8.
2). Ibid., 1934, 35.
3). Notule van die Direksie, 26 Junie 1931, 384.
4). Notule van die Ring van Bulawayo, 14 Apr. 1937, 37; vgl. ook Notule van die Direksie, 14 Mei 1937.
5). *Acta Synodi* (O.V.S.), 1937, 19.

aangebreek: hierdie Sinodale besluit het ten gevolge gehad dat die bydraes van die Vrystaat verdubbel het [1].

Behalwe hierdie gereelde bydraes uit die Vrystaat het die Rhodesiese gemeentes ook gereeld jaarliks bygedra. Hulle bydraes is veral by wyse van straatkollektes ingesamel, en bydraes in die vorm van geld, voedselware, klerasie ens. is gelewer. Hierdie donasies het 'n vaste instelling geword, en hoewel nie in die vorm van 'n bepaalde bedrag nie het dit die Inrigting se fondse aansienlik gesterk. In 1939, byvoorbeeld, was die totale bydrae ter waarde van 820 soos volg verdeel: £133 uit Bulawayo, £128 uit Salisbury, £68 uit Enkeldoorn, £10 uit Melsetter, £128 uit Gwelo, £73 uit Umtali, £106 uit Lusaka, £55 uit N'Kana, £10 uit Fort Victoria, £109 van Engelse vriende [2]. Die vorige jaar (1938) is 'n rekordbydrae van £1,493 uit Rhodesië ontvang [3].

Dit het nou instelling geword om gereeld die verjaardag van die Inrigting te vier. Die datum 5 Augustus is deur die Ring bepaal as die amptelike verjaarsdag [4]. Met hierdie geleentheid is kollektelyste aan al die gemeentes in Rhodesië gestuur, en verjaardagpersente in die vorm van donasies is van oor die hele Rhodesië en selfs uit die Unie ontvang [5]. Die Inrigting het in hierdie saak die hartlike steun en samewerking van die Ring van Bulawayo geniet [6]. Die Ring het elke kerkraad gevra om jaarliks Daisyfield se verjaardag te vier. Om almal in elke gemeente die voorreg te gee om iets aan die Weeshuis te doen is van kollektelyste en kollektekoevertjies gebruik gemaak: Elke jaar moes die Direksie een van sy lede na elke gemeente afvaardig om vooruit met die betrokke kerkraad te reël watter vorm die insameling sal aanneem [7].

Die Inrigting het nog steeds die finansiële steun van die Suid-Rhodesiese Regering geniet, en in 1934 het die Noord-Rhodesiese Regering, veral deur bemiddeling van ds. J.J. Driescher, predikant op Lusaka, onderneem om die Inrigting op dieselfde basis as die regering van Suid-Rhodesië te steun, naamlik £12 per kind per jaar [8]. Hierdie ondersteuning sou net van toepassing wees op kinders uit Noord-Rhodesië afkomstig. In 1939 is

ook...../

-91-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, 29 Apr. 1938, 72.
2). Finansiële Verslag aan die Ring van Bulawayo, 1940, 1.
3). Ibid., 1939, 1.
4). Notule van die Ring van Bulawayo, 1 Junie 1929, 228.
5). Idem; vgl. ook Notule van die Direksie, 29 Feb. 1929, 335; 13 Mei 1930, 359.
6). Notule van die Ring van Bulawayo, 26 Mei 1930, 248.
7). Ibid., 19 Mei 1933, 293.
8). Notule van die Direksie, 24 Feb. 1934, 32.

ook losiestoelae toegeken vir betalende kinders wat in die hostel opgeneem word [1]. Hierdie staatstoelae het egter nie meer so gunstig vergelyk met die wat die weeshuise in die Unie ontvang het nie. Laasgenoemde het nou byna twee keer soveel ontvang. Daarby moet nog in rekening gebring word dat lewensduurte hier veel hoër was as in die Unie; byvoorbeeld meel was meer as dubbel so duur [2]. Die staatstoelae het ongeveer £1,500 bedra, en die orige £2,500 om die jaarlikse lopende uitgawes van nagenoeg £4,000 te dek, moes deur vrywillige bydraes gevind word. As dit nie was dat die Direkteur vas geglo het dat God die Vader van die wese is en vir hulle sal sorg en aan Gods belofte: ,,Bid, en U sal gegee word", vasgehou het nie, sou dit 'n bykans onmoontlike taak gewees het [3].

Verskeie geslaagde kollektetoere is ook in hierdie tyd ten behoewe van die Inrigting in die Unie onderneem. So het ds. C.A. van Schalkwyk in 1934 'n geslaagde toer onderneem [4], en die volgende jaar het mnr. en mev. P.J. Celliers in die Vrystaat gaan kollekteer ten einde die bedrag van £500 wat aan die kerkraad van Gwelo verskuldig was vir die kerkgebou op Daisyfield, te vereffen. Hierdie toer was veral 'n reusesukses. Oral is hulle baie vriendelik ontvang en kon met 'n bedrag van byna £700 terugkeer, terwyl nog tussen £700 en £800 belowe is [5]. Die kollektetoer van eerw. A.J. Botha en ds. H. Botha in 1939 in Natal en die Oostelike Provinsie van Kaapland het nagenoeg £800 opgelewer. Hierdie bedrag sou seker veel groter gewees het as eerw. Botha nie siek geword het en oorlede is nie [6].

Die mooi voorbeeld wat wyle mnr. Lees van die Matopo's gestel het deur 'n testamentêre bemaking van £500 aan die Daisyfield-inrigting is ook deur ander persone gevolg. 'n Legaat van £500 is ook ontvang uit die boedel van mnr. G.C. Nel van Pietermaritzburg [7], £750 van mnr. A.E. du Toit [8] en £900 van mev. Emerentia Geldenhuys [9]. Tot dusver het die Inrigting dus al 'n gesamentlike bedrag van £2,650 aan bemakings uit boedels ontvang. Hierdie gelde is hoofsaaklik in vaste eiendomme belê.

b. <u>Boerdery.</u>

-92-

1). Notule van die Direksie, 8 Feb. 1939, 153.
2). Berig in <u>Die Kerkbode</u>, 1 Des. 1937, 1031.
3). Ibid., 1 Julie 1931, 30 - 31.
4). Notule van die Direksie, 26 Mei 1934, 37.
5). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, 22 Apr. 1936, 2; Notule van die Direksie, 11 Aug. 1935, 63; Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Spr. 1936, 427; Notule van die Dagbestuur, 18 Okt. 1934, 128; 16 Julie 1935, 134.
6). Notule van die Direksie, 1 Feb. 1940, 171.
7). Ibid., 25 Nov. 1933, 27.
8). Notule van die Dagbestuur, 15 Aug. 1938, 66.
9). Notule van die Direksie, 7 Junie 1940, 175.

b. <u>Boerdery.</u>

Die boerdery-afdeling het sodanig uitgebrei dat die Ring van Bulawayo die Direkteur en sy personeel in 1930 kon gelukwens met die groot verbetering deurdat daarin geslaag is om voorsiening te maak in al die behoeftes van die Inrigting, soos vleis, mielies, melk, botter,groente ens.[1]. Die Ring het steeds baie belangstelling getoon in die boerdery, omdat gevoel is dat hier die afdeling van die essensieel is, en op sy aanbeveling het die Direksie 'n kommissie van praktiese boere benoem om die plase te ondersoek en wenke aan die hand te gee tot bevordering van die boerdery[2]. Die behoefte is nog gevoel om voldoende eiers en varkvleis vir gebruik van die Inrigting self te produseer. Die direksie het hier die wiel aan die rol gesit deur aan die Direkteur opdrag te gee om met die Landbou-instrukteur reëlings te tref sodat daar behoorlike vark- en hoenderhokke gebou word, en sodat deur die boerdery afdeling genoeg eiers en varke vir gebruik van die weeshuis geproduseer kan word[3]. Met hierdie afdeling is dadelik begin[4]. Die Fries-kudde van die Inrigting is verder aangevul deur Ds. D. Steyn, deur wie se toedoen etlike goeie Friesbeeste aan die Inrigting geskenk is[5]. Die boerdery het veral baie baat gevind deur die buitengewone belangstelling en waardevolle wenke van die Landboukundige Mnr. C.A. Murra Op uitnodiging va die Direksie het hy hulle kom toespreek oor die boerdery-aangeleenthede op Daisyfield[6]. Hy het die verloop van sy belangstelling verduidelik en getoon hoedat hy herhaaldelik teleurgesteld met die organisasie van die weeshuisboerdery en telkens ingegryp het. Reeds twee jaar tevore is die swakker klas gemengde beeste op sy aandrang verkoop en 'n geharde klas aangekoop. Hy het ook die samestelling van 'n Landbouonderwyser........

-93-

1-. Notule van die Ring van Bulawayo, 25 Mei 1930, 247.
2). Ibid., 25 Apr. 1936, 428.
3). Notule van die Direksie , 25 Aug. 1934, 46.
4). Notule van die Dagbestuur, 5 Apr. 1935, 131.
5). Notule van die Direksie, 23 Febr. 1929, 335; 31 Aug. '29,344.
6). Ibid., 12 Junie 1936, 98; 14 Aug. 1936, 104.

onderwyser met die hoofinspekteur bespreek en die belangrikheid van so 'n pos beklemtoon [1]. Die Direksie het dadelik reëlings getref om die wenke van mnr. Murray ten uitvoer te bring, en die boerdery was nou flink op pad om in die regte ringting en op wetenskaplike grondslag te ontwikkel. 'n Tweede plaas, ,,Serubs", is ook in 1936 van mnr. J.K. Botha aangekoop teen 'n bedrag van £500. Hierdie plaas was naby Daisyfield geleë, en volgens berekening sou die plaas hom binne vier of vyf jaar uit sy brandhout alleen kon betaal [2].

c. <u>Ander bronne</u>.

Die winkelregte op Daisyfield is sedert 1 Januarie 1933 aan mnr. H.J. du Toit verhuur nadat mnr. F.E. Botha, die vorige huurder, insolvent geraak het [3]. Eersgenoemde het ook 'n slaghuis op eie koste teen 'n bedrag van £45 aangebou, waarvoor 'n huur teen £1 per maand bereken, aan hom toegestaan is [4]. Verder is die saagmeule ook nog in stand gehou. Dit was 'n waardevolle onderneming, veral vir die verskaffing van timmerasie vir boudoeleindes van die Inrigting en hout vir die houtwerkdepartement van die skool. Teen die einde van 1930 was daar alreeds vir ongeveer £500 hout gesaag [5]. Van die Minister van Landbou is verlof verkry om op enige van die Goewermentsgronde tussen die Gwelo- en Shanganiriviere hout te saag vir die uitsluitlike gebruik van die Weeshuis [6]. Die aanvraag vir verwerkte hout was sterk, sodat die Direksie besluit het om ook 'n skaafmasjien aan te koop [7].

d. <u>Samevatting</u>.

Dit was duidelik dat die Inrigting op finansiële gebied geleidelik besig was om die mas op te kom. Met die sluiting van die boekjaar op 31 Maart 1938 het die inkomste die uitgawes met £1,612 oorskry [8]. Hierdie bemoedigende toestand was veral te danke aan die mooi bydraes nie net uit Rhodesië nie maar veral van die gemeentes in die Vrystaat [9]. Ondanks hierdie fenomenale groei, wat hoofsaaklik moontlik gemaak is deur die Vrystaatse gemeentes, moet daar tog op gewys word dat Daisyfield op hierdie

stadium...../

-94-

1). Notule van die Direksie, 13 Nov. 1939, 165.
2). Ibid. 11 Apr. 1936, 104; vgl. ook Notule van die Ring van Bulawayo, 27 Apr. 1936, 2.
3). Ibid., 27 Aug. 1932, 4.
4). Ibid., 23 Feb. 1935, 39.
5). Ibid., 7 Mrt. 1931, 372.
6). Ibid., 26 Junie 1931, 383.
7). Idem.
8). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Apr. 1939, 2.
9). Notule van die Direksie, 24 Feb. 1941, 187.

stadium nog, in vergelyking met die ander vier weeshuise van die Vrystaatse Kerk, die swakste daaraan toe was. As op twee na die grootste weeshuis wat getalle betref, was sy bates op verre na die minste, naamlik £17,000 teenoor £20,000 (Winburg), £27,000 (Ladybrand), £60,500 (Betlehem) en £54,000 (Bloemfontein). Hierteenoor was sy laste van £6,000 op een na die grootste 1) .

## 5. Onderwys.

a. Probleme.

,,Die Daisyfield Pionierskool" 2) was uniek in die land in dié opsig dat sy personeellede almal toegewyde Afrikaanssprekende lede van die N.G. Kerk was en dus simpatie met die Afrikaanse kind, sy omstandighede en sy godsdiens kon hê 3). Die leerlinge van die skool was ook hoofsaaklik Afrikaanssprekend, met die gevolg dat die algemene omgangstaal buite skoolure spontaan en uitsluitlik Afrikaans was. Dit is dus te begrype dat die standaard in Engels in die Pionierskool nie op dieselfde peil was as in ander skole van die land nie. Die inspekteurs het ook voortdurend gekla oor die standaard van Engels in die skool 4). Die Weeshuisbestuur en onderwysers het ernstige pogings aangewend om die Engels van die kinders op 'n bevredigende peil te bring. Die skoolhoof, mnr. Conradie, het die Direksie versoek om die lede van die koshuispersoneel te vra om met die onderwysers saam te werk om die kinders vier dae in die week uitsluitlik te laat Engels praat 5) . Die Direksie het die wenslikheid ingesien om die kinders te leer om goed Engels te praat dog het gemeen dat so 'n plan onprakties sou wees en het voorgestel dat daar liewer 'n Engelse debatsvereniging gestig moes word 6) . Dit is duidelik dat die Direksie en onderwysers wel getrag het om die inspekteurs in dié opsig tevrede te stel, maar terselfdertyd is deur die Afrikaners in Rhodesië gevoel dat hulle taal in die skole van die land veronreg word. Hierdie gevoel word miskien die beste vertolk deur die volgende mosie wat in 1933 deur die Ring van Bulawayo aangeneem is:

,,Dir Ring van Bulawayo is oortuig van die onomstootlike feit, dat 'n skreiende onreg enige kind aangedoen word om hom te forseer om sy opvoeding met 'n vreemde taal te begin, daarom smeek

die...../



1). Vgl. Verslag van die Sinodale Kommissie vir Volkswelsyn aan die Sinode van die N.G. Kerk in die O.V.S., 4 Apr. 1940, 2.
2). Notule van die Direksie, 14 Mei 1937, 126.
3). H. Botha in ,,Die Daisyfield Pionierskool" in Die Kerkbode, 1 Des. 1937, 1031.
4). Notule van die Direksie, 11 Mei 1929, 339; 31 Aug. 1929, 342.
5). Ibid., 11 Mei 1929, 339.
6). Idem.

die Ring, deur middel van 'n deputasie, die Opvoedingsdepartement om tog ook die Afrikaanse kind 'n billike kans te gee om 'n behoorlike opvoeding vir sy toekoms te geniet om langs die weg ook die Engelse taal beter magtig te word en 'n beter Rhodesiaan te word" 1). Alle deputasies na en onderhandelings met die Departement oor hierdie beginselsaak was tevergeefs, en dit is juis hierdie probleem wat sou lei tot 'n krisistydperk vir die Daisyfield-inrigting toe die Departement daarop aangedring het om self die onderwysers te keur.

b. Geboue.

Die skool-akkomodasie het al weer beknop geword as gevolg van die uitbreiding van die Inrigting en die toename in die getalle. Reeds in 1929 moes die prinsipaal by die Direksie aandring om 'n sewende klaskamer, 'n kantoor en 'n pakkamer aan te bou 2). Weens die gebrek aan geld kon dit nie dadelik gedoen word nie 3), en eers vyf jaar later was die Direksie in staat om met die nodige veranderinge en vergroting van die klaskamers aan te bring 4). In 1937 is 'n nuwe mylpaal bereik deur die daarstelling van 'n sierlike gebou vir die tegniese departemente. By die Beit-trustees is aansoek gedoen om geld vir die aanbou van 'n industriële Beit-saal 5). 'n Bedrag van £500 is vir die doel aan die Inrigting toegeken 6). Die Onderwysdepartement het £90 bygedra. Hierdie bydrae was die eerste van Departementsweë vir geboue op Daisyfield. Al die handewerk is deur die seuns van die Inrigting self verrig 7). Die gebou het by voltooiing £1,600 gekos, en die Inrigting moes die balans van nagenoeg £1,000 self voorsien. Met die in gebruik neming in 1937 was nog 'n bedrag van £665 op die gebou verskuldig 8). Hierdie gebou het in 'n groot behoefte voorsien. Dit het nie alleen 'n ruim skoolsaal ingesluit nie maar ook al die nodige kamers vir huishoudkunde, smidswerk, musiek, biblioteek ens.

Die ou skoolgebou was teen hierdie tyd nie meer doeltreffend nie. Dit het pleistering nodig gehad, die vensters is deur miere opgevreet, en die klaskamers was ook veels te klein. Met die ingebruikneming van die tegniese Beit-gebou het die

Direksie ..../



1). Notule van die Ring van Bulawayo, 19 Mei 1933, 292.
2). Notule van die Direksie, 11 Mei 1929, 339.
3). Idem.
4). Ibid., 31 Aug. 1929, 342.
5). Ibid., 25 Nov. 1933, 24; 11 Aug. 1935, 65.
6). Ibid., 20 Feb. 1937, 121.
7). H. Botha in „Die Daisyfield Pionierskool" in Die Kerkbode, 1 Des. 1937, 1031.
8). Idem.

Direksie die geleentheid te baat geneem om die Eerste Minister, Sir Godfrey Huggins, wat ook teenwoordig was, te pols oor 'n nuwe skoolgebou. As deputasie om hom te ontmoet is dr. Theo C. de Villiers, mnr. D.H. Davel, mnr. Max Danzinger, parlementslid vir Selukwe-kiesafdeling, en die Direkteur benoem [1]. Die deputasie het hulle pleidooi gegrond op die feite dat die Departement reeds jare lank die gebruik van die skoolgebou gehad het sonder rente en sonder om geld te bestee aan die geboue op Daisyfield, behalwe bogenoemde bedrag van £90. Vroeër of later sou die Regering tog moes voorsiening maak vir geboue vir sy voorgenome „moderne onderwys", soos in die vooruitsig gestel deur die Fox-verslag van 1936 [2]. Mnr. Danziger het onderneem om die saak ook by die Opvoedingsdepartement aanhangig te maak [3]. Die uitslag was dat die Departement belowe het om £2,000 op die eersvolgende begroting te plaas vir 'n skoolgebou op Daisyfield, met dien verstande dat die Bestuur 'n skool moes bou teen 'n beraamde koste van £3,000 volgens planne en spesifikasies van die Onderwysdepartement. Die Direksie het die aanbod gretig aanvaar en besluit om by die saakgelastigde van die Vrystaatse Kerk om 'n lening vir die nodige £1,000 aansoek te doen [4]. Die gespanne houding tussen die Inrigting en die onderwysdepartement sedert 1939 het die Ring egter laat besluit om voorlopig nie van die aanbod gebruik te maak nie [5].

c. Onderwysers.

Die behoefte aan 'n sewende onderwyser op die personeel van die Daisyfieldse Pionierskool is sterk gevoel. In 1929 het die Direksie 'n deputasie bestaande uit eerw. A.J. Liebenberg, mnr. P.J. Celliers en die Direkteur benoem om met die Departement te onderhandel [6]. Die deputasie is baie vriendelik ontvang, en die inspekteur, mnr. J. de V. Lenfesty, het ook sy invloed gebruik, sodat die departement uiteindelik beloof het om 'n sewende onderwyser aan te stel [7].

In 1933 het mnr. D.H. Davel, mnr. Conradie as prinsipaal opgevolg [8]. Net soos in die geval van eerw. A.J. Botha het die Daisyfield-inrigting in mnr. Davel 'n ware Afrikaner en Godsman gevind.../



1). Notule van die Direksie, 29 Okt. 1937, 134.
2). Olivier: Die N.G. Kerk en die Onderwys in Rhodesië, 68.
3). Notule van die Direksie, 3 Mrt. 1938, 136.
4). Ibid., 28 Junie 1938, 141; 5 Okt. 1938, 145.
5). Notule van die Ring van Bulawayo, 29 Apr. 1939, 154.
6). Notule van die Direksie, 31 Aug. 1929, 342.
7). Ibid., 30 Nov. 1929, 347.
8). Ibid., 19 Aug. 1933, 20.

gevind wat dit as sy lewenstaak gesien het om die Afrikanerkind in Rhodesië op te hef. Bykans twintig jaar lank het hy as hoof van die skool op Daisyfield konsekwent die Christelike en nasionale beginsels van sy volk gehandhaaf, trots die geweldige aanslae wat daardie beginsels moes verduur. Onder die bekwame leiding van mnr. Davel en met 'n personeel van bekwame, konsensieuse en belydende Christen onder hom het die Daisyfield-skool een van die kragsentrales van die N.G. kerk op die gebied van opvoeding geword 1). 'n Bewys dat mnr. Davel met sy lojale personeel hulle pligte as onderwysers geken het, is die goeie vordering wat die kinders op skool gemaak het. Reeds in die eerste jaar na sy aanstelling as hoof het die eksamenuitslae bewys dat die onderwys op Daisyfield in bekwame hande is. Van 28 inskrywings vir die standerd 6-eksamen het 20 geslaag, en 10 van die 14 inskrywings vir standerd 7-eksamen en elf van die twaalf kandidate wat die Laer Taalbond-eksamen geskryf het, het geslaag 2).

d. Tegniese onderwys.

Die onderwys op Daisyfield in hierdie jare van groei en ontwikkeling word veral gekenmerk deur die ontwikkeling in die rigting van tegniese onderwys. Teen 1935 was hierdie vertakkinge van die onderwys op Daisyfield sonder gelyke in die land en het ook die hoogste erkenning van die onderwysoutoriteite gekry. Na 'n besoek aan Daisyfield met die mondigwording van die Inrigting in 1935 skryf mnr. L.M. Foggin, toenmalige Direkteur van Onderwys, onder andere as volg: ,,I wish again to express ...... my warm appreciation of the truly remarkable progress made by the Institution since I last visited it some years ago. I trust that long after I have left the service of this Department, Daisyfield will continue to flourish and expand in every direction and especially on the Industrial side which now shows so much promise". 3). Ook mnr. Lenfesty getuig van hierdie fenomenale groei. Hy sê: ,,In reviewing the various departments I cannot but be conscious of how much this work has grown during the past twenty one years since this Institution has been in my past Inspection circuit for the past twenty years. From the small and unpromising beginnings and always suffering from the handicap of financial recources the industrial ..../



1). Jaarverslag van die Ring van Bulawayo, 22 Apr. 1936, 3.
2). Idem.
3). Idem.

industrial occupations have grown to a stage at which they earn unqualified praise from all quarters" 1).

Die Direksie het alles in sy vermoë gedoen om ook die Landbou- en veeteeltafdeling van die tegniese vertakkinge deur die opvoedingsdepartement erken te kry met die oog op finansiële steun. In 1930 is die hoof van die Departement van Landbou na Daisyfield uitgenooi. Hy het 'n uitstekende rapport oor die boerdery-aangeleenthede van die Inrigting aan die Direkteur van Onderwys oorhandig, en die Direkteur van die Inrigting kon nou weereens met vrymoedigheid 'n versoek tot die Opvoedingsdepartement rig om ook hierdie afdeling as deel van die tegniese onderwys te ondersteun [2]. Die Departement het nou uiteindelik ook die Landboudepartement as deel van die tegniese opleiding op Daisyfield aanvaar en ondersteun [3].

Die tegniese kursusse is behoorlik georganiseer. 'n Aansoekvorm, wat bindend vir 'n driejarige kursus was, moes voltooi word. By voltooiing van sy kursus het elke leerling 'n sertifikaat ontvang, waarin melding gemaak word van sy bekwaamheid in die ambag en sy gedrag [4]. 'n Behoorlike leerplan met die nodige praktiese vaardigheid en teoretiese kennis is in elke vak aangebied. In 1936 is 'n begin gemaak met die kursusse vir die Nasionale Tegniese Sertifikaat [5], en met die ingebruikneming van die Beit-tegniese gebou in 1937 het die tegniese onderwys op Daisyfield die toppunt van sy langsame en moeisame ontwikkelingsgang sedert die stigtingsjare bereik. Met goedkeuring van die Direkteur van Onderwys is nou ook 'n nuwe rigting ingeslaan, naamlik om tegnies en kommersieel te ontwikkel, selfs tot gelykstaande met matrikulasie [6].

Die feit dat die Direksie weens geldelike tekorte genoodsaak was om die tegniese departemente uit die oogpunt van finansiële bates vir die Inrigting moes beskou, is te betreur. Dit het dan ook gelei tot die afskaffing van die Leerwerk- en Landboudepartemente in 1938 [7].

e. Middelbare onderwys.

Teenoor die verbasende ontwikkeling van die onderwys op Daisyfield in tegniese rigting het die akademiese rigting agterweë ....../

-99-

1). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, 22 Apr. 1936, 3.
2). Notule van die Direksie, 22 Feb. 1930, 353.
3). Ibid., 11 Mei 1935, 53.
4). Ibid., 30 Nov. 1929, 347.
5). Ibid., 4 Feb. 1936, 83.
6). Ibid., 20 Feb. 1937, 119.
7). Ibid., 5 Okt. 1938, 146.

terweë gebly. Ondanks die feit dat die skool reeds in 1928 die status van Junior Hoërskool verkry het, kon die Bestuur met etlike deputasies na die Onderwysdepartement nie daarin slaag om 'n standerd 8-klas erken te kry nie. 1) .

6. Nasorg.

Die Bestuur van die Inrigting het gevoel dat hulle taak nie net was om die kind wat die Inrigting verlaat, materieel te versorg deur hom of haar in 'n betalende werk te plaas nie maar veral ook om so 'n kind geestelik te versorg. Die probleem was om die geestelike arbeid wat in die Inrigting gedoen is, voort te sit. Om 'n bepaalde prosedure te vind hoe om hierdie geestelike sy van die nasorg te behartig is heelwat proefnemings gedoen. Voortdurend is getrag om in kontak met die oud-weeshuiskinders te bly. In 1929 het die Direksie aan die Direkteur opgedra om 'n lys op te stel van die name van al die weeshuiskinders wat die Inrigting reeds verlaat het en om soveel moontlik in voeling met hulle te bly. Verder moes hy deur 'n omsendbrief die predikante van die verskillende gemeentes vriendelik vra om die ou weeshuiskinders op die een of ander manier aan te spoor om kerkvas te wees 2) . Hierdie maatreëls was nie genoegsaam nie, en die volgende jaar is 'n seun uit die Leerwerkdepartement by wyse van 'n eksperiment onder toesig van die Kerkraad van Bulawayo geplaas. Langs hierdie weg sou die seuns aangemoedig word om in hulle ambagte te bly en onder toesig van 'n kerkraad 3). Die Ring het aan die hand gedoen dat die Direkteur met die weeshuise in die Unie in korrespondensie moes tree om vas te stel wat in verband met nasorg gedoen kon word. Die Ring het ook die noodsaaklikheid beklemtoon dat sodra 'n weeskind uit die Weeshuis na een of ander werkkring gaan, iemand aldaar aangestel moet word uit die kerkraad om hom van raad te dien en mettertyd te help om oor sy tydelike en geestelike belange steeds 'n oog te hou 4).

Toe eerw. en mev. Botha 'n toer deur Rhodesië ten behoewe van die Inrigting onderneem het, was dit met die direkte opdrag om sover moontlik alle oud-weeshuiskinders op te soek met die oog

op ......../



1). Notule van die Direksie, 13 Mei 1930, 355; 14 Aug. 1930, 362; 11 Aug. 1935, 61; 10 Des. 1935, 67; Notule van die Dagbestuur, 15 Nov. 1935, 136; 29 Okt. 1936, 168; Notule van die Ring van Bulawayo, 30 Apr. 1938, 85.
2). Notule van die Direksie, 30 Aug. 1929, 347.
3). Ibid., 29 Nov. 1930, 367.
4). Notule van die Ring van Bulawayo, 19 Mei 1933, 292.

op beter geestelike bearbeiding [1]. Dit is dus 'n uitgemaakte saak dat die Bestuur van die Inrigting nie net begaan was oor die tydelike welvaart van die kind wat die Inrigting verlaat nie, maar veral ook moeite gedoen het vir sy geestelike belange en besonder begaan was oor sy kerkvastheid en die uitlewering van die Christelike beginsels wat by hom vasgelê is tydens sy verblyf in die Inrigting. Dit was vir hulle 'n saak van erns om die boompie wat hulle met soveel sorg geplant het in die geestelike lewe van elke wees- en verwaarloosde kind aan hulle toevertrou, te sien groei en bloei en vrugte afwerp.

1). Notule van die Direksie, 20 Feb. 1937, 121.

# HOOFSTUK VI.

## DIE LAASTE JARE OP DAISYFIELD: 1939 - 1948.

### 1. Inleiding.

a. **'n Krisistydperk.**

In teenstelling met die rustige groei en uitbreiding van die Daisyfield-inrigting en die harmoniese samewerking met die Onderwysdepartement van Suid-Rhodesië in die dertiger jare word die veertiger jare gekenmerk deur nuwe probleme en antipatie van die kant van die owerhede, wat sou lei tot 'n krisisuur vir die Inrigting. Dit ly geen twyfel nie dat sedert die Eeufeesjaar, 1938, en die daaropvolgende oorlogsjare 'n steeds groeiende vooroordeel teen die Afrikanergemeenskap in Suid-Rhodesië ontstaan het. Hierdie vooroordeel en antipatie is veral teen die Daisyfield-inrigting geopenbaar in die rapport van die sogenaamde ,,Enkeldoorn and Schools Commission of Enquiry", 'n kommissie wat deur die regering benoem is om rassewrywing in die skole te ondersoek. Hulle het die sluier gelig oor die mate van vooroordeel wat daar vir geruime tyd reeds bestaan het by die Engelse-publiek: ,,For many years the activities of the school at Daisyfield have been the cause of uneasiness in the public mind. It is known that the Departemental control of staffing arrangements at Daisyfield is not satisfactory. Allegations have been made that racialism is fostered there and that those responsible for the running of the school are anti-British in their outlook" 1).

Daar moet egter gewys word dat die vertolking van die pro-Afrikaanse gees op Daisyfield as anti-Brits foutief is. Alles wat nie pro-Brits is nie, is immers tog nie anti-Brits nie. Wat sy samestelling betref, was hierdie kommissie ook heeltemal eensydig. Hoewel die rasseverhouding van Afrikaner en Engelsman ondersoek moes word, het eersgenoemde hoegenaamd geen verteenwoordiging daarop gehad nie. Die algemene vooroordeel word verder weerspieël in die volgende bevinding van die Kommissie: ,,It can be said that Daisyfield is also the Rhodesian home of various Afrikaans cultural Societies which originate in the Union of South Africa. While there can be no objection to these societies so long as they confine themselves to fulfilling the objects ...../



1.) Enkeldoorn and Schools Commission of Enquiry Report, 29 June, 1945, 12.

objects for which they avowedly stand, it is not unknown that they have been used as vehicles to carry forward the political aims of those who have not at heart the unity of the two races ...... Some nervousness on the part of the Rhodesian public has been apparent since the publication of information that the Broederbond has subscribed £500 to the Daisyfield Orphanage. Though this may be ascribed to purely charitable intentions it nevertheless lends colour in the eyes of some that Daisyfield has an undesirable relationship with that body" 1). Dit is vanselfsprekend dat onder so 'n mate van vooroordeel daar van owerheidswe'ë alle moontlike stappe gedoen sou word tot uitwissing van die sogenaamde „racial Island".

Die gespanne verhouding tussen die Bestuur van Daisyfield enersyds en die Onderwysdepartement andersyds het sy eintlike oorsprong in die verandering in die onderwysbeleid van die land volgens die voorstelle van die Fox-verslag van 1936: Waar die onderwysbeleid van Suid-Rhodesië dusver op die van die Unie van Suid-Afrika gebaseer was, het die Fox-kommissie onder meer aanbeveel dat alle betrekkinge op opvoedkundige gebied met die Unie verbreek moes word en gewysig moet word in aansluiting by die van Engeland. Die onderwysersopleidingskollege in Bulawayo, waar die opleiding 'n elementêre kennis van Afrikaans ingesluit het, moes gesluit word en alle aspirantonderwysers(esse) moes na een of ander opleidingskollege in Engeland gestuur word met behulp van 'n lening en beurs van die regering. Verder moes die ou gevestigde matrikulasie-eineksamen plek maak vir 'n suiwer Engelse skooleindeksamen van Cambridge. Die leerplan moes radikaal verander word in die sogenaamde „moderne" onderwysstelsel, waar daar geen voorbereidende vakke spesiaal vir matrikulasie gedoseer word nie.

Die regering het die Fox-verslag met groot entoesiasme ontvang en dadelik begin toepas, sodat die eerste Cambridge-eksamen reeds in 1940 afgelê is. Die onderwyspraktyk in Suid-Rhodesië het in breë trekke nou hierop neergekom: akademiese, tegniese en moderne onderwys is in aparte skole geskei. Adademiese onderwys is tot die stedelike hoërskole beperk, die tegniese onderwys tot die tegniese skool in Bulawayo, terwyl die plattelandse skole die „moderne" rigting moes volg dit wil sê 'n laerskool met 'n „modern Top".

Vir......./



1). Enkeldoorn and Schools Commission of Enquiry Report, 29th June, 1945, 13.

Vir Daisyfield was daar dus geen alternatief as om laasgenoemde rigting te volg nie. Dit was trouens ook die uitgesproke wens van die owerheid, dog die Bestuur van die Inrigting het volhard in hulle teenkanting teen so 'n beleidsverandering van die skool. Die redes vir hierdie weerstand van die Bestuur kom daarop neer dat die opbouings werk van byna dertig jaar hierdeur vernietig sou word. Die Pionierskool op Daisyfield was nou reeds die middelpunt van die Afrikanergemeenskap van Suid-Rhodesië se belangstelling in die opvoeding van hulle kinders: ,,Na die mate wat ons skool goeie werk lewer, na die mate kan ons ons kerk en volk in Rhodesië dien" 1). Die skoolkursus op Daisyfield het reeds uitgebrei tot standerd 9 en daarmee is die middelbare onderwys ook binne bereik van die minderbevoorregte Afrikaanssprekende kind in Rhodesië geplaas. Dit het ook die geleentheid vir sulke kinders gebied om na standerd 8 'n tweejarige matrikulasiekursus in die Unie-skole te volg 2). As die ,,modern Top" op Daisyfield ingevoer sou word, sou dit beteke dat die minderbevoorregte Afrikaanse kind verstoke sou bly van die akademiese opleiding, waaraan daar juis so 'n groot behoefte was.

Die stryd tussen die Bestuur van die Inrigting en die Departement van Onderwys is openlik gevoer en het nie net gebly by die kwessie van 'n moderne skool al dan nie, maar veral is daar voortdurend aanmerking gemaak op die lae standaard van Engels in die skool, en die Departement het daarop aangedring op 'n Engelssprekende onderwyser op die personeel van die Pionierskool om Engels as vak te doseer. Hiermee was die Direksie volkome eens, met die voorbehoud dat so 'n persoon tweetalig moet wees, simpatiek staan teenoor die N.G. Kerk en die Afrikanerkind en hom onderwerp aan die Reglement van Orde van die Kindertehuis 3). In 1940 het mnr. A.D. Gledhill, inspekteur van onderwys, in 'n memorandum getitel: ,,Position of English at Daisyfield Pioneer School", die standaard van Engels in die skool as uiters onbevredigend beskryf en ten slotte 'n bedekte dreigement tot die Bestuur gerig. Hy sê onder meer: ,,It is difficult to escape the conclusion that while the Education Department has acceded to suggestions designed to promote a better understanding of Afrikaans (verwysende waarskynlik na die toegewings met betrekking tot Afrikaans wat nie

in ..../



1). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, April 1942, 2.
2). A.F. Louw in Inspan, Maart 1945, 5.
3). Notule van die Direksie, 8 Feb. 1939, 155; Ringsargief: Brief van die Direkteur aan die Onderwysdepartement, 11 Feb. 1939.

in ander regeringskole van toepassing was nie), the school authorities have not been willing to take steps necessary to promote a better understanding of English. Suggestions which it was considered would bring about real improvement have in general been unacceptable to the Institution. It is considered that the School and Hostel authorities should now state what they are prepared to do".

Na 'n besoek van vier inspekteurs op 11 en 12 Maart 1941 is weereens 'n baie ontmoedigende rapport gelewer oor die gehalte van Engels in die skool. Daar is onder andere gewag gemaak van die lae standaard van Engels en die onbekwaamheid van die onderwysers om aan die kinders Engels te leer [1]. Na aanleiding van hierdie bevinding het die skoolhoof, mnr. D.H. Davel, die kinders in Engels getoets. Die prestasies van die ou Daisyfieldleerlinge het baie gunstig vergelyk met die van die nuwe leerlinge wat van die regeringskole afkomstig was, ondanks die feit dat laasgenoemde oor die algemeen 'n skranderder tipe leerling was [2]. Dit is dus twyfelagtig of die beskuldiging van verwaarlosing van Engels deur die onderwysers op Daisyfield werklik gegrond was. Ewe-eens is die beskuldiging dat die Bestuur onwillig was om pogings aan te wend ter verbetering van Engels, soos in die Gledhill-memorandum beweer word, ongegrond. Hier word blykbaar verwys na die feit dat daar nooit 'n Engelssprekende onderwyser op Daisyfield aangestel is nie. Feit is dat geen geskikte applikasie ooit ontvang is nie, ondanks die pogings van die Direksie en van die Onderwysdepartement. Die enigste twee applikasies van Engelssprekende onderwysers, was selfs vir die Departement onbevredigend [3]. Om die standaard van Engels volgens wens van die inspekteurs te verbeter het die Direksie op een stadium selfs drie dae in die week Engels as spreektaal dwarsdeur die Inrigting ingevoer [4].

Die Departement wou nou self die probleem op sy eie manier oplos, soos blyk uit 'n skrywe aan dr. H.C. de Wet, voorsitter van die Ringskommissie waarin voorgestel word dat die Departement voortaan self applikasies sal vra om vakante

onderwysposte..

-105-

1). Inspekteursrapport, 9 Junie 1941, 6; Ringsargief: Briewe van die Onderwysdepartement, d.d. 3 Okt. 1941 en 14 Apr. 194
2). Notule van die Direksie, 23 Feb. 1942, 203; Notule van 'n Ringskommissievergadering saam met die Direksie en afgevaardigdes van die Moderatuur van die Vrystaatse Kerk, 13 Mei 1943, 362.
3). Notule van 'n Ringskommissievergadering saam met die Direksie en afgevaardigdes van die Moderatuur van die Vrystaatse Kerk, 13 Mei 1943, 360.
4). Idem.

onderwysposte op Daisyfield en dan persone sal aanstel na raadpleging van die Direksie. Na aanleiding van hierdie voorstel het dr. De Wet in 'n onoffisiële onderhoud met die hoofopvoedingsbeampte tot 'n tentatiewe ooreenkoms geraak. Die onderwysdepartement sou saam met die Direksie aansoeke om vakante poste vra. Die Direksie kon dan, in volgorde van voorkeur, twee persone aanbeveel uit hierdie applikante, en die Departement sou een van hulle aanstel, mits die aanbeveling sy goedkeuring wegdra. Die Ring het hierdie ooreenkoms aanvaar 1), dog dit het waarskynlik nie die goedkeuring van die Departement weggedra nie, want die probleem was nog nie finaal opgelos nie.

Op hierdie stadium het dit nou deurgeskemer dat die wortel van al die moeilikhede eintlik gelê het in die feit dat die skool onder die regering geval het maar dat die Direksie ook seggenskap daarin gehad het. Daarom wou die regering self die onderwysers volgens sy eie vereistes benoem 2). Dit was feitlik in die vorm van 'n ultimatum wat die Onderwysdepartement 'n reeks eise aan die Bestuur van die Inrigting gestuur het, waaronder voorkom die aanstelling van twee Engelssprekende lede op die personeel, die verplasing van die toenmalige prinsipaal, mnr. Davel, en die aanstelling van 'n Engelssprekende prinsipaal in sy plek en die reg om onderwysers aan te stel sonder aanbevelings van die Direksie: ,,The Department will arrange advertisement and select suitable candidates, a summary of whose records will then be submitted for comment by your Board. It is understood, however, that the final selection must lie with the Department". Ten slotte het die Departement ook geëis dat onderwysers geen huishoudelike pligte moet hê nie, sodat hulle meer tyd aan hulle skoolwerk kan bestee 3).

Objektief beskou, het die regering die volste reg gehad om sulke eise te stel, maar om van die Bestuur van die Inrigting, en tewens van die hele Afrikanergemeenskap van Suid-Rhodesië te verwag om daaraan te voldoen, sou eenvoudig die beëindiging van die strewe van die Inrigting en die staking van die werk van die afgelope dertig jaar beteken. Die

krisisuur..../



1). Notule van die Ringskommissie, 14 Junie 1943, 371.
2). Notule van 'n Ringskommissievergadering saam met die Direksie en afgevaardigdes van die Moderatuur van die Vrystaatse Kerk, 13 Mei 1943, 360.
3.) Ringsargief: Brief van die onderwysdepartement, 3 Okt. 1941; Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, April 1942, 3

krisisuur vir die Daisyfield-inrigting het geslaan; sy voortbestaan was in die weegskaal, en die onbeantwoorde vraag was nou of hy nie te lig bevind sou word nie.

Wat die aanstelling van Engelssprekende lede op die skoolpersoneel betref, het die Direksie die Departement slegs verwys na vorige besluite, naamlik dat die Bestuur in beginsel nie teen die aanstelling van een of twee sulke onderwysers is nie, mits sulke persone die Reglement van orde onderteken 1). Die tweede en derde eise het die Bestuur egter in 'n onmoontlike posisie geplaas. Die Direksie kon eenvoudig nie toegee aan die eis om die toenmalige prinsipaal te vervang deur 'n Engelssprekende persoon nie, en het die standpunt ingeneem dat dit in 'n skool waar daar oorwegend Afrikaanssprekende kinders is, beter is dat daar 'n Afrikaanssprekende prinsipaal moet wees, wat beter in voeling met die kinders kan bly 2). Ook wat die eis betreffende die aanstelling van onderwysers aangaan was dit vir die Bestuur 'n saak van onmoontlikheid om toe te gee. Daardeur sou hulle 'nprerogatief wat die Inrigting dertig jaar lank geniet het en wat al die tyd deur die Departement aanvaar is, moes prysgee. Bowendien as die onderwysers van Daisyfield na willekeur deur die Departement aangestel en verplaas moes word, soos die gebruik in ander regeringskole van die land was, sou die Daisyfieldse Pionierskool in geen opsig van die skole verskil nie, en dan sou die Inrigting nie kon voldoen aan sy doelstelling om die Afrikanerkind op te voed in die tradisies van die Afrikanervolk nie. Die reg om sy eie leerkragte te kies was vir die Bestuur van die Inrigting 'n lewensbelangrike beginsel, wat onder geen omstandighede prysgegee kon word nie 3). Dit sou die doel wat die Inrigting beoog het, in sy kerh tref. Sodra die reg om onderwysers te keur uit die hande van die Direksie geneem word, sou hulle geen waarborg meer hê dat hulle op watter gebied ook al enige leiding sou kan gee aan die Inrigting wat aan hulle behoort nie en wat deur die loop van jare met die grootste opoffering opgebou is.

Ds. Hennie Botha, voormalige Direkteur van die Inrigting som die posisie as volg op: ,,Ons het geen waarborg dat die leiers vir ons verenigings langer voor hande sal wees nie. Die groot rede waarom Afrikanerouers hulle kinders na Daisyfield stuur sal dan gou wegval. Daisyfield sal dan nie meer

die...../

-107-

1). Notule van die Direksie, 11 Nov,1941, 189; 8 Feb. 1939, 1
2). Ibid., 11 Nov. 1941, 189.
3). H. Botha: ,,Daisyfield", in <u>Die Zambesi Ringsblad</u>, Des. 1941, 9.

die Afrikaner se opvoedingsentrum in Suid- en Noord-Rhodesië wees nie, maar hy sal gou terugval tot die stadium waar hy net bestaan as 'n weeshuis waar die minderbevoorregtes deur die kerk versorg word, terwyl hulle op die kerk se gronde in 'n skool is waar die Afrikaner nie eens meer 'n stem het nie" [1].

Verskeie deputasies is na die Onderwysdepartement gestuur, en onafgebroke korrespondensie is oor hierdie netelige saak gevoer, maar daar kon geen oplossing gevind word nie. In 1942 het die stryd 'n klimaks bereik toe die hoofopvoedingsbeampte, mnr. A.G. Cowling, in opdrag van die Minister van Onderwys aan die Ringskommissie berig het dat die Departement nie die voorstelle van die Bestuur kan aanvaar nie en aan die hand gee dat die Pionierskool tot die status van 'n kerkskool met staatsondersteuning moes oorgaan vanaf Januarie 1944 [2].

Na deeglike beraadslaging en onder diepe besef van die ekstra verantwoordelikhede en probleme, veral op finansiële gebied, maar met die vaste oortuiging dat dit hier om 'n beginselsaak gaan, naamlik die godsdienstige en kulturele opvoeding van die Afrikanerkind, het die Ring van Bulawayo besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n kerkskool op Daisyfield [3]. Met goedkeuring van die Departement is die datum bepaal op 1 September 1944 [4]. Die Departement het ook ingewillig om al die toelaes aan die weeshuis, die salarisse van die tegniese personeel en die losiestoelae vir betalende kinders te handhaaf. Tot die skoolmeublement, boeke en onderwyserssalarisse sou die Departement op die £ vir £-basis bydra. Die addisionele uitgawe wat die Inrigting dan nog sou moes dra, is beraam op ongeveer £3,000 per jaar [5]. Kragtige pogings is onmiddellik aangewend om die nodige geld in te samel. 'n Skulddelgingsfonds is gestig om die bestaande skuld van £2,250 te vereffen, en die oogmerk was om 'n fonds op te bou wat nagenoeg £2,400 per jaar aan rente kon oplewer [6]. Daar was alle tekens van groot entoesiasme vir die nuwe onderneming op Daisyfield onder die Afrikaners van Rhodesië sowel as in die Unie. Geld het weer letterlik ingestroom op die noodkreet van die Inrigting, en na 'n jaar kon die skulde alles

1 s vereffen......./

-108-

1). H. Botha: ,,Daisyfield", in Die Zambesi Ringsblad, Okt. 1944, 10.
2). Ringsargief: Briewe van die hoofopvoedingsbeampte, d.d. 6 Feb. 1942, en 14 Apr. 1942.
3). Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Apr. 1942, 281.
4). Notule van die Ringskommissie, 28 Nov. 1942, 311.
5 ).Ibid., 18 Aug. 1942, 301.
6). Ibid., 28 Nov. 1942, 311.

vereffen word, terwyl die kerkskoolfonds die £2,000-kerf oor-skry het
skry het [1].

Toe die datum vir die verandering van die skoolstatus aangebreek het, het die Departement blykbaar van sienswyse verander. 'n Privaat gesprek tussen dr. H.C. de Wet en mnr. Cowling, die hoofopvoedingsbeampte, het dit geblyk dat die Departement geneë was om die eis van die aanstelling van 'n Engelssprekende prinsipaal vir Daisyfield in heroorweging te neem. Dr. De Wet het geen gras onder sy voete laat groei nie, en op sy aandrang het mnr. Cowling 'n onderhoud vir hom met die Minister van Onderwys gereël. By hierdie onderhoud was mnr. J.P. de Kock, L.V., die hoofopvoedingsbeampte en die hoofinspekteur van skole ook teenwoordig. Dr. De Wet het hierdie onderhoud ook in sy private hoedanigheid gevoer en nie as voorsitter van die Ringskommissie nie.

Nadat die hele aangeleentheid in 'n gees van wedersydse openhartigheid en welwillendheid bespreek is, is weereens tot 'n tentatiewe ooreenkoms geraak, wat kortliks op die volgende neerkom. Alle aansoeke om vakante onderwysersposte op Daisyfieldskool word deur die Direksie ontvang en na die Departement deurgestuur, terwyl die Departement die reg het om op vertroulike departementele informasie wat hy mag inwin, aansoeke terug te hou. Die ander applikasies word dan teruggestuur na die Direksie wat drie name in volgorde van voorkeur aanbeveel, waaruit die departement 'n aanstelling doen. Die Direksie sal ook die reg hê om konfidensiële informasie in te win en geen onderwyser sal aangestel word sonder die aanbeveling van die Direksie nie. Ingeval geeneen van die applikante deur die Direksie aanbeveel kan word nie, sal daar weer applikasies gevra word deur sowel die Direksie as die Departement [2]

Hierdie tentatiewe ooreenkoms is voor die Ringskommissie gelê en na deeglike oorweging aanvaar. Alle besluite om oor te gaan tot 'n kerkskool is herroep, en verlof is gevra van alle liggame wat bygedra het tot die kerkskoolfonds om die gelde te gebruik vir 'n algemene opvoedingsfonds [3]. Dit was nou duidelik dat die gespanne houding tussen die Bestuur van die Inrigting en die Onderwysdepartement 'n keerpunt bereik het, en 'n nuwe toekoms van wedersydse samewerking is tegemoet gesien. In dieselfde trant skryf die hoofopvoedings-

beampte..../



1). Handelinge van die Sinode van die N.G. Kerk van die O.V.S., 13 Apr. 1944, 179.
2). Notule van die Ringskommissie, 14 Junie 1943, 371.
3). Idem.

beampte: ,,There now appears every prospect of disregarding past disagreements and entering upon a new era of co-operation and goodwill" [1].

Die Daisyfield-inrigting het die toets wat deur die krisistydperk gestel is, deurstaan, en dit is voldoende waarborg vir sy voortbestaan in diens van kerk en volk.

Daar was op hierdie stadium egter nog een probleem: die Ringskommissie moes toegee aan die volgehoue eis van die departement dat mnr. Davel as prinsipaal vervang moes word. Die Direksie het ,,met groot teleurstelling en droefheid" van hierdie eis kennis geneem en in 'n vurige pleidooi gevra dat ,,met die oog op die nuwe ooreenkoms tussen die regering en die Ringskommissie, en die begeerte deur die regering uitgespreek dat daar nou 'n nuwe periode van samewerking en van goedgesindheid ingelei is, en met die oog op die feit dat die Direksie hulle graag hiermee wil vereenselwig en alles in hulle vermoë wil doen om van hulle kant die goeie verhouding met die regering te bewaar, en gedurig graag sy ernstige aandag wil skenk aan die wense van die regering in verband met die werk op die skool en die vryheid van die prinsipaal as regeringsamptenaar", die Ringskommissie weer by die regering moet aandring om die prinsipaalskap onveranderd te laat.' Selfs al sou die aandrang van die regering gegrond wees op 'n moontlike verhoging van die graad van die skool, het die Direksie onomwonde verkies dat die status van die skool onveranderd moes bly as mnr. Davel maar net as prinsipaal behou kon word [2]. Hierdie besliste versoek van die Direksie was wel deeglik gemotiveer, want dit ly geen twyfel nie dat mnr. Davel 'n aanwins vir die Inrigting en veral vir die skool was. Sedert hy die prinsipaalskap oorgeneem het, het die skool gegroei van 'n klein skooltjie met sowat 150 leerlinge waarvan die meerderheid weeskinders was, tot 'n inrigting waar die Afrikanerouers van Suid- en Noord-Rhodesië soveel vertroue gehad het dat teen hierdie tyd van die meer as 200 leerlinge byna twee maal soveel kosgangers as weeskinders was. Soms kon nie eens huisvesting gebied word aan kinders wie se ouers begerig was om hulle teen betaling na die skool te stuur nie. Dit alleen bewys dat die Afrikanerouers van Suid- en Noord-Rhodesië die volste vertroue in mnr. Davel en sy skool gehad het. Die

uitbreiding..../



1). Notule van die Direksie, 18 Aug. 1943, 236.
2). Idem.

uitbreiding van die skool van Standerd 6 tot 7 en later tot standerd 8 is aanvanklik nie deur die Onderwysdepartement goedgekeur nie, en dit is alleen aan die inisiatief en geloofsmoed van mnr. Davel te danke dat gemelde vooruitgang wel gemaak is. Telkens wanneer 'n stap vorentoe maar op eie houtjie onderneem is, het die regering die werk van die prinsipaal goedgekeur en 'n addisionele leerkrag gestuur. Die resultate van die skool op Daisyfield, as dit gemeet word deur vergelyking van die ou Daisyfield-leerlinge met die uit ander regeringskole, was nooit ongunstig nie en veral nie in die jare wat mnr. Davel hoof was nie. Terwyl kinders wat uit die regeringskole na skole in die Unie gaan, in die reël 'n standerd teruggeplaas is, was dit feitlik nooit die geval met kinders wat van Daisyfield afkomstig was nie.

Dit is wel te begrype dat met die misverstande van die voorafgaande paar jare en met die natuurlike en spontane pogings van mnr. Davel om, as regeringsamptenaar, ook die wense van die Direksie sover moontlik en by voorkeur uit te voer, die regering die indruk gekry het dat hy nie tot volle samewerking met die regering bereid is nie. Dit was veral die geval met betrekking tot die heelhartige uitvoering van al hulle wense in die rigting van „moderne" onderwys op Daisyfield. Dit is ook wel te begrype dat die Direksie met die grootste vrymoedigheid sy volste vertroue in mnr. Davel gestel het en alles in werking gestel het om die prinsipaalskap verder aan hom toe te vertrou 1) . Die Ringskommissie het die Direksie gesteun in hulle versoek om mnr. Davel as prinsipaal te behou, maar het nie sy weg oopgesien om te vra dat die status van die skool verlaat moes word nie 2).

Toe die prinsipaalspos geadverteer is, het die Direksie, in weerwil van die prosedure dat twee of drie name in volgorde van voorkeur aanbeveel moes word vir aanstelling deur die Onderwysdepartement, met algemene stemme slegs die applikasie van mnr. Davel as enigste keuse aan die Departement teruggestuur 3) . Die Departement wou nie toegee nie. Mnr. Davel is versoek om 'n ander betrekking as skoolhoof aansoek te doen en sy pos is weer geadverteer 4). Daar is egter nie tot 'n aanstelling van 'n ander prinsipaal

oorgegaan ..../



1). Notule van die Direksie, 18 Aug. 1943, 236.
2). Notule van die Ringskommissie, 1 Des. 1943, 376.
3). Notule van die Direksie, 1 Des. 1943, 243.
4). Notule van die Ring van Bulawayo, 14 Junie 1943, 371.

oorgegaan nie, omdat daar nooit geskikte applikante was nie 1), en mnr. Davel het nog steeds tydelik op Daisyfield aangebly in 'n posisie van onsekerheid. Geen finaliteit kon bereik word voor die einde van 1945 nie, toe die Departement uiteindelik ingewillig het om mnr. Davel as hoof van die skool te behou, op voorwaarde dat die skool moes oorskakel na die ,,moderne" rigting volgens beleid van die Onderwysdepartement 2). Hierdie veranderde houding van die Departement met betrekking tot mnr. Davel is waarskynlik te danke aan die inspekteursrapport van dieselfde jaar, waarin met groot lof gewag gemaak word van mnr. Davel as prinsipaal: ,,It is a pleasure to pay tribute to the conscientous devotion to duty of the Headmaster and his staff. The Head Master's kindly personality and his ability as a teacher have been of great value to the school" 3).

Die Bestuur van die Inrigting het nou voor die finale keuse gekom om oor te skakel na die ,,moderne" rigting, waarop reeds sedert 1939 deur die Departement aangedring is. Die feit dat daar so 'n groot persentasie vertraagde leerlinge op Daisyfield was, het miskien die deurslag gegee om die moderne stelsel op Daisyfield in te voer, dog veral op aandrang van mnr. Davel is alle pogings aangewend om ook nog die akademiese standaard te behou, veral met die oog op verdere studie van die meer intelligente leerlinge in die Unie-skole. Deur middel van statistieke het hy die inspekteurs probeer oortuig dat dit 'n dringende behoefte was dat Daisyfield ook 'n akademiese rigting moes volg om sodoende by die Unie-skole aan te sluit, daar so 'n groot persentasie van sy leerlinge hulle studie daar voortsit 4). Na verskeie onderhandelinge met die Departement is eindelik besluit om oor te gaan tot die ,,moderne" rigting, met die reg om naas die ,,moderne" kursus ook 'n parallelle akademiese kursus in te voer sodra die getal leerlinge met 'n aanleg vir die middelbare afdeling dit regverdig 5).

b. Die ,,Kerk-skool"-ooreenkoms.

Die daeraad van 'n nuwe periode met nuwe moontlikhede het vir die Daisyfield-inrigting aangebreek, want die verwesenliking van die lank gekoesterde ideaal van 'n kerkskool sou weldra 'n werklikheid word - nie as gevolg van misverstand en

wrywing..../



1). Notule van die Direksie, 21 en 22 Junie 1944, 257; 22 en 23 Aug. 1944, 275.
2). Ibid., 14 Nov. 1945, 354; 15 Mei 1946, 380.
3). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 31.
4). Notule van die Direksie, 7 en 8 Feb. 1945, 296.
5). Ibid., 14 Nov. 1945, 355; Notule van die Ringskommissie 14 Nov. 1945, 444.

wrywing met die Onderwysdepartement nie maar wel met die hartlike samewerking van die Departement; trouens, die voorstel het van Departementsweë gekom en wel op 'n basis van samewerking. In antwoord op 'n versoek van die Direksie om geldelike steun vir die oprigting van nuwe koshuise en skoolgeboue op Bothashof het die Departement na deeglike en simpatieke oorweging aan die hand gedoen dat die skoolstatus van die Inrigting verander moes word na 'n ondersteunde skool en weeshuis ten einde moontlike toekomstige herhaling van die ongelukkige misverstande van die afgelope krisistydperk te voorkom. Met die voorgenome verskuiwing was die tyd nou ryp om tot 'n kerkskool oor te gaan. Die Departement het hom bereid verklaar om, ingeval so 'n verandering plaasvind, finansiële steun op die toenmalige basis voort te sit. Dit sou beteken dat die Inrigting meer finansiële steun sou ontvang as wat die geval was met ander soortgelyke staatsondersteunde skole. Hierdie uitsondering is gemaak op grond van die feit dat 'n groot deel van die kinders op Daisyfield wees- of gekommitteerde kinders was. Die Departement het nie kans gesien om die volle koste van die skoolgebou te dra nie maar het aangebied om in elk geval 'n bydrae van £5,000 te doen 2).

Die Bestuur van die Daisyfield-inrigting het dadelik gereageer op hierdie voorstel. 'n Afvaardiging bestaande uit ds. H. Botha, voorsitter van die Ring van Bulawayo, dr. A.F. Louw, Jnr., Direkteur van die Inrigting, en mnr. J.P. de Kock het 'n onderhoud met die onderwyshoofde, mnrr. A.C. Cowling en L.R. Morgan, gereël met die doel om meer besonderhede omtrent die voorgestelde skoolstatus te verkry. Ds. Louw beskryf hierdie onderhoud as „aangenaam en openhartig". Hy sê: „Die onderhoud is deur ons aangevra. Ons het aan die begin van die onderhoud ons begeerte uitgespreek om 'n nuwe basis van wedersydse vertroue en samewerking te vind tussen ons en die regering. Hierdie begeerte het ons by die verteenwoordigers van die regering en die onderwysdepartement ook gevind, en ons verklaar graag hier dat ons by hulle oop gemoedere gevind het om die saak van ons kant te besien. Aan ons is die volle geleentheid gegee om ons hart uit te praat en ons erken graag dat hulle standpunt met billikheid gestel is. Dit was nie vir enige kant nodig om onaangenaamhede van die verlede weg te doesel nie, hoewel ons nie alles tot in

besonderhede.../

-113-

1). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Mei 1946, 3.
2). Ringsargief: Brief van die hoofopvoedingsbeampte, d.d. 22 Julie 1946.

besonderhede probeer uitpluis het nie. Trouens, ons het saamgestem dat sommige van die onaangenaamhede van die verlede berus het op misverstande, en dat nog meer gevolglik ontstaan het as gevolg van die hitte van die stryd" 1) . Behalwe die feit dat 'n nuwe basis van wedersydse vertroue en samewerking uit die stryd gebore is, is die stryd in nabetragting ook gesien as 'n bestiering van God: ,,Daar kom in hierdie Inrigting se lewe, net soos in elke mensekind s'n 'n periode wanneer ons Hemelkoning snoei, sodat sy skeppinge meer vrugte kan dra. Daisyfield is vandag, en alreeds die afgelope aantal jare lank onder die snoeimes van ons Heer. Gelukkig is sy probleme ook die probleme van ons Heer. Dit is ons troos, want ons weet dat Hy op sy tyd., weer die duisternis in lig sal verander" 2) , skryf ds. Botha in dankbare geloofsvertroue.

Na deeglike beraadslaging en verskeie welwillende onderhandelinge met die regering is uiteindelik tot 'n bevredigende ooreenkoms geraak. In hierdie onderhandelings het veral di. Louw en Botha 'n reuse-aandeel gehad. Na aanleiding van hierdie onderhandelings is 'n volledige Memorandum van Ooreenkoms tussen die Regering van Suid-Rhodesië enersyds en die Ring van Bulawayo andersyds opgestel. In twintig artikels word die toekomstige basis van samewerking duidelik omlyn ten einde alle moontlike misverstand uit te skakel. Die bepalings in die memorandum kom daarop neer dat die Pionierskool op Daisyfield voortaan 'n ondersteunde kerkkosskool onder beheer van die kerk en onderhewig sal wees aan die Onderwyswet van 1938 en aan alle latere wetgewing soos mag ontstaan 3). Deur so 'n bepaling is die soewereine beheer van die kerk oor die Inrigting gewaarborg in soverre dat dit slegs deur wetgewing aangetas kon word. Dit is onomwondegestipuleer dat die kerk volle beheer oor die opneem van leerlinge, aanstelling van onderwysers en die finansies en organisasie van die skool en koshuise sou hê 4) . Die regering sou die Inrigting finansieel op 'n vaste basis ondersteun, naamlik die salarisse van onderwysers op 'n skaal soos deur die Onderwysdepartement vir die regeringskole van die land bepaal, salarisse vir kommersiële, tegniese en huishoudkundige personeellede

tot..../

-114-

1). Olivier: <u>Die Ned. Geref. Kerk en die Onderwys in Rhodesië</u>, 389.
2). Ibid., 390.
3). Memorandum van Ooreenkoms (1948), art. 2.
4). Ibid., art. 3.

personeellede tot op £500 per jaar en tot £100 per jaar vir toerusting in hierdie departemente. Vir skoolboeke en ander skoolbenodighede sou die regering op dieselfde basis bydra as in die regeringskole plus 'n addisionele £50, waarvan nie minder as £20 vir medisyne en nie minder as £10 vir biblioteekboeke aangewend moes word. Die toelaes vir wees- en gekommitteerde kinders sou op dieselfde basis geskied as wat van tyd tot tyd van toepassing is vir ander soortgelyke inrigtings, terwyl losiesbeurse vir behoeftige kinders op dieselfde basis as in die regeringskoshuise oorweeg sal word [1]. Hierdie ondersteuning sou onderworpe wees aan die voorwaardes van die wet ten opsigte van bevredigende diens en organisasie van die skool. Dit beteken dat die regering die reg van inspeksie, goedkeuring van fooie en besteding van gelde voorbehou [2].

Wat die onderwysers betref, is dieselfde diensvoorwaardes en regulasies neergelê as vir die staatskole, dog hulle sou nie as staatsamptenare beskou word nie maar wel as amptenare van die kerk. Die toenmalige onderwysers is egter die vrye keuse gelaat om aan te bly in die kerkskool of om na ander regeringskole oorgeplaas te word [3].

Die medium van onderrig sou Engels wees, maar die kerk sou die reg hê om in die kindertuinklasse Afrikaans te gebruik tot tyd en wyl die kinders in staat is om Afrikaans te verstaan. Verder is 'n spesiale toegewing gemaak om Afrikaans as vak in alle klasse te doseer, met die voorbehoud dat nie meer tyd daaraan bestee sou word as die voorgeskrewe weeklikse tyd vir Engels nie [4].

Die regering sou ook 'n verteenwoordiger op die beherende liggaam van die skool hê, wat deur die regering benoem sal word in oorleg met die kerk [5]. Dit is ten slotte duidelik gestel dat die personeel van die Inrigting nie beskou word as staatsamptenare nie en geen publieke diens-regte sou hê nie [6].

Op 1 Mei 1948 het die memorandum, behoorlik onderteken deur albei partye [7], van krag geword, en hiermee is 'n nuwe mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Daisyfield-inrigting bereik.

2. Bestuur en Organisasie..../

-115-

1). Memorandum van Ooreenkoms (1948), art. 5.
2). Ibid., art. 15.
3). Ibid., artt. 7, 8, 9, 10.
4). Ibid., art. 11.
5). Ibid., art. 16.
6). Ibid., art. 19.
7). Ibid., art. 17; Ringsargief: Brief van die Ringskriba, d.d. 31 Des. 1947.

2.

## Bestuur en organisasie.

Met die oog op beter samewerking van al die gemeentes in Suid- en Noord-Rhodesië is die bestuur van die Daisyfield-inrigting nog meer verteenwoordigend gemaak deur die Direksie sodanig uit te brei dat elke gemeente daarop ook verteenwoordig sou wees. In 1942 het die Ring besluit dat die Direksie soos volg saamgestel sal word: a. Een verteenwoordiger uit elke gemeente, wat onderneem om die reiskoste van sy verteenwoordiger na die direksievergaderings self te dra. Die kerkraad van elke gemeente kies self sy verteenwoordiger op die Direksie met 'n secundus ingeval die primarius verhinder word om die vergaderings by te woon. b. Drie lede in die nabyheid van Daisyfield deur die Ring op sy gewone vergadering benoem. Die reiskoste van hierdie drie lede word deur die Direksie betaal. c. Die Direkteur en die Ringsverteenwoordiger op die Algemene Armesorgkommissie sou ex officio lede van die Direksie wees. Al die lede sou vir drie jaar gekies word, en die kworum vir 'n wettige vergadering is vasgestel op ses [1]. Die Direksie is ook as 'n gewone Ringskommissie erken [2].

Die behoefte is gevoel dat daar meer vrouelede op die bestuur van die Inrigting moes dien, en omdat die Rhodesiese Christelike Vrouevereniging (R.C.V.V.) 'n liggaam was wat besondere belangstelling in die Inrigting getoon het en ook daadwerklike steun verleen het, is gevoel dat hierdie liggaam ook op die Bestuur verteenwoordig moes wees [3]. Na hersiening van die grondreëls in 1946 is daar ook voorsiening gemaak vir so 'n verteenwoordiger op die Direksie, deur die Hoofbestuur van die R.C.V.V. gekies te word [4]. Op 14 November 1946 het die eerste verteenwoordiger van die R.C.V.V., mev. L. Pienaar, op die Direksie sitting geneem [5]. Die Onderwysdepartement het ook die wens uitgespreek om 'n verteenwoordiger op die Direksie te hê. Hierteen het die Direksie geen beswaar gehad nie, mits so 'n persoon die besprekings in Afrikaans kon volg en slegs die vergadering bywoon solank onderwyssake bespreek word. [6]. Ook die Ring het op dieself-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Apr. 1942, 280-283; 26 Apr. 1941, 234; Grondreëls (1946), art. 6.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 26 Apr., 1941, 235.
3). Notule van die Direksie, 22 en 23 Aug. 1944, 281; Notule van die Dagbestuur, 16 Okt. 1946, 112.
4). Grondreëls (1946), art. 6.
5). Notule van die Direksie, 14 Nov. 1946, 397.
6). Ibid., 14 Nov. 1945, 354; 15 Mei 1946, 380.

de voorwaardes toegegee dat die regering een of selfs twee verteenwoordigers kon benoem 1) . In die Memorandum van Ooreenkoms is ook voorsiening gemaak vir so 'n verteenwoordiger.

Teen 1948 was die Bestuur van die Inrigting dus soos volg saamgestel: Die Ring van Bulawayo het die Hoofbestuur of Beherende Liggaam van die Inrigting gevorm 2) . Die Direksie, nou bekend as die ,,Bestuur", het die besturende liggaam gevorm. Dit was 'n permanente kommissie van die Ring van Bulawayo, waarop elke gemeente in Suid- en Noord-Rhodesië verteenwoordiging gehad het deur 'n primarius- of secunduslid, deur die betrokke gemeentes self gekies; 'n verteenwoordiger van die R.C.V.V. deur laasgenoemde se Hoofbestuur benoem; twee lede wat in die nabyheid van die Inrigting woon deur die Ring benoem; 'n regeringsverteenwoordiger deur die regering in oorleg met die Bestuur benoem, en die Direkteur en Ringsverteenwoordiger op die Algemene Armesorgkommissie as ex officio lede 3) .

Die Bestuur was ten volle verantwoordelik teenoor die Ring vir alle lopende uitgawes van alle vertakkinge van die Inrigting en moes jaarliks 'n verslag indien asook 'n geouditeerde finansiële staat. Verder sou die Bestuur ook optree as skoolraad oor skoolaangeleenthede en hierin handel binne die perke van sy regte soos ooreengekom tussen die Ring of die Bestuur aan die een kant en die Onderwysdepartement van die regering van Suid-Rhodesië aan die anderkant 4) .

Met die uitbreiding van die Bestuur het hierdie liggaam te lomp geword om handelend op te tree in spoedeisende sake. Daarom is weer in die grondreëls voorsiening gemaak vir 'n Dagbestuur, bestaande uit die Direkteur en sodanige ander persone as wat die Bestuur mag nodig ag. Hierdie persone word vir 'n tydperk van twaalf maande deur die Bestuur gekies 5).

Om die organisasie en veelvuldige werksaamhede te vergemaklik het die Bestuur in 1945 besluit om weer die Komiteestelsel toe te pas 6), en voorlopig is 'n opvoedingskomitee, 'n finansiële komitee, 'n boerderykomitee, 'n koshuiskomitee en 'n boukomitee uit die geledere van die Bestuur saamgestel7). Met weinig verandering is die bestaande Diensooreenkoms, Huishoudelike.../

-117-

1). Notule van die Ring van Bulawayo, 24 Mei 1945, 427.
2). Grondreëls (1946) , art. 5.
3). Ibid., art. 6.
4). Ibid., art. 15.
5). Ibid., art. 9.
6). Notule van die Direksie, 7 en 8 Feb. 1945, 303.
7). Ibid., 23 Mei 1945, 326; 22 en 23 Aug. 1945, 335.

houdelike Reëls, Reëls vir diensdoende personeel en Kinderreëls gehandhaaf 1).

### 3.
### Groei en ontwikkeling.

a. Kinders.

Die krisisjare vanaf 1939 tot 1943 het geensins die getalle van die Inrigting ten nadele geaffekteer nie; inteendeel waar daar wel 'n daling in die getalle van die weeshuis was, was daar 'n stygende neiging in die getalle van die betalende kosgangers. Die getalle in die weeshuis het in hierdie tydperk gedaal van 12 na 80, terwyl die kosgangers toegeneem het van 104 tot 185. Op hierdie stadium moes die toelating van laasgenoemde weer beperk word omdat daar nie huisvesting was nie 2). Die daling van die weeshuisgetalle was te wyte aan die oorlogstoestande, toe die land oor die algemeen ekonomies florerend was, sodat daar geen werkloosheid was nie en min gevalle van verwaarlosing 3). Dit was 'n bemoedigende teken. In 1946 was daar slegs 38 nie-betalende kinders in die Inrigting, maar sedert 1943 het die getalle van die betalende kinders ook 'n onrusbarende dalende neiging getoon, sodat daar in 1946 slegs 126 van hulle was 4). Die redes vir hierdie daling is nie bekend nie, maar onder andere is die menings uitgespreek dat dit te wyte was aan die onsekere posisie van die prinsipaal, die voortdurende wisseling van die skoolpersoneel 5), die prosedure dat die kinders deur die predikante moes aanbeveel word vir opname 6), en die suggestie dat die regering die kinders doelbewus weggehou het van Daisyfield 7).

By die opname van kinders is die beleid steeds gehandhaaf dat sorgbehoewende kinders altyd die voorkeur moet geniet en dat daar, indien moontlik, plek vir sulke kinders gereserveer moet word 8).

Nadat dit geblyk het dat die koshuis vir betalende kinders teen 'n groot verlies werk, is die losiesfooie in 1944 opgeskuif na £8. 10. 0. per kind per termyn 9).

Die......../

-118-

1). Notule van die Direksie, 6 Feb. 1947, 420.
2). Vgl. Jaarverslae aan die Ring van Bulawayo, 1939 tot 1944
3). Notule van die Direksie, 22 en 23 Aug. 1944, 274.
4). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Mei 1946, 2.
5). Notule van die Direksie, 22 en 23 Aug. 1944, 274.
6). Ibid., 7 en 8 Feb. 1945, 302.
7). Ibid., 26 Jan. 1946, 367.
8). Ibid., 30 Apr. 1947, 427.
9). Ibid., 21 en 22 Junie 1944, 280.

Die volgende jaar het die posisie sodanig verbeter dat daar vir die eerste sewe maande 'n batige saldo van meer as £600 getoon is [1].

Die koshuiskinders het nog steeds 'n ondersteuningstoelae van die regering geniet op dieselfde basis as in die regeringskoshuise. In 1944 was daar 48 kinders wat sodanige toelaes ontvang het wat tot £23 per jaar bedra het. Van die 43 weeshuiskinders het 31 ondersteuningstoelaes ontvang. Van hierdie kinders is 23 deur die kerkrade gestuur en 20 deur die proefbeampte [2].

Die ongewenste skeiding tussen die weeshuiskinders en koshuiskinders het 'n netelige probleem gebly. In 1944 het die Bestuur die beginsel aanvaar om die koshuis en weeshuis saam te voeg en dan net 'n dogtershuis en 'n seunskoshuis te hê [3], dog dit was eers 'n jaar later dat die skeiding finaal uitgewis is toe die ou weeshuis omgeskep is in 'n dogterskoshuis waar al die dogters - 58 betalend en 20 nie-betalend gehuisves is, en die koshuis omgeskep is in 'n seunskoshuis vir al die seuns, van wie 50 betalend en 18 nie-betalend was [4].

Die beleid om kinders van ander gesindtes ook op te neem is steeds gehandhaaf, en uitdruklik is in die hersiene grondreëls bepaal dat geen blanke kind bloot op grond van nasionaliteit of geloof toegang tot die Inrigting geweier sal word nie. Alle kinders moes egter meedoen aan die gewone godsdiensverrigtinge in die Inrigting, maar kinders van ander gesindtes sou nie verplig word om lidmate van die N.G. Kerk te word nie [5].

b. Personeel.

Met die geleidelike uitbreiding van die werksaamhede in die Inrigting moes die personeel dikwels dienste verrig wat buite hulle bepaalde roetinewerk geval het. Aanvanklik het die Bestuur 'n gewone diensbonus van £4 per maand vir sulke dienste betaal. Aan die einde van die eerste termyn van 1947 is hierdie stelsel van ekstra vergoeding finaal afgeskaf en is die heersende beginsel van die Inrigting gehandhaaf, naamlik dat die personeel na Daisyfield gaan om te dien en dat, behalwe die gewone roetinewerk, hulle bereid moet wees om sodanige ander pligte in verband met die huishouding, sport..../



1). Notule van die Direksie, 22 en 23 Auf. 1944, 348.
2). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 4.
3). Notule van die Direksie, 22 en 23 Aug. 1944, 273.
4). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Mei 1946, 3.
5). Grondreëls (1946), art. 20.

sport, plaaswerk en so meer te behartig as wat nodig en redelik is om van elkeen afsonderlik te verwag. Met die oog hierop is die losiesgelde en die huishuur so laag moontlik gehou 1).

In 1940 is 'n addisionele pos van algemene assistent geskep en mnr. J.S. Schlebusch het as sodanig diens aanvaar 2), en in 1944 is nog 'n pos van snelskrif-tikster gevul deur mej. A. Naude 3). Ten einde die huishouding te vergemaklik is die huisvader- en huismoederstelsel in beide koshuise ingevoer, dit wil sê aan die hoof van elke koshuis is 'n getroude paar aangestel, wat moes toesig hou oor alle aangeleenthede van die koshuis: alle dienspligte sou onder hulle toesig geskied, hulle moes gereeld die kamers en werksaamhede in die koshuis inspekteer, en hulle moes die dissiplinêre verantwoordelikhede van die koshuis dra. Aanvanklik is hierdie taak in die weeshuis aan die Direkteur en sy eggenote opgedra, terwyl mnr. en mev. Davel die verantwoordelikhede in die koshuis vir betalende kinders aanvaar het 4).

Na byna nege jaar in diens van die Inrigting het ds. H. Botha sy bedanking as Direkteur in Januarie 1944 ingedien en 'n beroep na Gwelo aangeneem. Hy is eers in Januarie 1946 deur 'n ou bekende medewerker, ds. A.F. Louw Jnr., opgevolg. Intussen het mnr. P.J. Celliers en mnr. D.H. Davel onderskeidelik die groot verantwoordelikhede van Direkteur op onbaatsugtige wyse en sonder vergoeding waargeneem. 5).

c. Geboue.

In hierdie laaste jare is met uitsondering van die skool geen nuwe geboue opgerig nie. Die koshuis vir betalende kinders is wel uitgebrei 6), en 'n fonds is gestig vir 'n dogterskoshuis omdat die ou weeshuisgebou waarin die dogters gehuisves is, al baie ondoeltreffend was 7). Omdat die geboue al baie verouderd en ondoeltreffend was veral wat beligting en ventilasie betref 8), het die Direksie besluit dat drastiese stappe gedoen moet word om die Inrigting op gelyke standaard te bring en te hou met die beste regeringskoshuise en skole in die land 9). Hierdie voorneme is egter nooit verwesenlik ...../



1). Notule van die Dagbestuur, 11 Des. 1946, 131.
2). Notule van die Direksie, 22 Aug. 1940, 179.
3). Ibid., 21 en 22 Junie 1944, 255.
4). Ibid., 25 Jan. 1944, 249; Notule van die Dagbestuur, 27 en 28 Des. 1944, 23.
5). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Mei 1946, 1; Notule van die Ringskommissie, 24 Mei 1945, 430.
6). Notule van die Direksie, 20 Mei 1941, 192.
7). Ibid., 8 Junie 1942, 208; Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Apr. 1942, 281.
8). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 4.
9). Notule van die Direksie 22 en 23 Aug. 1944, 274.

wesenlik nie, omdat kort daarna besluit is om die Inrigting na Bothashof te verskuif. Tydens die verskuiwing is die bestaande geboue op Daisyfield gewaardeer teen nagenoeg £15,000, terwyl die slopingswaarde vasgestel is op £4,200 1) .

## 4.
## Finansies.

Die Daisyfield-inrigting het nie op een stadium na sy oorname deur die Sinode van die Vrystaatse kerk weer so 'n nypende tekort aan geld ondervind as wat voorheen voortdurend die geval was nie. Veral in die laaste jare op Daisyfield is die stoutste verwagtings dikwels oortref wat die ontvangs van geld betref. Die ekonomiese posisie van die Afrikaners in Rhodesië het as gevolg van die florerende na-oorlogsjare aansienlik verbeter. Bydraes uit Rhodesië het gevolglik ook nie agterweë gebly nie. In 1942 het die bydraes van £1,114 die van alle vorige jare oortref 2), en in die volgende jaar is die rekord opgeskuif na £2,047 3) . Maar ook uit die Unie het geld letterlik ingestroom. Hierdie instroming van geld was eintlik 'n gevolg van die noodroep op die tydstip toe die Inrigting noodgedwonge voor die keuse van 'n eie kerkskool te staan gekom het. Die eerste stap was om 'n deeglike organisasie vir die insameling van geld op te bou. Naas die kerkskoolfonds is ook 'n skulddelgingsfonds gestig ten einde die skuldelas van £2,550 te vereffen 4) . Presies 'n jaar na die oproep om geld en nog voordat enige kollektetoer onderneem is, het die balansstaat van die Inrigting 'n verbetering van £2,722 getoon 5) . Drie maande later kon £2,000 van die skuld vereffen word en £700 in Volkskas, Bloemfontein, belê word as Kerkskoolfonds. Naas die reedsgenoemde bydraes in 1942 en 1943 uit Rhodesië het daar byna £10,000 uit die Unie gekom 6) . In Junie 1944 is die balans van die skuld vereffen, die fonds in Volkskas is opgebou tot £3,000, en die lopende rekening in Standard Bank op Bulawayo het vir die eerste keer in die geskiedenis van die Inrigting 'n kredietbalans van £630 getoon 7).

Hierdie...../



1). Notule van die Direksie, 23 Aug. 1945; 350.
2). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, 23 Mrt. 1943, 2.
3). Notule van die Direksie, 25 Jan. 1944, 250.
4). Notule van die Ringskommissie, 8 Junie 1942, 303; 18 Aug. 1942, 305.
5). Notule van die Direksie, 23 Feb. 1942, 204; 8 Junie 1942, 206; 11 Aug. 1942, 211; 25 Nov. 1942, 216; 24 Feb. 1943, 224
6). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, 23 Mrt. 1943, 3.
6). Notule van die Direksie, 25 Jan. 1944, 251.
7). Ibid., 21 en 22 Junie 1944, 261.

Hierdie bydraes was nie net afkomstig van individuele persone en gemeentes nie maar ook van verskeie Afrikaanse verenigings en organisasies. Veral noemenswaardig in hierdie insamelingsveldtog is die ywer van mev. (prof.) C.M. van den Heever, wat in Transvaal die kollekteveldtog georganiseer het. Sy het die Afrikaanse nuusblaaie soos Die Transvaler, Die Vaderland en selfs blaaie in ander provinsies ingespan om geld in te samel. Teen die tyd dat die krisis vir die Inrigting verby was, was daar reeds meer as honderd kollektelyste van haar in omloop. Die berig in Die Kerkbode oor die veranderde houding van die Onderwysdepartement van Suid-Rhodesië teenoor die Inrigting het die entoesiasme enigsins laat verflou. Mev. Van den Heever het egter ingewillig dat die bedrag van ongeveer £550 wat deur haar gekollekteer is, vir 'n algemene opvoedingsfonds gebruik kon word [1]. Hierdie geld is belê in vaste eiendomme, en in 1945 was die Daisyfield-inrigting die eienaar van ses plase in die omgewing van Daisyfield [2].

Die finansiële posisie van die Inrigting was nou kerngesond, en dit was om hierdie rede dat dit wel vir die Bestuur van die Inrigting moontlik was om die groot onderneming van verskuiwing van die Inrigting na Bothashof teen 'n beraamde koste van ongeveer £100,000 aan te durf.

## 5. Onderwys.

### a. Probleme.

Die stryd met die owerhede waarin die Bestuur van Daisyfield gewikkel was, het eintlik gegaan om die behoud van die enigste twee oorblywende C.N.O.-beginsels in Rhodesië, naamlik die reg om sy eie onderwysers te benoem en die reg van die kerk om te waak oor die gees en rigting van die onderwys op Daisyfield. Dit was aan hierdie twee beginsels wat die kerk so vasberade gekleef het, en die wyse waarop hulle die stryd gestry het en die beginsels behou het, strek die stryders tot eer. Ook strek die wyse waarop hulle op die noodroep van Daisyfield gereageer het, die Afrikaners van Suid-Rhodesië en hulle volksgenote in die Unie tot eer. Die

Pionierskool..../

-122-

1). Notule van die Direksie, 18 Aug. 1943, 232; 25 Jan. 1944, 251.
2). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Mei 1946, 3.

Die Pionierskool op Daisyfield het die vuurproef deurstaan, en juis daarom is dit duidelik dat hy bestem is om van krag tot krag te groei in die beginsels waarvoor hy staan in diens van kerk en volk.

b. <u>Leerlinge</u>.

Afgesien van 'n periodieke daling van die getal leerlinge sedert 1943 was daar steeds 'n stygende neiging van die aantal betalende leerlinge, en weens beperkte huisvesting kon nooit in al die behoeftes voorsien word nie. Toe die Inrigting na Bothaskloof verskuif het, was daar reeds 'n lang waglys van aansoeke. Dit bevestig dat die Afrikanerouers van Rhodesië bewus geword het van die waarde van 'n opvoedingsinrigting soos Daisyfield vir hulle kinders.

Ondanks die veelvuldige probleme wat stremmend gewerk het op die onderwys, soos die groot aantal vertraagde leerlinge, die wisseling van personeel en die gespanne houding tussen die Inrigting en die Onderwysdepartement op een stadium, het die senior leerlinge van die skool deurgaans besonder goed gepresteer. Onderskeidings in die standerd8-eksamen het nie een enkele jaar ontbreek nie, en die paar keer wat standerd 9 aangedurf is, het al die leerlinge geslaag [1]. As in aanmerking geneem word dat daar so 'n groot persentasie vertraagde leerlinge in die skool was, verdien die prinsipaal met sy personeel besondere lof vir hierdie prestasies. In 1944 was daar byvoorbeeld van die 101 leerlinge in die primêre afdeling 88 wat tussen een en vyf jaar vertraag was [2]. Die blaam vir hierdie groot aantal vertraagde leerlinge kan geensins op die Daisyfieldse Pionierskool geplaas word nie. Dit moet eerder toegeskryf word aan die voortdurende verwisseling van skool deur die betrokke leerlinge: Sedert 1941 was daar 354 inskrywings op die toelatingsregister, waarvan in 1944 slegs 38 weeskinders nog in die skool was. In hierdie tydperk was die standerd 6-leerlinge van 26 verskillende skole afkomstig. Van die 46 nuwe inskrywings aan die begin van 1945 was 36 van ander skole afkomstig [3]. Baie van hierdie leerlinge het maar so vertraagd na Daisyfield gekom, en mnr. Davel was die mening toegedaan dat Daisyfield die laaste toevlugsoord was vir ouers wie se kinders nie in ander skole kon vorder nie. Hy was genoodsaak om tot die gevolgtrekking te

kom....../



1). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Mei 1943, 3; Notule van die Ring van Bulawayo, 3 Mei 1943, 348.
2). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 6.
3). Ibid., 7.

kom dat die meer gegoede en skrander Afrikaanse kind nie na Daisyfield gestuur word nie, vandaar die posisie dat daar so 'n groot persentasie leerlinge is wat nie geskik is vir die akademiese middelbare afdeling nie 1) . As oplossing vir hierdie probleem is by die regering op die volgende tegemoetkoming aangedring: Afrikaans moet vir Daisyfield die onderrigmedium wees vanaf die kindertuinklas tot en met standerd 5. Engels as tweede taal sou hier reeds geleidelik ingevoer word, en dit sou geleidelik Afrikaans as voertaal vervang, totdat aan die middelbare afdeling van die skool vyftig persent van die vakke deur Engels en vyftig persent deur Afrikaans as medium onderrig word 2).

Ten einde voorsiening te maak vir die onderrig van die vertraagde leerlinge het die Direksie besluit om 'n spesiale klas in te stel 3) .

Die dissipline in die skool het niks te wense oorgelaat nie en was gebaseer op die opvoedkundige beginsel van leiding eerder as dwang. Die kinders was deurgaans netjies in voorkoms, vriendelik en goedgemanierd 4).

c. Geboue.

Aan die begin van 1940 is 'n nuwe skoolgebou in gebruik geneem. Hoewel nog nie heeltemal voltooi nie het die gebou meer ruimte, doeltreffendheid en sierlikheid gebied. 'N Jaar tevore, toe die Ring van Bulawayo besluit het om, vanweë die onbillike eise van die Onderwysdepartement, nie die aanbod deur die regering van £3,000 vir dié doel gebruik te maak nie, het die Direksie hom nog bekommer oor geld vir die bou van 'n skool. Toe die skoolgebou, wat nagenoeg £3,000 gekos het, in gebruik geneem is, was daar geen skuld op nie. Die kollektetoer van wyle eerw. Botha het veral veel hiertoe bygedra 5). Die vraag het nou ontstaan of die tyd nie aangebreek het om die regering huur vir die gebruik van die skoolgebou te laat betaal nie, soos die geval met ander soortgelyke inrigtings was 6). Voortdurend is by die Departement aangedring op huur ten einde die Direksie te help met die instandhouding van die gebou, dog sonder sukses. In 1945 is besluit om die saak daar te laat met die oog op moontlike steun van die regering vir die bou van

'n ..../

-124-

1). Notule van die Direksie, 2 Mei 1945, 317; Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 7.
2). Notule van die Ring van Bulawayo, 28 Apr. 1942, 282.
3). Notule van die Direksie, 2 Mei 1945, 318; 23 Mei 1945, 328.
4). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 25.
5). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, 1941, 2.
6). Idem; Notule van die Direksie, 1 Des. 1943, 244; 21 en 22 Junie 1944, 255.

'n skool op Bothashof 1).

d. Onderwysers.

Vanaf die begin van 1940 het mej. A.C. van Huyssteen as agste onderwyser dienste op Daisyfield aanvaar 2), en die volgende jaar is mnr. J. Lemmer as negende onderwyser aangestel 3). Behalwe die nege lede van die skoolpersoneel was daar nog sewe personeellede vir tegniese vakke as gevolg van die daling in die aantal leerlinge is die skoolpersoneel mettertyd verminder tot sewe en die tegniese personeel tot slegs twee 4).

Die lojaliteit van sy personeel moet vir mnr. Davel 'n besondere bemoediging gewees het in die tyd toe die Departement hom nie as hoof van die skool wou aanvaar nie. Na aanleiding van die onbevredigende inspekteursrapport in 1941 het die personeel 'n skrywe aan die Direksie gerig waarin hulle heftig geprotesteer het teen die inspekteursrapport en terselfdertyd hulle waardering vir die werk en leiding van hulle prinsipaal uitgespreek het 5). Daar was nooit enige tekens van wrywing tussen die prinsipaal en sy personeel nie, en die uitmuntende eksamen resultate moet hoofsaaklik toegeskryf word aan hierdie gees van hartlike samewerking.

In 1944 het die Direksie as beleid neergelê dat die skool- en tegniese personeel onder toesig van die huisouers sover moontlik alle diens in en buite die koshuise moes waarneem. As vergoeding vir hierdie dienste sou hulle £48 per jaar ontvang 6). In agnemende die besondere taak van die onderwysers in 'n skool met so 'n groot persentasie vertraagde leerlinge, die veelvuldige buitemuurse aktiwiteite in verband met sport en verenigings, uitstappies en so meer is dit duidelik dat die onderwysers op Daisyfield 'n groot taak verrig het. Veral tydens die verskuiwing van die Inrigting na Bothashof was dit hierdie stille arbeiders wat baie ekstra verantwoordelikhede en pligte aanvaar het 7). Met die oorgang van die skool tot kerkskool het dit die onderwysers vrygestaan om dienste in die kerkskool voort te sit of om as regeringsamptenare aan te bly en as sodanig na ander regeringskole oorgeplaas te word 8). Vier van die ou personeellede het verkies

om....../

-125-

1). Notule van die Direksie, 7 en 8 Feb. 1945, 297.
2). Ibid., 24 Aug. 1939, 135.
3). Ibid., 24 Feb. 1941, 189.
4). Ibid., 6 en 7 Nov. 1944, 295; 7 en 8 Feb. 1945, 297; Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Mei 1946, 3.
5). Notule van die Direksie, 21 Aug. 1941, 196.
6). Ibid., 23 Jan. 1944, 232; 22 en 23 Aug. 1944, 272.
7). Vgl. Notule van die Dagbestuur, 6 Okt. 1948, 226.
8). Memorandum van Ooreenkoms, 1948, art. 8, 9, 10.

om oorgeplaas te word 1) . Die Direkteur het ook die skriftelike versekering van die onderwysdepartemente in die Unie verkry dat die diensjare van die onderwysers wat in diens van die kerkskool was en weer diens in die departemente aanvaar, erken sal word vir salarisdoeleindes 2) .

e. Tegniese onderwys.

Kenmerkend van die laaste jare op Daisyfield is die geleidelike verskuiwing van die klem op tegniese onderwys na meer akademiese onderwys om sodoende aan te pas by die Unieskole 3). Die aantal tegniese leerlinge het aanmerklik verminder, en die Departement het as beleid neergelê om geen steun te verleen aan 'n tegniese departement waar daar minder as agt leerlinge was nie 4) . Die gevolg is dat die tegniese departemente een na die ander gesluit het: die Smidswerkdepartement in 1941 5) , die Houtwerkdepartement in Januarie 1945 6) en die Huishoudkundedepartement in Mei 1945 7). Die vermindering van die getalle van die tegniese leerlinge is, wat die seuns betref, toegeskryf aan die groot tekort van arbeiders in Rhodesië. Die aantreklikheid om te verdien in plaas van verder skool te gaan, was te groot 8) .

Op aanbeveling van die skoolinspekteurs het die Onderwysdepartement vanaf die begin van 1939 ook sy steun aan die Kommersiële departement onttrek. Die Direksie het egter besluit om op eie koste voort te gaan met hierdie departement, en in 1941 is dit weer erken deur die Onderwysdepartement 9). Die kommersiële kursus het geleidelik uitgebrei, en in 1948 was dit die enigste tegniese rigting wat nog in stand gehou is naas die akademiese 10.,

f. Middelbare onderwys.

Dit was die klaarblyklike strewe van die prinsipaal van die skool om die akademiese kursus uit te brei tot die matrikulasie-eindeksamen, om sodoende aan te pas by die akademiese hoërskole van die Unie. In hierdie strewe is hy veral gekortwiek deur twee belangrike sake naamlik die feit dat daar

so......./

-126-

1). Bothashofargief: Lêr G. 21, re Skoolstatus.
2). Idem.
3). Notule van die Direksie, 22 Aug. 1940, 180.
4). Ibid., 6 Junie 1939, 161.
5). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Apr. 1942, 2.
6). Notule van die Direksie, 11 Okt. 1944, 286.
7). Ibid., 2 Mei 1945, 318.
8). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Apr. 1942, 3.
9). Notule van die Direksie, 8 Feb. 1939, 151; 6 Junie 1939, 158.
10). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 2.

so 'n groot persentasie vertraagde leerlinge was wat nie aangelê was vir so 'n akademiese kursus nie, en die beleid van die owerhede om 'n ,,moderne" onderwysstelsel op Daisyfield in te voer. Soos reeds gemeld is laasgenoemde struikelblok uit die weg geruim deur 'n kompromisooreenkoms, naamlik dat die skool sou oorskakel na 'n ,,moderne" skool met die voorbehoud dat 'n akademiese kursus ook aangebied kan word as daar voldoende leerlinge daarvoor is. Vanaf die begin van 1941 is die handelsdepartement oorgeplaas na die skool, sodat die skool nou tot standerd agt kon gaan en die kinders kon voorberei vir die Nasionale Junior Sertifikaat. Met hierdie sertifikaat kon die kinders ook 'n tweejarige matrikulasiekursus in die hoërskole van die Unie voltooi 1) . Die resultate was besonder goed, en in 1943 het die Onderwysdepartement toegestem dat met 'n standerd 9-klas voortgegaan kon word. Omdat daar nie voldoende leerlinge was nie, kon eers in 1945 met so 'n klas 'n begin gemaak word 2) .

## 6.
## Nasorg.

Vir die probleem van nasorg kon geen bepaalde algemene prosedure gevind word nie hoewel verskeie proefnemings aangewend is. Elke geval is min of meer op sy eie meriete behandel, en daar is wel genoegsaam sulke gevalle om te illustreer dat die probleem van nasorg werklik vir die Bestuur van die Inrigting 'n saak van erns was. Wanneer 'n sorgbehoewende kind van Daisyfield vertrek het, het die betrokke gemeentes waar so 'n kind hom sou vestig, daarvan kennis gekry ten einde so 'n kind by te staan in die stryd van die lewe 3) . Toe die R.C.V.V.-Hoofbestuur by die Direksie om hulp aanklop vir 'n reisende organiserende werkster vir hulle takke, wat onder andere ook nasorgwerk in verband met die Inrigting sou doen, was die Direksie dadelik bereid om finansiële steun te verleen

## 7.
## Verskuiwing na Bothashof.

Vir geruime tyd reeds is die tekortkominge van die Inrigtings as opvoedingsentrum op Daisyfield gevoel. Die skynbaar totale onmoontlikheid van die verskuiwing van die kerk se werksaamhede vanaf Daisyfield was vir baie van die verant-

woordelike.../



1). Jaarverslag aan die Ring van Bulawayo, Apr. 1941, 1.
2). Ibid., Mrt. 1943, 2; Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 2; Notule van die Direksie, 25 Nov. 1942, 220.
3). Notule van die Direksie, 6 Junie 1939, 159.
4). Ibid., 11 Nov. 1940, 184.

woordelike persone op Daisyfield in die verlede al 'n saak van droefheid [1]. Die faktore wat die wenslikheid van so 'n verskuiwing beïnvloed het, was dat water en soms die elektrisiteitsvoorsiening op Daisyfield steeds 'n probleem gebly het. Daarby was die grond van 'n baie swak gehalte, en die naaste dorp, dokter en toegeruste hospitaal was 34 myl daarvandaan. Maar dit was veral die opvoedkundige faktore wat swaar geweeg het: die kinders het, weens die afgesonderheid van Daisyfield en die afstand van ander dorpe, nie gereeld met kinders van ander skole in aanraking gekom nie. Daar was nie genoegsaam mededinging op enige gebied met kinders van ander skole nie, en personeellede het nie die voorregte geniet wat 'n dorp bied nie, met die gevolg dat daar 'n voortdurende nadelige verwisseling van onderwysers was [2]. Die geboue op Daisyfield was nou ook al verouderd beide in jare en in ontwerp en heeltemal ondoeltreffend. Hoewel dit nog gunstig vergelyk het met dié van ander regeringskole op die platteland, was dit swak in vergelyking met die moderne geboue van die stedelike skole. Dit was nou die beleid van die Onderwysdepartement om ook die plattelandse gebiede van moderne geboue te voorsien, en in daardie geval sou Daisyfield genoodsaak wees om minstens dieselfde te doen [3]. Die gesondheidsinspekteur het in 1945 skerp kritiek gelewer oor die geboue op Daisyfield [4], en dit was duidelik dat die Bestuur baie onkoste sou moes aangaan ten einde die geboue op te knap.

Die tyd vir verskuiwing was dus ryp toe mnr. D.M. f de Kock in 1944 namens homself en enkele van sy broers die plaas „Athena" aangebied het as skenking aan die Ring van Bulawayo op voorwaarde dat al die werksaamhede van Daisyfield daarheen verplaas moes word. Die aanbod was baie aanloklik: die plaas was 750 acre groot en agt myl uit Salisbury aan die Enkeldoorn-teerpad geleë, met moderne geriewe soos elektrisiteit, telefoonverbinding en volop water [5]. Tog is dit nie sonder meer aanvaar nie, maar met kenmerkende deeglikheid het die Direksie die saak weer baie ernstig oorweeg. Naas reedsgenoemde nadele is Daisyfield se voordele ook oorweeg. Dit was aan die spoorlyn by 'n halte geleë. Die streek was baie gesond, en dit was sentraal geleë tussen

Suid- ..../

-128-

1). H.B. „Daisyfield Verskuiwing", in Die Zambesi Ringsblad, Des. 1944, 1.
2). Olivier: Die N.G.Kerk en die Onderwys in Rhodesië, 391.
3). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 24; Notule van die Direksie, 6 en 7 Nov. 1944, 292.
4). Inspekteursrapport, 28 Mrt. 1945, 4.
5). Notule van die Direksie, 6 en 7 Nov. 1944, 291.

Suid- en Noord-Rhodesië, en daarby het die sentimentele aspek van die saak ook swaar geweeg. Ds. H. Botha, Oud-direkteur en seun van wyle eerw. Botha, het dit baie duidelik gestel dat die saak van verskuiwing vir hom baie gewigtig is, en as iemand beswaar teen die verskuiwing kon maak, dan was dit hy, maar ter wille van die toekoms van volk en kerk in Rhodesië was hy gewillig om hom te onderwerp aan die besluit van die Bestuur 1). Mnr. De Kock het die Bestuur ingelig oor sy oorwegings tot die skenking. Hy het gevoel dat die Afrikanervolk nie na behore op Daisyfield kon opbou en presteer nie. Hy wou geensins die werk wat reeds op Daisyfield gedoen is, verkleineer nie maar het slegs die welvaart van kerk en volk met sy aanbod beoog. Hy het eers na rype beraad tot die skenking oorgegaan. Hy het verskeie vooraanstaande kerk- en volksmanne, soos ds. P.J. Henaar, Armesorgsekretaris van die Vrystaatse Kerk, ds. Wm. Nicol van Pretoria, ds. G.D. Worst van Potchefstroom en andere, geraadpleeg, en almal was opgetoë oor die moontlikhede van verskuiwing van Daisyfield 2) Na besigtiging van die plaas ,,Athena" het die Direksie besluit dat dit nie 'n geskikte plek was nie omdat dit ongesond was, te ver van die stasie geleë, die grond was onvrugbaar en die verbeterings in 'n swak toestand 3).

Die wiel is egter reeds aan die rol gesit, en die entoesiasme gaande gemaak. Vervolgens het die Direksie twee ander plase, Aspendale Park en Willowmore by Lyttonstasie, ses myl suide van Salisbury, saam met 'n eiendomsagent besoek. Dié twee plase het aan al die vereistes voldoen en het in die smaak van die Direksie geval: daar was volop water, reeds 'n klein swembad, sterk boorgate, elektriese pomp en windpomp, 'n groot huis en baie bome. Dit was naby Salisbury met al die geleenthede vir onderwyser en kind wat die hoofstad bied. Verder was dit in 'n streek geleë met 'n hoë reënval, vrugbare grond en die meeste van die kinders op Daisyfield was ook uit hierdie deel afkomstig 4).

Die beginsel van verskuiwing is deur die Direksie goedgekeur, en die Ring is versoek om 'n spesiale Ringsvergadering te belê ten einde oor die kwessie van verskuiwing te besluit. Terselfdertyd is di. Louw en Botha afgevaardig om met die Minister van Onderwys samesprekings te hou oor die moontlike ..../



1). Notule van die Direksie, 6 en 7 Nov. 1944, 293.
2). Idem.
3). Idem.
4). Olivier: <u>Die Ned. Geref. Kerk en die Onderwys in Rhodesië</u>, 391.

moontlike verskuiwing van die Daisyfield-inrigting [1]. Van die Onderwys-departement is die skriftelike versekering verkry dat die Inrigting, indien dit verskuif word, dieselfde steun sou geniet as wat die geval op Daisyfield was [2]. Die Ringskommissie het ook die verskuiwing in beginsel goedgekeur en by die Ring aanbeveel [3]. Op die spesiale Ringsvergadering is die verskuiwing egter nie sonder teenstand goedgekeur nie. Hier is 'n petisie teen die verskuiwing hoofsaaklik uit die omgewing van Daisyfield afkomstig, ingedien [4].

Na deeglike en ernstige oorweging het ook die Ring dit eenparig goedgekeur [5]. In 'n gees van berusting en samewerking het die teenstanders die besluit aanvaar, en mnr. P.J. Celliers, oud-C.N.O.-onderwyser en jarelange steunpilaar van die Daisyfield-inrigting, wat ook teen die verskuiwing geprotesteer het, het sy volle steun beloof en was die eerste persoon om 'n donasie van £25 vir die verskuiwingsfonds te maak [6]. Die Ring het verder besluit om nie die plaas van mnr. D.M. de Kock te aanvaar nie maar om die plase Aspendale Park en Willowmore teen £18,000 aan te koop [7]. Die broers D.M. en S.A. de Kock het dadelik, in dieselfde gees as wat die aanbod van die plaas gemaak is, 'n bedrag van £5,000 vir die doel geskenk. Met behulp van 'n lening by die Kerkkantoor is genoemde twee plase op 9 Februarie 1945 gekoop en kontant betaal [8]. Na 'n menigte van voorstelle is besluit om die twee plase na die stigters van die Weeshuis te vernoem: Aspendale Park as Bothashof en Willowmore as Geldenhuys [9].

Die verskuiwing van die Daisyfield-inrigting was nou 'n voldonge feit, en die volgende drie jaar sou die Bestuur 'n buitengewoon besige program hê. Volgens beraming sau die geboue alleen op Bothashof tussen £80,000 en £100,000 kos [10], en die eerste stap was om alles in werking te stel om die nodige geld in te samel. 'n Verskuiwingsfonds is gestig, en 'n kollektetoerkomitee is saamgestel, wat 'n flinke organisasie in al die gemeentes van Suid- en Noord-Rhodesië en in die

vier..../



1). Notule van die Direksie, 6 en 7 Nov. 1944, 295.
2). Ibid., 7 en 8 Feb. 1945, 297.
3). Notule van die Ringskommissie, 4 Nov. 1944, 387.
4). Notule van die Ring van Bulawayo, 7 Des. 1944, 393.
5). Ibid., 392.
6). Ibid., 8 Des. 1944, 402.
7). Ibid., 7 Des. 1944, 394.
8). Notule van die Ringskommissie, 7 en 8 Feb. 1945, 404; 28 en 30 Mrt. 1945, 409.
9). Ibid., 7 en 8 Feb. 1945, 405.
10). Ibid., 406.

vier provinsies van die Unie opgebou het [1]. Nes in die krisisjare van die Inrigting het die Afrikaners van die Kaap tot aan die Sambezi op die roepstem geantwoord nadat die saak deeglik gepropageer is deur middel van 'n brosjure, die Afrikaanse tydskrifte in Rhodesië en in die Unie en verenigings soos die S.A.V.F., F.A.K. en S.A.O.U. [2]. Oral het vrywillige kollektante hulle dienste aangebied en ywerig en onbaatsugtig meegehelp. Geld het ingestroom, en die verskuiwingsfonds het van kerf tot kerf gestyg. Dit was bemoedigend om te sien hoe daar bygedra is, want as die lyste nagegaan word, is dit nie juis die somme wat gegee is wat opvallend is nie, maar wel die aantal mense [3]. Pas 'n jaar na die stigting van die verskuiwingsfonds het dit reeds die £100,000-kerf bereik [4]. Slegs enkele noemenswaardige groot bydraes het ingekom. Behalwe reedsgenoemde £5,000 deur die broers De Kock het mnr. W.H. Boshoff die volle opbrengs van 'n tabakstasie vir vyf jaar sedert 1 Julie 1945 geskenk [5], en uit Umtalie gemeente is tot op 27 Augustus 1946 reeds £7,000 gekollekteer [6].

Die Daisyfield-eiendomme is op die voordeligste wyse van die hand gesit, en tydens die verskuiwing in 1948 was reeds vyf van die ses plase verkoop; 'n groot aantal beeste is verkoop, die geboue is gesloop en die materiaal wat nie op Bothashof gebruik kon word nie, is ook van die hand gesit [7].

Nadat die plase by Lytton aangekoop is, is onverwyld 'n begin gemaak met die werksaamhede aldaar onder toesig van die Bothashofkomitee, bestaande uit mnr. T.G. Coetzee en dr. F.J. Minnaar [8]. Hulle moes volle beheer uitoefen en toesig hou oor die boerdery en algemene belange van die Inrigting aldaar. Die bouery is ook sonder versuim aangepak. Mnr. Wynand Louw van Paarl was die argitek [9], terwyl mnr. A.B. Mentz sy diens as bouheer aangebied het teen 'n salaris van 10% minder as wat hy by sy vorige werkgewers ontvang het [10]. 'n Boukomitee bestaande uit mnrr. D.M. de Kock, G.J.V. Hough, T.A. Coetzee, en....../



1). Vgl. Notule van die Direksie, 22 en 23 Aug. 1945, 348; 26 Jan. 1946, 365; 15 Mei 1946, 317; 27 Aug. 1946, 382; 14 Nov. 1946, 398; 6 Feb. 1947, 417; Notule van die Ringskommissie, 7 en 8 Feb. 1945, 405; 24 Mei 1945, 425 en 426; Notule van die Dagbestuur, 13 Apr. 1946, 88.
2). Notule van die Direksie, 27 Aug. 1946, 392.
3). J.T.K.: „Daisyfield", in Die Zambesi Ringsblad, Okt. 1947,
4). Notule van die Direksie, 22 en 23 Aug. 1945, 348.
5). Ibid., 7 en 8 Feb. 1945, 305; 22 en 23 Aug. 1945, 338.
6). Ibid., 27 Aug. 1946, 387.
7). Ibid., 7 en 8 Feb. 1945, 300; 2 Mei 1945, 313; 22 en 23 Aug. 1945, 338; Notule van die Dagbestuur, 12 Jan 1946, 75; 13 Apr. 1946, 87; Notule van die Ringskommissie, 24 Mei 1945, 430; 17 Sept. 1945, 439.
8). Notule van die Direksie, 7 en 8 Mei 1945, 311.
9). Notule van die Ringskommissie, 7 en 8 Feb. 1945, 407.
10). Notule van die Direksie, 2 Mei 1945, 312.

en F. Maritz, is benoem om die bouwerksaamhede te behartig [1]. Weens die vertraging met die uitreik van 'n boupermit kon die bouery eers in Januarie 1946 begin [2]. Die bouery het vinnig gevorder, en binne twee jaar kon die geboue, hoewel nog nie heeltemal voltooi nie, in gebruik geneem word. Die nuwe geboue op Bothashof is die trots van die Afrikaners in Rhodesië. Die eetsaal bied ruimte vir omtrent 400 kinders, en die netheid waarmee dit afgewerk is, maak dit een van die mooiste eetsale in die land. Die twee drieverdiepingkoshuise aan weerskante van die eetsaal bied slaapplek vir omtrent 300 kinders; hulle vertoon sierlik en statig en kan met die bestes in die land vergelyk word. Die ruim dubbelverdiepingskoolgebou, waarvoor die regering £5,000 bygedra het, verhoog die opvoedkundige waarde van Bothashof as opvoedingsentrum.

Die Direksie verdien alle lof vir die wyse waarop hulle die bouery voltooi het. Dit het soms moeilik gegaan om die noodsaaklike uitgawes te dek, en ten tye van die verskuiwing was die finansiële posisie van die Inrigting alles behalwe rooskleurig. By Sanlam was 'n bedrag van £6,000 verskuldig, die bankrekening op Bulawayo het 'n debetbalans van £2,000 getoon, terwyl daar rekeninge ten bedrae van ongeveer £4,000 onbetaald in die kantoor gelê het. Dit was die posisie op 'n tydstip toe die Spoorwegadministrasie 'n deposito van £1,200 geverg het vir vraggeld in verband met die verskuiwing. Die onmiddellike probleem is egter opgelos deur 'n oortrekking by Standard Bank ten bedrae van £15,000 teen 4½% rente per jaar en die transportaktes van Daisyfield en Geldenhuysplase as sekuriteit [3].

By wyse van 'n afskeidsplegtigheid is 'n kranslegging op Daisyfield in die kerkhof gehou, en dit was 'n sombere atmosfeer wat daar geheers het toe Daisyfield verlaat is; Daisyfield, wat jarelank die middelpunt en inspirasie van die Afrikanergemeenskap in Rhodesië was, waar grootse opheffingswerk onder die moeilikste omstandighede gedoen is. Teenswoordig is Daisyfield 'n toneel van verlatenheid. Orals sien 'n mens die fondamente en stukkende stene - al wat oor is van die afgebreekte geboue. Die ou dubbelverdiepingkoshuis wat op een of ander tyd kinders uit feitlik elke deel van Sentraal Afrika gehuisves het, staan darem nog, maar is omgeskep in 'n tabakskuur..../

-132-

1). Notule van die Direksie, 23 Mei 1945, 324.
2). Ibid., 22 en 23 Aug. 1945, 338; 26 Jan. 1946, 368.
3). Notule van die Dagbestuur, 25 Aug. 1948, 209.

tabakskuur. Die grond is intussen verkoop; die sowat elf morge grond waarop die kerkhof en kerk is, is uitgehou. Die mooi kerkie, wat Daisyfield die middelpunt van die omgewing gemaak het, staan nog, en hoewel dit nie meer so dikwels gebruik word as toe Daisyfield nog 'n leraar gehad het nie, staan dit as monument vir hulle wat die opheffing van die uitgeweke volksgenote 'n lewenstaak gemaak het.

## BIBLIOGRAFIE.


A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE.

a. Notules van:
1. die Dagbestuur van Daisyfield-inrigting;
2. die Direksie van Daisyfield-inrigting;
3. die Hoofbestuur van Daisyfield-inrigting
4. die Ring van Du Toitspan;
5. die Ring van Bulawayo;
6. die Ringskommissie van die Ring van Bulawayo.
7. die Afrikaanse Kultuurunie (A.K.U.R.);
8. die Genootskap van Afrikaners van Rhodes (G.A.R.);
9. die Rhodesiese Christelike Vrouevereniging (R.C.V.V.);
10. die Kerkraad van Bulawayo.

b. Inspekteursrapporte oor Daisyfieldskool.

c. Verhandelinge:
1. Hougaard, E.J.: A review of educational development in Rhodesia T.U.C., 1932.
2. Malan, L.T.: The development of European education in Rhodesia 1890-1937. U.C.T., 1938.
3. Olivier, S.P.: Recent educational adaptions in Southern Rhodesia. Univ. of S.A., 1938.
4. : Die Ned. Geref. Kerk en die Onderwys in Rhodesië: 'n Histories-kritiese studie. P.U.K., 1949.

d. Sinodale Aktes:
1. Acta Synodi van die N.G. Kerk van die Kaap Kolonie, 1910-1928.
2. Acta Synodi van die N.G. Kerk van die Oranje-Vrystaat, 1928-1948.

e. Ringsargief (Bulawayo: Korrespondensie en statistieke oor die Daisyfield-inrigting.

B. GEPUBLISEERDE BRONNE.

a. Verslae:
1. Verslae van die Opvoedingskommissies van die Ring van Bulawayo, 1928-1948.
2. Verslae van Ringsdeputasies na die Onderwysdepartement 1928-1948.
3. Verslae van die Algemene Armesorgkommissie (Kaap), 1916-1929.
4. Verslae van die Algemene Armesorgkommissie (O.V.S.), 1927-1945.
5. Report of the Education Commission (Rhodesia), 1916.
6. The Tate Report (Rhodesia), 1929.
7. The Fox Report (Rhodesia), 1936.
8. Select Committee on Education (Rhodesia), 1947.
9. Reports of the Director of Education (Rhodesia), 1910-1937.
10. Report of the Education Committee (Rhodesia 1938-1945.
11. Enkeldoorn and Schools Commission of Enquiry Report, 29th June, 1945.
12. Education Statistics (Rhodesia), 1947.

b. Brosjures:
1. Daisyfield Orphanage, 1910-1935.
2. C.R. Kotze: Rhodesië Een pijnbank voor onze Taal. Bulawayo, 1913.

c. Onderwyswette (Rhodesië).
1. Education act 1930.
2. Education act 1937.
3. Education act 1938.
4. Educational Ordinances, Southern Rhodesia, 1899-1936.

d. Tydskrifte:

1. Die Zambesi Ringsblad, 1924-1949.
2. Die (De) Kerkbode, 1910-1948.
3. Jaarboek van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, 1910-1

e. Boeke:

1. Blackwell, J.S.: A Brief History of European Education in Rhodesia. Argus, Bulawayo, 1919.
2. Greyling, P.F.: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Armsorg. Nas. Pers., Kaapstad, 1939.
3. Nepgen, C.: Die Sosiale gewete van die Afrikaanssprekende. Nas. Pers, Kaapstad, 1939.
4. Olivier, S.P.: Ons Kerk in Rhodesië 1895-1945. Paarl, K.P., 1946.